

HOOFSTUK 5

PRAKTIESE HANTERING

5.1 INLEIDING

Een van die doelstellings van hierdie studie is om die funksionering, hantering en toepassing van appèl met die oog op regsherstel in die GKSA krities te ondersoek¹. 'n Doelstelling wat daarby aansluit is om die belang van Skrifgefundeerde hantering van appèl met die oog op regsherstel, asook vermeende leemtes in hierdie verband vir die kerkreg van die GKSA uit te wys².

Om dié doelstellings te bereik, word:

- die appèlprosedure en -praktyk van die GKSA beskryf (5.2);
- appèlprosedures van enkele ander kerke nagegaan, ten einde die denke en doen van die GKSA insake appèl binne 'n breër konteks te plaas (5.3);
- die appèlprosedure en -praktyk van die GKSA aan die hand van die geformuleerde norme³ geëvalueer (5.4);
- bepaal watter, indien enige, leemtes daar in die hantering van appèl met die oog op regsherstel in die kerkregering van die GKSA is. Indien daar leemtes is, word voorstelle aan die hand gedoen waarvolgens die leemtes aangespreek en uit die weg geruim kan word (5.5).

5.2 TEORIE EN PRAKTYK VAN APPÈL MET DIE OOG OP REGSHERSTEL IN DIE GKSA

In die volgende paragrafe word eers 'n oorsigtelike uiteensetting van kerklike appèl en die kerkregtelike stand van sake tot en met 1859 in die algemeen gegee. Daarna volg 'n samevatting van relevante gegewens wat op die redaksie van Artikel 31 KO van die GKSA betrekking het. Daarmee saam word toepaslike kernmomente oor die ontwikkeling van die bestaande appèlprosedure weergegee. Die GKSA se hantering van kerklike appèl word onder die loep geneem deur uitsprake van verskeie nasionale sinodes oor appèlsake na te gaan.

5.2.1 Kerklike appèl en die kerkregtelike stand van sake, 1652 tot 1859

Die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis vanaf 1652 tot 1859 kan in drie tydvakke onderskei word⁴. In die jare 1652 tot 1795, vanaf die koms van Jan van Riebeeck tot die eerste Britse

¹ Sien hoofstuk 1.4.1, navorsingsdoelstelling 4

² Sien hoofstuk 1.4.1, navorsingsdoelstelling 5

³ Sien hoofstuk 4.6

bewind oorname, was die kerk onder beheer van die Oos-Indiese Kompanjie. In die daaropvolgende jare, 1795 tot 1843, het die plaaslike owerhede in die Kaap direkte toesig en beheer oor die kerke uitgeoefen. Vanaf 1843 tot 1859 het die kerke in Suid-Afrika op 'n kruispad gekom. Die Groot Trek het 'n groot invloed op die verloop van die kerkgeskiedenis in Suid-Afrika gehad.

Oor elkeen van die onderskeie tydvakke word enkele opmerkings gemaak sodat vasgestel kan word hoe kerklike appèl gedurende die eerste twee eeue na die volksplanting deur die Suid-Afrikaanse kerke beskou en hanteer is.

5.2.1.1 Eerste periode: Die kerk onder beheer van die Oos-Indiese Kompanjie (1652-1795)

Kerkstigting en -ordening in die Kaap

Saam met die stigting van 'n halfwegstasie aan die Kaap is ook die Gereformeerde godsdiens in Suid-Afrika gevestig⁵. Die belangrikste kerkboeke wat in gebruik was, was die Statebybel met sy Gereformeerde verklarende aantekeninge, die Psalmboek met die Gereformeerde belydenisskrifte en enkele liturgiese formuliere wat tydens die Sinode van Dordrecht 1618/19 in Nederland vasgestel is⁶.

Wat die ordening van die kerklike lewe en die eerste gemeentes⁷ betref, is dit duidelik dat die Nederlandse patroon van kerkregering sover moontlik nagevolg is⁸. Met inagneming van die Politieke Raad en die Here XVII, wat hulle patronaatsreg ten volle uitgeoefen het, is die kerke regeer⁹.

Oor die vraag *watter* kerkorde in die vroeë Kaapse kerk van krag was, bestaan daar uiteenlopende menings.

- Kleynhans¹⁰ en Van der Watt¹¹ toon met verwysing na 'n brief van ds JG d'Ailly, predikant van die Kaapse gemeente in die vroeë agtiende eeu, asook op grond van duidelik aanwysbare historiese insidente, aan dat die Dordtse Kerkorde van 1618/19 die 'vigerende

⁴ Meijer, 1995:146

⁵ Krüger, 1957:26, 38

⁶ d'Assonville, 1992:198

⁷ Die eerste gemeentes was Kaapstad - 1665, Stellenbosch - 1689, Drakenstein - 1691, Roodezand - 1743, Zwartland - 1744, Graaff-Reinet - 1792, Swellendam - 1794 (Van Broekhuizen, 1922:11; Pont, 1991:150; d'Assonville, 1992:200-201).

⁸ Odendaal, 1957:32

⁹ Pont, 1991:152

¹⁰ Kleynhans, 1973:17; 1982:30

¹¹ Van der Watt, 1976:9, 42-43

kerkorde' in die Kaapse kerke was. In sy proefskrif oor die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse kerk onder die Kompanjie kom Vorster¹² tot dieselfde slotsom. Du Plessis¹³ verwys na die eerste gemeente in die Kaap as 'n 'Gereformeerde Kerk of Gemeente van die Kaap onder die geldende Kerkorde van Dordrecht 1618-19'.

- Jooste¹⁴ stel dat 'die grondslae waarop die kerklike lewe aan die Kaap gereël is, sodanig was dat ons dit Gereformeerde kan noem in die sin van die Sinode van Dordrecht (1618/19)'.
- Krüger¹⁵ oordeel dat die Politieke Raad officieel nooit enige kerkorde aan die Kaap afgekondig het nie. Die kerke het volgens Krüger moontlik óf die Dordtse Kerkorde óf die Kerkorde van Batavia as 'handleiding gebruik sover dit moontlik was vir toestande aan die Kaap'.
- Spoelstra¹⁶ deel Krüger se mening. Hy stel dit as 'n feit dat daar aan die Kaap geen kerkorde gegeld het nie. Volgens Spoelstra maak dit die Kaapse kerke voor 1804 nie vorm- of ordeloos nie, aangesien binding aan en beleving van die Gereformeerde belydenis die inrigting van die kerklike lewe bepaal het.
- Engelbrecht¹⁷ is van oortuiging dat die Dordtse Kerkorde in die dae van die Oos-Indiese Kompanjie 'glad nie van krag was nie'. Hy motiveer nie sy oortuiging nie.

Alhoewel dit uit die verskillende standpunte blyk dat daar nie met sekerheid gesê kan word of die Dordtse Kerkorde van 1618/19 in die Kaapse kerke geldend was nie, kan aanvaar word dat die kerklike lewe wel op 'n Gereformeerde wyse ingerig is. Die meeste geskiedskrywers is dit eens dat die beginsels vir die kerkregering, soos wat dit in die Gereformeerde belydenis verwoord is, in die kerklike lewe toegepas is.

Kerklike belemmeringe

Nieteenstaande die pogings om die Gereformeerde kerkregeringbeginsels in die kerklike lewe aan die Kaap toe te pas, was daar van meet af aan twee liggamme wat die ontwikkeling van die kerke gestrem het¹⁸. Parallel met die gebeure in Nederland gedurende die sewentiende eeu, het die Kaapse kerke onder owerheidsinmenging gebuk gegaan¹⁹. Bowendien het Klassis Amsterdam die selfstandigheid van die kerke in die Kaap aangetas.

¹² Vorster, 1956:136

¹³ Du Plessis, 1925:133

¹⁴ Jooste, 1958:13

¹⁵ Krüger, 1957:34. Hierin volg Krüger die gedagtegang van Jooste (1946:56-58).

¹⁶ Spoelstra, 1984:54

¹⁷ Engelbrecht, 1936:9

¹⁸ d'Assonville, 1992:199

¹⁹ Vorster, 1956:21

Klassis Amsterdam

Klassis Amsterdam het aanvanklik volgens Artikel 39 van die Dordtse Kerkorde²⁰ die Gereformeerdes aan die Kaap as verspreidwonendes beskou en bearbei²¹. Toe daar in die Kaap selfstandige, plaaslike kerke gestig is, het die klassis voortgegaan om sake vanuit Nederland te reël en daarteen gewaak dat die gemeentes aan die Kaap niks meer sal wees as 'n uitbreiding van die kerk in die vaderland nie²². In effek is die selfstandigheid van die plaaslike kerk misken. Een van die grondreëls van die Gereformeerde kerkregering word tersyde gestel, met die gevolg dat die kerklike lewe nie behoorlik ontwikkel het nie²³. Die kerke kon nie in 'n meerdere vergadering, soos die Gereformeerde kerke dit ken, byeenkom nie. Klassis Amsterdam het dit uitdruklik verbied²⁴. Om enigsins in die behoefte aan gemeenskaplike beraadslaging te voorsien, het naburige kerke soms as 'n soort 'groot kerkraad' bymeekaar gekom. Eers in 1746 is die eerste 'Gekombineerde Kerkvergadering' gehou²⁵. Van Broekhuizen²⁶ oordeel dat die invloed van die Gekombineerde Vergadering nie verreikend was nie, 'omdat hulle geen besluit kon neem sonder goedkeuring van die regering nie; verder het die meeste gemeentes en kerkrade met hulle vreeslike uitgestrektheid, hulle eie pad moes veg'. In 1759 het die owerheid met die Gekombineerde Kerkvergadering weggedoen.

Owerheidsinmenging

Bo en behalwe die inspraak van Klassis Amsterdam het die owerheid tot en met 1795 direkte toesig oor die kerklike lewe gehou en is die kerk as 'n departement van die staat beskou²⁷. 'n Verteenwoordiger van die regering (die Politieke Raad) moes elke kerkraadsvergadering bywoon²⁸. Die owerheid het die laaste seggenskap wat betref die verkiesing van kerkraadslede, besteding van gelde, stigting van nuwe gemeentes en beroeping van predikante gehad. Die burgerlike regering het homself die reg toegeëien om besluite van die kerke eers goed te keur alvorens dit uitgevoer word²⁹.

Die Politieke Raad het hom direk met kerklike regspraak bemoei. Die Croeser-saak is hiervan 'n sprekende voorbeeld³⁰. Ds Croeser en die ouderlinge van Swartland het 'n jong suster in die

²⁰ Sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 39 KO.

²¹ Jooste, 1946:41-46

²² Pont, 1991:157

²³ d'Assonville, 1992:199

²⁴ Pont, 1991:157

²⁵ Jooste, 1946:61-66; Pont, 1991:157

²⁶ Van Broekhuizen, 1922:110

²⁷ Jooste, 1946:69-70; d'Assonville, 1992:199

²⁸ Van Broekhuizen, 1922:25; Pont, 1991:153

²⁹ d'Assonville, 1992:199

³⁰ Spoelstra, 1907:294-298; Jooste, 1946:71-72

gemeente gesensureer en weens meined van die gemeente afgesny. Sy het na die Politieke Raad geappelleer. Die Raad van Justisie, wat die saak behandel het, het geoordeel dat die predikant en ouderlinge op 'n ongefundeerde wyse ten onregte met die suster te werk gegaan het. Die Politieke Raad het nie alleen die sensuur oor die suster opgehef nie, maar ook aan die kerkraad van Kaapstad opdrag gegee om ds Croeser en die betrokke ouderlinge van Swartland skerp te vermaan. Die kerkraad van Kaapstad het geen bevoegdheid gehad om die saak self te ondersoek 'in hoeverre die censure wettig of onwettig was' nie; hulle moes slegs die 'vonnis' van die Politieke Raad uitvoer³¹. Die staat het eiemagtig in 'n suiwer kerkregtelike aangeleentheid ingegryp³². Die kerkraad van Kaapstad was hiermee ontevrede. In 'n brief wat hulle op 18 Februarie 1762 aan Klassis Amsterdam gerig het, verwoord hulle hul ongelukkigheid: 'het minste verschil dat er mogt ontstaan, tusschen eenen kerkenraad en een of meerdere leden der gemeente, zoude de zaak terstond voor den politieken regter moeten komen, vermids er nu geene kerkelijke vierschaar is, die over dergelijke zaaken kan oordelen; en wat nadelige gevolgen hieruit nog verder zouden kunnen voortspruiten is gemakkelijk te voorzien'³³.

Slotsom

Bovermelde gegewens dui daarop dat die Kaapse kerke in die jare 1652 tot 1795 op papier volgens die beginsels van die Gereformeerde kerkreg, soos dit in die Gereformeerde belydenisskrifte en in die Dordtse Kerkorde verwoord is, ingerig en regeer is³⁴. Die praktyk van kerkregering was egter ooglopend heel anders.

In teenstelling met die Gereformeerde belydenis³⁵ en die Dordtse Kerkorde³⁶ het Klassis Amsterdam en die Politieke Raad die regering van die kerke uit die hande van die kerkrade geneem. Gevolglik het die Kaapse kerke onder onregmatige inmenging van die klassis in die regering van die plaaslike kerke asook onregmatige indringing van die owerheid in kerklike sake gebuk gegaan.

³¹ Spoelstra, 1906:297

³² Vorster, 1956:132

³³ Spoelstra, 1906:296-299

³⁴ Vorster, 1956:134; vergelyk ook Spoelstra, 1906:54

³⁵ In besonder artikels 27 tot 32 NGB oor die plaaslike kerk en artikel 36 NGB oor die onderskeie take van die owerheid en die kerk.

³⁶ Onder andere Artikels 29 tot 52 oor die take van die verskillende kerklike vergaderings (sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikels 29 en 52).

5.2.1.2 Tweede periode: Die kerk onder regstreekse staatsbestuur (1795-1843)

Periode 1795 tot 1804

In 1795 is die Kaap deur Engeland in besit geneem. Hierdie verowering het vir die kerklike lewe geen grootskaalse veranderings tot gevolg gehad nie, behalwe dat die band met Klassis Amsterdam verbreek is³⁷.

Die Franse rewolusie van 1789 het ingrypende gevolge vir die kerklike lewe aan die Kaap ingehou. Die rewolusie-slagspreuk van 'vryheid, gelykheid en broederskap', wat die kerklike lewe in Europa drasties beïnvloed het, het ook na die Kaap oorgewaa. Onder hierdie leuse mag een kerk nie bo 'n ander bevoorreg word nie en alle mense moet gelyke regte hê³⁸.

Met die Vrede van Amiens in 1802 word die Kaap aan Nederland teruggegee. Omdat die Oos-Indiese Kompanjie reeds opgehou het om te bestaan, val die Kaap direk onder die regering van die Bataafse Republiek³⁹. Goewerneur Janssens en kommissaris-generaal De Mist word uit Nederland na die Kaap gestuur om sake in orde te bring. Deurdring van die filosofie van die Franse rewolusie het De Mist begin om die staatsbestel aan die Kaap te reorganiseer⁴⁰. Ook die kerk, wat nog altyd as 'n departement van die staat beskou en hanteer is, word deel van De Mist se reorganisasie-plan⁴¹.

Nadat De Mist homself op hoogte gebring het van die wyse waarop die kerklike lewe in die Kaap tot 1804 ingerig is, het hy 'n kerkorde opgestel wat op 25 Julie 1804 in werking gestel is⁴². Die orde bestaan uit 52 artikels; dit verskil fundamenteel en radikaal van die Dordtse Kerkorde⁴³.

De Mist se kerkorde maak nêrens van kerklike appèl melding nie. Artikels 50 tot 52 gee egter duidelik te kenne dat alle sake waarvoor onenigheid sou kon bestaan, deur die Politieke Raad, en – indien nodig – deur die Goewerneur besleg word⁴⁴. Geen besluite of uitsprake word sonder bewilliging en goedkeuring van die staat geneem nie. Kerklike sake, kerklike regspraak ingesluit, word op 'n nie-kerklike wyse hanteer.

³⁷ Krüger, 1957:38

³⁸ Krüger, 1957:38

³⁹ Van Broekhuizen, 1922:141

⁴⁰ Du Plessis, 1925:133; Krüger, 1957:38-39

⁴¹ Krüger, 1957:40

⁴² Van Broekhuizen, 1922:143

⁴³ d'Assonville, 1992:202

⁴⁴ Pont, 1991:189

Periode 1804 tot 1824

Op 8 Januarie 1806 het Engeland die Kaap weer in besit geneem⁴⁵. Ten opsigte van die kerklike lewe het die Engelse voorlopig geen veranderinge aangebring nie. Die kerkorde van De Mist is kragtens Artikel 8 van die *Akte van Kapitulاسie* onveranderd deur die Engelse oorgeneem⁴⁶.

Nieteenstaande die handhawing van die *status quo* met betrekking tot die vorm van kerkregering, was die Engelse bewindhebbers daarop uit om die kerke, soos die res van die samelewing in die Kaap, te verengels⁴⁷. Engelse en Skotse predikante is ingevoer om in die Hollandse gemeentes te dien⁴⁸. Politieke kommissarisse sou voortaan oor die Engelse belange in die kerk moes waak. Staatsgesag in en oor die kerk word verskerp.

Die Skotse predikante het sterk teen die onbegrensde owerheidsinmenging in die kerklike lewe kapsie gemaak. Vanaf hulle aankoms in die Kaap het hulle daarop aangedring dat die artikels in De Mist se kerkorde wat vir 'n algemene vergadering of sinode voorsiening maak, toegepas moes word⁴⁹. In 1824 word aan hulle eise voldoen. Afgevaardigdes uit twaalf van die veertien kerke in die Kaap vergader tesame⁵⁰. Dit was die eerste amptelike Algemene Kerkvergadering in Suid-Afrika⁵¹.

Hierdie eerste sinode het die kerkorde van De Mist as grondwet van die Kaapse kerk aanvaar⁵². Aanvullend tot De Mist se kerkorde is 'n *Algemeen reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika* opgestel⁵³.

Artikel 11 van die Reglement bepaal: 'De Algemeene Kerk Vergadering niet kunnende beslissen, in het laatste resort: de zaken, door mindere Kerkbesturen behandeld, en in cas van appèl voor dezelfde gebragt, neemt haar laatste recours tot het alhier bestaande Gouvernement'⁵⁴.

⁴⁵ Krüger, 1957:44; d'Assonville, 1992:203

⁴⁶ Dreyer, 1936:75; Krüger, 1957:44; Odendaal, 1957:83

⁴⁷ Dreyer, 1936:368-369; Krüger, 1957:44; d'Assonville, 1992:203

⁴⁸ Krüger, 1957:46-49; d'Assonville, 1992:204

⁴⁹ Dreyer, 1936:176

⁵⁰ Odendaal, 1957:97

⁵¹ Krüger, 1957:52; d'Assonville, 1992:207

⁵² Dreyer, 1936:208; Odendaal, 1957:100

⁵³ Dreyer, 1936:215; Odendaal, 1957:100

⁵⁴ Dreyer, 1936:216

Artikels 83 tot 90 het betrekking op die behandeling van kerklike geskille⁵⁵. Geskille wat tussen gemeentedele ontstaan, moet deur die kerkraad besleg word (artikel 83). Die kerkraad is verplig om beide partye in die geskil aan te hoor (artikel 86). Die kerkraad moet sover moontlik poog om tot 'n 'minnelyk vergelyk' te kom (artikel 88). Indien 'n saak nie in der minne geskik kan word nie, moet dit na die Ringsbestuur verwys word (artikel 90).

In artikels 91 tot 137 word breedvoerig uiteengesit hoe die meerdere kerklike vergaderinge met die appèlle te werk moet gaan⁵⁶. 'n Lidmaat wat deur sy kerkraad bestraf of gesensureer word, 'en zich deswegens bezwaard achtende, zal zich mogen beroepen op het Ringsbestuur, waaronder de Kerkenraad behoort' (artikel 91). Appèlle moet binne 14 dae skriftelik ingedien word, en 'n woordelike aanhaling van die besluit waarteen beswaar gemaak word, bevat (artikel 92). Die kerkraad, teen wie se besluit geappelleer word, moet van die appèl in kennis gestel word (artikel 92). Appèlgronde met die nodige bewyse moet duidelik aangetoon word (artikel 94). Die voorsitter van die Ringsbestuur, wat die appèl ontvang, stuur die appèl so spoedig as moontlik na alle lede van die bestuur, sodat elke lid geleentheid kry om homself vir die uitspraak tydens die Ringsbestuursvergadering voor te berei (artikel 96). Indien die Ringsbestuur oor punte van belang 'nadere ophelderingen mogt verlangen', kan die betrokkenes versoek word om sodanige vrae binne 'n vasgestelde tyd te beantwoord (artikel 97). Die Ringsbestuur het die reg om, voordat uitspraak gelewer word, die partye te 'citeeren en te hooren' (artikel 105). Indien 'n appellant nie noukeurig by die vasgestelde tydskedule hou nie, verbeur hy die reg tot appèl (artikels 93, 101 en 103). Die Ringsbestuur kan 'n kommissie uit sy midde aanwys om 'n uitspraak oor die appèl te doen, of om 'n aanbeveling aan die Ringsbestuur te maak (artikel 122). Indien iemand 'zich door eenige uitspraak van het Ringsbestuur bezwaard vindt, van hetwelk hy naar de wet kan appelleren op de algemene Kerkvergadering, zal hy, zulks verkiezende, binnen vier weken, van dit zyn appèl moeten kennis geven aan den President van het Ringsbestuur by Memorie, en aan zyne Party by *Insinuatie*' (artikel 125). Die Ringsbestuur moet dan alle stukke wat hy hanteer het, sowel as die besluit wat geneem is, aan die Algemene Kerkvergadering beskikbaar stel (artikel 126). Dit staan die twistende partye vry om 'n 'nadere Memorie' aan die Algemene Kerkvergadering voor te lê (artikel 128). 'Op de aldus ingekomen stukken, zal de algemeene Kerkvergadering, het zy ter bevestiging of tot reforme van gedane uitspraken, derzelve besluiten nemen, na daarop het schriftelyk rapport eener Kommissie te hebben gehoord' (artikel 129). 'Op het rapport der Kommissie doet de algemeene Kerkvergadering uitspraak, of dezelve besluit om zelve vooraf partyen en getuigen te hooren' (artikel 134). Indien iemand verkies om by die goewerneur revisie van 'n uitspraak van 'n Algemene Kerkvergadering aan te vra, staan die weg vir hom daartoe oop (vergelyk artikel 11), met die verstandhouding dat – indien die

⁵⁵ Dreyer, 1936:229-230

⁵⁶ Dreyer, 1936:230-237

aansoek om revisie misluk – die klaer vir die koste voortspruitend uit die ondersoek verantwoordelik gehou kan word (artikels 135 en 136; vergelyk ook artikel 66).

Potgieter⁵⁷ laat hom soos volg oor die 1824-reglement uit: ‘... dit was eenvoudig ’n onbegonne taak om ’n reglement op die basis van die Dordtse Kerkorde op te stel en tog die kerkorde van De Mist as grondreël te handhaaf. Derhalwe het hulle die reglement van 1816, wat veel beter aansluit by die kerkorde van De Mist, formeel as ontwerp aanvaar, maar toe tog – en dit is die merkwaardige – hierdie reglement soveel moontlik en volgens hulle insigte materieel gewysig ooreenkomstig die Dordtse Kerkorde’. Odendaal⁵⁸ deel dié mening: ‘die sinode van 1824 het soveel moontlik probeer om die gees van Dordt daarin te laat leef’. Die Hervormde teoloog SP Engelbrecht⁵⁹ spreek ’n gunstige oordeel oor die reglement uit as hy sê: ‘Dit vorm vandag nog die grondslag van die verskillende Suid-Afrikaanse Kerke, behalwe van die Gereformeerde Kerk. Die kerk-ontbindende beginsel van die outonomie van die plaaslike gemeente is in hierdie reglement nie gehuldig nie’.

Nieteenstaande enkele verskille in bewoording en terminologie is die ooreenkomste tussen die nuut aanvaarde reglement en die Algemene Reglement wat koning Willem I in Nederland goedgekeur het, ooglopend. Die behandeling en afhandeling van kerklike geskille is in die hande van hoër kerklike besture gelaat. Onder bepaalde omstandighede kon ’n kommissie van ’n hoër bestuur ’n appèl saak afhandel. Die feit dat die owerheid as laaste instansie van appèl kon dien, bevestig die kerk se staatsafhanklikheid.

Alles in ag genome is dit duidelik dat die Kaapse kerk officieel afstand van die ou Gereformeerde kerkregtelike tradisie gedoen het, waarin op grond van die Skrif en die belydenis uitgegaan word van die selfstandigheid van die plaaslike kerk en die bevoegdheid van meerdere kerklike vergaderinge om kerklike appèlle te behandel en uitspraak daarvoor te lewer⁶⁰. In navolging van die kerkordenende denke in Nederland ná 1816 is die presbiteriale beginsel van kerkregering in Suid-Afrika met ’n kollegialistiese kerkregeringstelsel vervang⁶¹. Selfs die Nederduits Gereformeerde geskiedskrywer PB Van der Watt⁶² oordeel dat die Algemene Reglement van 1824 ’n ‘belemmering’ vir die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was, omdat die Dordtse Kerkorde nie as basis daarvoor gebruik is nie.

⁵⁷ Potgieter, 1952:74

⁵⁸ Odendaal, 1957:103

⁵⁹ Engelbrecht, 1936:11-12

⁶⁰ Krüger, 1957:55; d’Assonville, 1992:207

⁶¹ Pont, 1991:264

⁶² Van der Watt, 1980:38-50

Periode 1824 tot 1843

Sedert 1824 het die Kaapse kerke gereeld in sinodes byeengekom⁶³. Die Skotse predikante was steeds nie met die aanhoudende inmenging van die owerheid in kerklike sake gediend nie. Tydens sinodes het ernstige konflik tussen predikante en politieke kommissarisse ontstaan, veral in gevalle waar die goewerneur inmeng met die uitsprake in appèlsake wat deur die kerklike vergadering gelewer word⁶⁴. Om 'n einde aan die wrywing te maak, het die goewerneur gevra dat die sinode 'n kerkwet moet help opstel waardeur die kerk in die toekoms sonder inmenging van die goewerneur sy sake kon bestuur. In 1842 het die sinode 'n kerkwet voorberei wat deur goewerneur George Napier aanvaar en in Ordonnansie 7 van 1843 afgekondig is. Hierin het die owerhede aan die kerk die reg toegeken om sonder bekragting van die regering wette te maak. Sinodes sou voortaan ook sonder die teenwoordigheid van politieke kommissarisse kon vergader⁶⁵.

Artikels 147 tot 196 van die 1842-kerkwet handel oor appèl. Dit stem tot 'n groot mate ooreen met die reeds bestaande appèlprosedure, met die verskil dat regstreekse owerheidsinmenging in kerklike sake – ook kerklike regspraak – tot 'n einde gekom het⁶⁶. Hierdie artikels is in latere jare voortdurend verfyn. Die kern daarvan het egter onveranderd gebly. Hoë eise word aan korrekte prosedure en formele behandeling van appèlle gestel⁶⁷.

Slotson

Met die offisiële aanvaarding van De Mist se kerkorde in 1804 en die aanvullende reglemente in 1824 het die Kaapse kerk afstand gedoen van hulle Gereformeerde kerkregtelike fondament, net soos wat die Gereformeerde kerke in Nederland in 1816 met die invoering van koning Willem I se reglement van hulle Gereformeerde fondament afstand gedoen het⁶⁸. Die Kaapse kerk is sedert 1843 wel tot 'n groot mate van owerheidsinmenging bevry, maar is sedertdien 'n nuwe juk opgelê: die juk van 'n kerklik geïkoneerde kollegialistiese sinodokrasie. Kerke word gebind aan die wil van kerklike vergaderings. Hoewel daar in die aanvaarde appèlprosedures voorsiening gemaak word vir onderlinge versoening tussen twistende partye, val die klem oorwegend op nakoming van voorgeskrewe prosedures en beslissende uitsprake deur hoër kerklike besture.

⁶³ d'Assonville, 1992:208

⁶⁴ Pont, 1991:252

⁶⁵ NG Kerk, 1894:1-4

⁶⁶ Jooste, 1946:201-217; Krüger, 1957:60-61; Pont, 1991:259, 268

⁶⁷ Vergelyk NG Kerk, 1894:104-114

⁶⁸ Jooste, 1946:140; sien paragraaf 3.6

5.2.1.3 Derde periode: Die kerk op die kruispad (1843-1859)

Vanaf 1834 het groot getalle Boere uit die Kaapkolonie weggetrek⁶⁹. Alhoewel die Voortrekkers gepoog het om ook kerklik geheel en al onafhanklik van die Engelse oorheersing in die Kaap te raak⁷⁰, het dit nie geluk nie. Die kerklike lewe in die Transvaal is ontwikkel en voortgebou op die grondslag van die kerk in die Kaapkolonie⁷¹.

1853: Voortsetting van Hervormde kerkreg

In 1853 word die Nederduitsch Hervormde Kerk gestig en deur die regering as staatskerk van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) verklaar⁷². Voorlopig is die 1824-kerkorde van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Kaap net so in die Hervormde Kerk oorgeneem en toegepas⁷³. Tien jaar later, op 24 Oktober 1863 is 'n eie kerkwet vir die Hervormde Kerk gefinaliseer en deur die Volksraad van die ZAR bekragtig. Markant van die Hervormde kerkwet is dat dit duidelik gegrond is op die Kaapse Kerkwet van 1842⁷⁴. As uitgangspunt vir die kerkwet geld die beginsel dat 'die Kerk 'n ondeelbare eenheid' is⁷⁵. Die bestuur van die kerk word uitgeoefen '1e. Over de Gemeenten door Kerkeraden; 2e. Door de Commissie der Algemene Kerkvergadering; 3e. Over al de Gemeenten te zamen door de Algemeene Kerkvergadering'⁷⁶. Van 'n terugkeer na die Gereformeerde kerkregtelike beginsels was daar in die Hervormde Kerk van die ZAR duidelik geen sprake nie.

1859: Terugkeer na Gereformeerde kerkreg

Weens hierdie omstandighede was daar steeds woelinge binne die Hervormde Kerk in die Transvaal, veral in Rustenburg waar Philippus Snyman as ouderling gedien het⁷⁷. Daar was nog altyd 'n Gereformeerde element wat ontevrede was met die on-Gereformeerde leer (onder andere die gesange) en inrigting van die kerklike lewe in die Hervormde Kerk⁷⁸.

Op 10 Februarie 1859 word die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika herstig⁷⁹. In die skeidingsakte, wat reeds op 12 Januarie 1859 by die Algemene Kerkvergadering ingedien is,

⁶⁹ Jooste, 1958:44; Van der Watt, 1977:5

⁷⁰ Jooste, 1958:44

⁷¹ Van der Watt, 1977:21

⁷² d'Assonville, 1992:218

⁷³ Engelbrecht, 1936:141

⁷⁴ Engelbrecht, 1936:142; Storm, 1989:131

⁷⁵ Engelbrecht, 1936:142

⁷⁶ Engelbrecht, 1936:143

⁷⁷ d'Assonville, 1992:219

⁷⁸ Engelbrecht, 1953:164; Jooste, 1958:45; d'Assonville, 1992:218

⁷⁹ Du Plessis, 1925:135; Krüger, 1957:212; d'Assonville, 1992:225

word onder meer gestel dat diegene wat hulle van die Hervormde Kerk afskei 'wenschen te bestaan als eene Vrije Gereformeerde Kerk, overeenkomstig de leer, tucht en dienst der vaderen, zooals die zich te Dordrecht in de jare 1618 en 1619 hebben geopenbaard in hunne Nationale Synode, de Kerkorde, gewijzigd naar dat onze tegenwoordige omstandigheden het vorderen'⁸⁰. In plaas van die onderhouding van kerkwette en reglemente is teruggegaan na die inrigting van die kerke volgens die Dordtse Kerkorde.

Die terugkeer na die Gereformeerde beginsels van kerkregering het nie sonder voortdurende stryd in die GKSA plaasgevind nie⁸¹. Spoelstra⁸² merk op dat 'die kerkregtelike terugkeer uit die negentiende-eeuse groewe na die spoor wat in 1619 gelê is, vir die Christelike Gereformeerde Kerk (in Nederland - GJM) moeite en spanning gebring' het. Dieselfde is in Suid-Afrika ondervind. Beïndruk deur die andersoortige landsomstandighede en waarskynlik ook begerig om soveel moontlik by oënskynlik onskuldige gebruike aan te sluit, het ds Postma nog vóór die (her)stigting van die Gereformeerde Kerke in 1859 'n Gewysigde Kerkorde ontwerp⁸³. Ds J Beyer en andere het teenoor ds Postma vir 'n letterlike aanvaarding van die Dordtse Kerkorde gepleit⁸⁴.

Sinode 1862 het die Postma-voorstel verwerp en besluit 'dat de Dordtsche Kerk-orde, van 1618 en 1619, door deze Sijnode, wordt aangenomen, als algemeene Kerke-orde, voor de Gereformeerde Gemeenten, in de drie landen, Zuid-Afrikaansch Republiek, Oranje Vrijstaat en Kaapkolonie, om naar dezelve te handelen in die Kerkregeering, voor zoover dezelve in deze onderscheidene landen, naar de gelegenheid der Gemeenten, kan worden toegepast'⁸⁵.

Uit die acta⁸⁶ word dit duidelik waarom enersyds besluit is om ds Postma se voorstel vir 'n gewysigde kerkorde nie te aanvaar nie, maar daar andersyds tog 'n kwalifikasie 'naar de gelegenheid der Gemeenten' toegevoeg is: 'De vergadering acht dit beter, dan in de tegenwoordige omstandigheden, eene gewijzigde te ontwerpen, naardien de Kerk, nu voor het eerst Sijnodaal tegenwoordig is, én – de gelegenheden der Gemeenten, nog zeer verschillend zijn, én – de Gemeenten ook bestaan in drie landen, onder verschillende regeringsvormen; overigens wijst de Sijnode, de onderscheidene Gemeenten, op het geheele Kerkelijke Handboekje, om hetzelve in voorkomende gevallen te raadplegen'.

⁸⁰ Krüger, 1957:207; Spoelstra, 1963:182

⁸¹ Jooste, 1958:87

⁸² Spoelstra, 1963:184

⁸³ Jooste, 1958:84; Van der Vyver, 1958:307 (vergelyk in besonder voetnoot 662 op p. 307); Spoelstra, 1963:185.

⁸⁴ Du Toit, 1970:185

⁸⁵ Acta, 1862:10, artikel 19a

⁸⁶ Acta, 1862:10, artikel 19b

5.2.1.4 Samevatting: Kerklike appèl in die jare 1652 tot 1859

Tiperend van die periode 1652 tot 1795 is dat die Kaapse kerke op papier volgens die Dordtse Kerkorde ingerig en regeer is. Die praktyk van kerkregering was egter radikaal anders. Die Kaapse kerke het onder oorheersing van die Amsterdamse klassis en die plaaslike owerheid gebuk gegaan, wat tot gevolg het dat kerklike appèl en regspraak ooreenkomstig Artikel 31 Dordtse Kerkorde in baie opsigte nie tot sy reg gekom het nie.

Gedurende die periode 1795 tot 1843 word officieel met die Dordtse Kerkorde weggedoen. Alhoewel die kerke 'n groter mate van vryheid ten opsigte van die owerheid geniet, bring die kerkorde van De Mist, tesame met die aanvullende reglemente wat Sinode 1824 opgestel het, die Nederduits Gereformeerde Kerk onder die juk van sinodokrasie. Die Hervormde Kerk in die ZAR aanvaar in beginsel dieselfde reglemente, wat beteken dat ook in daardie kerkverband sinodokraties te werk gegaan word. Nog steeds word geen ruimte vir kerklike appèl en regspraak ooreenkomstig die beginsels van die Skrif, die Gereformeerde belydenis en die Gereformeerde kerkorde gelaat nie.

Eers in 1859, met die herstigting⁸⁷ van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, word die moontlikheid opnuut geskep om in geval van verontregting ooreenkomstig Artikel 31 van die Dordtse Kerkorde op kerklike regspraak 'n appèl te doen.

5.2.2 Artikel 31 KO en die goedgekeurde appèlprosedure

5.2.2.1 Redaksiegeskiedenis van Artikel 31 KO

Vier verskillende nasionale sinodes⁸⁸ het oor die bewoording van Artikel 31 KO besluite geneem.

⁸⁷ Van der Vyver (1958:308) merk op: 'Hoewel die woord 'hersticht' in die dokumente uit die tyd onmiddellik rondom die stigting nie voorkom nie, was dit in wese tog wel daar soos duidelik blyk uit die veelvuldige vermelding dat die stigting 'n terugkeer is na die leer, diens en tug van Dordrecht, 1618-19'.

⁸⁸ Opmerklik is die verandering in benaming van dié kerklike vergadering. Vanaf 1862 tot 1930 is daar na 'n *Algemeen Sinodale Vergadering* verwys. Vanaf 1930 tot 1982 is die vergadering *Sinode* genoem. Sedert 1985 staan dit as *Nasionale Sinode* bekend. Geen motivering kon vir die verandering in benaming gevind word nie.

Algemene Sinodale Vergadering 1862

In die kerkorde wat deur Sinode 1862 aanvaar is, word Artikel 31 soos volg weergegee⁸⁹: ‘Soo yemand hem beklaagt door de uitspraak der minder Vergaderinge verongelykt te zyn, die selve sal hem tot een meerdere Kerkelyke Vergaderinge beroepen mogen: en ‘t gene door de meeste stemmen goed gevonden is: sal voor vast en bondig gehouden worden. ‘t En zy dat ‘t bewesen worden te strijden tegen het Woord Gods, ofte tegen de Artykelen in dese Generale Synode besloten, soo lange als deselve door geen andere Generale Synode verandert zyn’⁹⁰.

Algemene Sinodale Vergadering 1916

Sinode 1916⁹¹ keur ‘n gemoderniseerde Nederlandse weergawe van die kerkorde goed. Artikel 31 van die nuut aanvaarde kerkorde lui soos volg: ‘Zo iemand zich beklaagt door de uitspraak der mindere vergadering verongelykt te zijn, die zal zich op een meerdere kerkelijke vergadering beroepen mogen: en ‘t geen door de meeste stemmen goedgevonden is, zal voor vast en bondig gehouden worden. Tenzij dat het bewezen worde te strijden tegen ‘t Woord Gods, of tegen de artikelen in de Sinode besloten, zolang als dezelve door geen ander Sinode veranderd zijn’⁹².

Sinodale Vergadering 1930

In 1931 verskyn die eerste Afrikaanse vertaling van die kerkorde, wat in 1930 goedgekeur is⁹³. Artikel 31 is soos volg vertaal: ‘As iemand ‘n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op ‘n meerdere vergadering beroep; en wat deur die meeste stemme goed gevind is, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of met die Artikels van hierdie Kerkorde, solank as hulle nie deur ‘n ander Algemene Sinode verander is nie’⁹⁴.

⁸⁹ GKSA, 1912:30

⁹⁰ Dit is bykans ‘n letterlike weergawe van Artikel 31 van die Dordtse Kerkorde wat in 1618/19 goedgekeur is (sien hoofstuk 3.5.2.6).

⁹¹ Acta, 1916a:48. Sinode 1910 (Acta, 1910:38, 42, 103-104) het aan ‘n kommissie van pre-advies opdrag gegee om ‘n moderne Nederlandse vertaling van die kerkorde voor te berei.

⁹² GKSA, 1916b:22

⁹³ Acta, 1930:156

⁹⁴ GKSA, 1931:22

Sinodale Vergadering 1964

Vanaf 1952 tot 1964 vind 'n lang en ingewikkelde proses van besinning en herbesinning oor die moontlikheid van 'n geheel hersiene kerkorde plaas⁹⁵. Die uiteinde daarvan is dat Sinode 1964⁹⁶ die volgende redaksie van Artikel 31 goedkeur: 'Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde. As iemand egter 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep.'

5.2.2.2 Ontwikkeling van 'n appèlprosedure

Die eerste algemene sinodes van die GKSA het nie met die behandeling van appèlle te doen gekry nie. In 1907 het daar vir die eerste keer 'n appèl by die algemene sinode gediën. Tog is daar voortdurend oor die wyse van appèl en regspraak ooreenkomstig die vasgestelde kerkorde besin.

Algemene Sinodale Vergadering 1894

Sinode 1894⁹⁷ het 'n beskrywingspunt goedgekeur en sodoende 'n algemene reël vir die behandeling van appèlle neergelê: 'Zoo iemand, volgens artikel 31 onzer Kerkorde, wil appelleeren dan moet hij van zijn voornemen kennis geven aan zijn Kerkeraad binnen den tijd

⁹⁵ Sinode 1952 (Acta, 1952:162, artikel 233) neem kennis van die Gereformeerde Kerken Nederland (GKN) wat met 'n deurtastende revisie van hulle kerkorde begin het. Die GKN se versoek aan die GKSA om met die revisie behulpsaam te wees, word deur die sinode van die hand gewys, aangesien 'ons kerk geen dringende behoefte aan revisie gevoel nie'. Tog besluit die sinode om 'n deputaatskap te benoem om in verbinding te bly met die kerke in die VSA en Nederland in verband met hulle voorgestelde revisie en intussen ook ondersoek te doen of die kerkorde gerevideer moet word. Indien revisie nodig blyk te wees, moet die kommissie aandui wat en hoe die wysiging behoort te wees, en aan die volgende sinode rapporteer.

By Sinode 1955 (Acta:172-178, artikel 200) rapporteer die studiekommissie 'dat die kerkorde sonder twyfel hersien moet word'.

Aan Sinode 1958 (Acta 1958:95, artikel 65) word 'n konsep-kerkord voorgelê. Die sinode keur dit voorlopig goed, met die verstandhouding dat 'n nuwe kommissie benoem word 'om die gerevideerde Kerkorde opnuut na te gaan en te finaliseer vir voorlegging aan die volgende sinode' (Acta, 1958:108, punt 2b(3)).

Sinode 1961 neem die voorgestelde hersiene kerkorde (HKO) van 1958 ter tafel (Acta, 1961:332). Nadat Sinode 1961 deeglik oor die HKO besin het, word besluit om die beslissing van Sinode 1958, waarvolgens die konsep-kerkord as 'n voorlopig goedgekeurde revisie aanvaar is, te herroep (Acta, 1961:347, artikel 186). Die sinode besluit verder dat die geldende kerkorde weer met die oog op nuwe formuleringe in hersiening geneem sal word (Acta, 1961:347, artikel 103). Met hierdie besluit is finaal van deurtastende revisie van die kerkorde, soos deur die GKN onderneem, afstand gedoen. Met die oog op 'n heeltmaal nuwe hersiening van die bestaande kerkorde word as uitgangspunt gestel dat (1) van die bestaande nommering van die kerkorde nie afgewyk moet word nie; en (2) sover moontlik by die bestaande bewoording van die kerkorde gehou moet word.

⁹⁶ Acta, 1964:59

⁹⁷ Acta, 1894:42, artikel 117

van 14 dagen na ontvangst van de uitspraak des Kerkeraads. En de appellant is dan ook verplicht bij de Algemeene Vergadering in persoon teenwoordig te zijn'. Die Algemene Vergadering waarna verwys word, is nie net die Algemene Sinode waar al die kerke uit die drie lande byeenkom nie, maar ook die sinode wat in elke land vergader⁹⁸. Opmerklik is die klem wat op die persoonlike aanwesigheid van die appellant geplaas word. In die Hervormde kerkreg *kan* die appellant en die ander party teenwoordig wees⁹⁹. Ooreenkomstig die sinodebesluit van die GKSA *moet* beide partye teenwoordig wees.

'n Tweede beskrywingspunt met betrekking tot die toepassing van Artikel 31 is eweneens deur Sinode 1894¹⁰⁰ goedgekeur: 'Wanneer een lidmaat der Kerk iets belangrijks voor de Synode wenst te brengen, wendt hij zich eerst tot zijn respectieven Kerkeraad of Algemeene Vergadering; wordt hij daar in het ongelijk gesteld, dan volgens artikel 31 der Dordtse Kerkorde, beroept hij zich op de Synode. Geene particuliere vragen zullen in het vervolg toegelaten worden op de Synode, voor zij bij den respectieven Kerkeraad of Algemeene Vergadering beproefd zijn'. Hierdie besluit het primêr betrekking op beskrywingspunte, wat nie onmiddellik aan 'n sinode voorgelê mag word nie, maar deur 'n mindere vergadering behandel en, indien moontlik, afgehandel moet word. Indien 'verongelyking' in die behandeling van die beskrywingspunt plaasvind, kan 'n beroep op die sinode vir regspraak gedoen word.

Sinodale Vergaderinge 1933, 1936 en 1939

Sinode 1933¹⁰¹ keur 'n beskrywingspunt goed wat vra dat 'n kommissie benoem word om die behandeling van appèlle beter te reël. Die kommissie moet by die eersvolgende Generale Sinode verslag doen.

Die kommissie rapporteer by Sinode 1936 oor drie beginsels waarop Artikel 31 KO wys, wat in 1939 die ruggraat van die sinodebesluit sou word¹⁰². Die sinode oordeel dat die kommissie-rapport bepaalde tekortkominge bevat, en wys daarom opnuut 'n studiekommissie aan met as opdrag 'om die behandeling van appèl op die Meerdere Vergadering beter te reël, veral waar dit tugsake geld'. Sinode 1936 besluit ook om 'n tydlimiet aan kennisgewing van appèl te stel: 'As iemand volgens hierdie artikel wil appelleer, moet hy aan sy Kerkraad, of in geval van 'n

⁹⁸ In huidige terme sou dit 'n partikuliere sinode genoem word.

⁹⁹ Vergelyk artikels 97 en 134 in die 'Algemeen reglement voor het bestuur der Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika' waarna paragraaf 5.2.1.1 verwys.

¹⁰⁰ Acta, 1894:42, artikel 118

¹⁰¹ Acta, 1933:45, artikel 49 XVII

¹⁰² Acta, 1936:167-168, artikel 151

Meerdere Vergadering, van sy voorneme kennis gee binne die tyd van ses weke na die datum van kennisgewing waarin hy skriftelik kennis kry van die beslissing waarteen hy appelleer¹⁰³.

Sinode 1939¹⁰⁴ keur 'n appèlprosedure goed wat op drie beginsels van Artikel 31 KO rus, naamlik (1) dat beroep op meerdere vergaderings moontlik is; (2) die meerderheid beslis; en (3) kerklike besluite is geldig tensy hulle in stryd is met die Woord van God. By al drie beginsels word daar met die oog op vrugbare prosedure bepaalde reëlings gestipuleer:

‘1. Dat beroep op meerdere vergaderings moontlik is.

Dit veronderstel dat besluite van meerdere vergaderings feilbaar is.

(a) Beroep op meerdere vergaderings is moontlik ‘as iemand ’n klagte het dat hy deur die uitspraak van ’n mindere vergadering verongelyk is’. Dus alleen by *krenking van reg* mag geappelleer word.

(b) Die appèl moet wees van ’n mindere op ’n meerdere vergadering.

(c) Die appellant moet die gronde van sy besware in eie woorde skriftelik voor die meerdere vergadering lê en daarnaas die mindere vergadering se besluit waarteen geappelleer word, in die offisiële redaksie. As die appellant verkies, mag hy in persoon verskyn om verdere toeligting te gee op sy besware.

(d) As iemand volgens hierdie artikel wil appelleer, moet hy aan sy kerkraad, of in die geval van ’n meerdere vergadering, van sy voorneme kennis gee binne die tyd van ses weke na die datum van kennisgewing waarin hy skriftelik kennis kry van die beslissing waarteen hy appelleer.

2. Die tweede beginsel is: Die meerderheid beslis, nl. ‘wat deur die meeste stemme goedgevind is, moet as vas en bindend beskou word’. Die minderheid moet hom onderwerp aan die meerderheid. Eis is dus dat die diskussie oor ’n appèl die saak so ryp moet maak dat die besluit met ’n besliste meerderheid geneem kan word.

3. Die derde beginsel is vervat in die woord van art. 31: ‘tensy bewys word dat dit ... verander is’.

Die bedoeling van hierdie deel van die artikel is duidelik:

(a) kerklike besluite is geldig tensy hulle in stryd is met die Woord van God;

(b) in konkrete gevalle mag kerklike besluite nie ingaan teen die artikels van die kerkorde nie, solank die artikels nie verander is nie.

4. Op grond van hierdie grondbeginsels vereis ’n vrugbare prosedure dat, indien nodig, by die aanvang van die sitting van ’n meerdere vergadering (klassis, partikuliere sinode of generale sinode), ’n spesiale appèlkommissie benoem word, waarvan die Professor in Kerkreg, indien hy teenwoordig is, *ex-officio* lid moet wees; alle appèlsake word dan na daardie kommissie verwys, wat belas word om:

¹⁰³ Acta, 1936:169

¹⁰⁴ Acta, 1939:143-145, artikel 135. Die volledige appèlprosedure is as Bylae 2 ingevoeg.

- (a) alle stukke in verband met die appèl na te gaan en te beoordeel of die appèl ontvanklik is;
- (b) die appellant te hoor met sy getuies en die verdediging van die liggaam waarteen geappelleer word;
- (c) die meerdere vergadering van advies te dien omtrent die besluit wat geneem moet word, na 'n kort uiteensetting van die feite in die appèl aangevoer. Wel te verstaan, behoudens die reg van die appellant volgens art. 31 Kerkorde.

5. Alle tugsake word met geslote deure behandel.'

'n Amendement het gedien wat voorstel dat 'lede van die Appèlkommissie nie met appellante buite die vergadering om samesprekings mag hou nie. As 'n lid hom hieraan skuldig maak, sal hy gediskwalifiseer word om op die Kommissie te dien'¹⁰⁵. Die voorstel is nie deur die sinode aanvaar nie.

Sinodale Vergadering 1967

By Sinode 1967¹⁰⁶ het 'n vraag oor die appèlprosedure gedien. Oor die sinsnede '... van sy voorneme kennis gee binne die tydperk van ses weke na die datum van kennisgewing waarin hy (appellant) skriftelik kennis kry van die beslissing waarteen hy appelleer' word nadere verklaring en interpretasie gevra. Die vraag word soos volg gemotiveer:

- '1. Die gees van hierdie prosedurepunt is duidelik: Ou besluite moet nie opgehaal word om teen te appelleer nie. Die bedoeling is klaarblyklik dat 'n tydperk van ses weke gestel word vanaf die tyd dat die besluit geneem is.
2. Soos artikel 1(d) egter in sy huidige bewoording lui, kan dit verkeerd geïnterpreteer word, naamlik dat iemand byvoorbeeld teen 'n besluit van 'n jaar gelede of selfs langer kan appelleer, alleen met dié voorbehoud dat dit moet geskied binne ses weke nadat hy skriftelik kennis gekry het van die besluit waarteen hy wil appelleer.
3. In die praktyk kan mens dan die geval kry dat iemand afwesig was toe 'n kerkraad 'n besluit geneem het of selfs vir 'n aansienlike tyd onbewus was daarvan. Indien so 'n persoon byvoorbeeld nege maande daarna van die besluit verneem en hy wil appelleer, staan die weg daartoe nog oop, indien hy maar net appelleer binne ses weke nadat die skriba hom skriftelik kennis gegee het van die besluit waarteen hy wil appelleer'.

Die Sinode oordeel dat die appèlprosedure duidelik genoeg is en ag geen nadere interpretasie nodig nie.

¹⁰⁵ Acta, 1939:145

¹⁰⁶ Acta, 1967:586-587, artikel 199

Aan 'n beskrywingspunt om die appèlprosedure so te wysig dat dit aanpas by die nuwe redaksie van Artikel 31 KO (1964), word wel gevolg gegee¹⁰⁷.

Sinodale Vergadering 1973

'n Versoek word deur Sinode 1973¹⁰⁸ goedgekeur om die bestaande prosedure van appèlsake te hersien. Punt 4c van die bestaande prosedure wat lui dat dit die taak van die spesiale appèlkommissie is om 'die meerdere vergadering van advies te dien omtrent die besluit wat geneem moet word, na 'n kort uiteensetting van die feite in die appèl aangevoer, wel te verstane behoudens die reg van die appellant volgens art. 31 KO' word soos volg geïnterpreteer: 'Die appellant en die verweerder moet na(dat – GJM) die rapport van die appèlkommissie ter tafel geneem is, die reg tot repliek hê'.

Sinode 1982

Voor Sinode 1982¹⁰⁹ dien 'n verslag van 'n kommissie van pre-advies insake adviseurs by die appèlkommissie. Na aanleiding van die onsekerheid oor die posisie en optrede van die professor in kerkreg by Sinode 1979¹¹⁰ adviseer die kommissie 'dat die sinode 'n weg aanwys sodat probleme in die toekoms uitgeskakel kan word'. Die sinode besluit egter om van die saak af te stap.

Nasionale Sinode 1985

'n Beskrywingspunt dien by Sinode 1985¹¹¹ waarin voorgestel word dat die volgende toevoeging tot die bestaande appèlprosedure gemaak word: "n Appellant dien ten minste veertien (14) dae voor die aanvang van die meerdere vergadering waar sy appèl sal dien, die skriftelike uiteensetting van die gronde van sy beswaar in, en die stukke sal tot beskikking van die afgevaardigdes van die meerdere vergadering gestel word'. Vyf redes word vir die voorgestelde reëling gegee:

- Dit gee aan die toeligtters van 'n mindere of meerdere vergadering die geleentheid om na behore vir sodanige appèl voor te berei.
- Dit gee aan die afgevaardigdes na die meerdere vergadering die geleentheid om insae te kry en volledige voorbereiding hieroor te doen.

¹⁰⁷ Acta, 1967:587, artikel 200

¹⁰⁸ Acta, 1973:191

¹⁰⁹ Acta, 1982:136, artikel 60

¹¹⁰ Acta, 1979:258-260

¹¹¹ Acta, 1985:524-525, artikel 111

- Artikel 31 sal baie meer tot sy reg kom, aangesien stukke nie tydens die vergadering ten volle bestudeer kan word nie.
- Die reg van beide partye in 'n appèlsaak word hierdeur gedien.
- In 'n appèlsaak kan daar van geen wedywering om te uitoorlê of verrassingselement sprake wees nie. Die waarheid volgens Gods Woord moet seëvier – dit is die inhoud van Artikel 31, en dit is die beginsel van Artikel 30 KO dat so 'n saak op 'n kerklike wyse behandel sal word.

Die kommissie wat die beskrywingspunt moes beoordeel en die sinode van advies moes bedien, het onder andere bevind dat 'n prosedure-aanpassing soos in die beskrywingspunt verwoord, nie altyd prakties uitvoerbaar is nie. Die tydsduur tussen 'n betrokke mindere en meerdere vergadering laat soms nie 'n spertyd van 14 dae toe nie. Verder is baie appèlle vertroulik van aard, sodat dit nie gepubliseer kan word nie. Die sinode¹¹² besluit om aan die beskrywingspunt in 'n gewysigde vorm gevolg te gee: 'Die appellant stel waar moontlik (verkieslik 14 dae) voor die betrokke meerdere vergadering sy appèl, met uiteensetting van gronde skriftelik ter beskikking van die korresponderende kerkraad/Deputate vir korrespondensie (KO, art 45)'.¹¹³

Nasionale Sinode 1991

Sinode 1991¹¹³ keur 'n beskrywingspunt goed waarvolgens 'n regs kommissie, bestaande uit drie lede wat deur die sinode benoem word en een deputaat van elke partikuliere sinode, aangewys word. 'Die mandaat van die Regskommissie is om die Sinode te adviseer insake die ontvanklikheid van alle Appèlle en Beswaarskrifte. Verder behoort die Regskommissie hulle ten volle in te werk op die inhoud van die onderskeie Appèlle en Beswaarskrifte sonder dat tot enige besluit geraak word'¹¹⁴. Die oogmerk hiermee is om die regspraak en regshandeling van die sinode kwalitatief te verhoog en meer vaartbelyn te maak. 'Kerklike regspraak maak 'n essensiële deel van kerkregering uit. Op die voorgestelde wyse kan regsake beter as tans deurdink en beoordeel word. 'n Gereformeerde sinode moet uitmunt in deeglikheid waarmee prinsipiële sake behandel word, juis sodat Christus se regering oor sy kerk helder sigbaar mag word'¹¹⁵. Die sinode wil egter met die aanvaarding van sodanige prosedure ten alle koste voorkom dat sodanige Regskommissie tot 'n voorlopige of finale besluit kom voordat die saak deur die Sinode in behandeling geneem is. Dit sou op prejudisering neerkom. Geleentheid moet nog altyd aan die appellant of beswaarde toegesê

¹¹² Acta, 1985:525, punt 3

¹¹³ Acta, 1991:539-540, artikel 22.19

¹¹⁴ Acta, 1991:540, punt E, aanbeveling 2

¹¹⁵ Acta, 1991:539, motivering 1

word om die sinode in te lig voordat die saak na die Regs- of Kerkregtelike Kommissie verwys word¹¹⁶.

Sinode 1991¹¹⁷ keur ook 'n beswaarskrif goed waarin gevra word dat die professor in kerkreg voortaan nie meer *ex officio* lid van die appèlkommissie van die sinode sal wees nie.

Nasionale Sinode 1997

Sinode 1997¹¹⁸ keur 'n beskrywingspunt oor 'n onderdeel van die bestaande appèlprosedure goed. 'Indien 'n appellant (of toeligter) meen dat die getuienis of toeligting van enige getuie oor die tersaaklike appèl nodig is, rus die volgende verantwoordelikhede op die betrokke appellant (of toeligter):

- * Nader self enige getuie en voorsien die nodige en relevante getuienis of inligting met betrekking tot die appèl (of toeligting).
- * Maak seker dat alle gegewens en getuienis of toeligting vir die betrokke vergadering waarop die appèl sal dien, beskikbaar sal wees.'

As motivering vir die beskrywingspunt word gestel dat prosedurereëlings by appèlle sover moontlik voorsiening behoort te maak vir en diensbaar moet wees aan verantwoordelike regspraak. Daarom moet daar geleentheid wees vir noodsaaklike getuienis en/of toeligting wat 'n appellant of toeligter ter ondersteuning of verduideliking van sy/hulle saak sou wou aanvoer of gebruik. Die sinode gee aan die beskrywingspunt gevolg omdat 'die huidige ordereëlings nie die problematiek van verantwoordelikheid vir getuies aanspreek nie en die beskrywingspunt die verantwoordelikheid van appellante/toeligters duidelik uitspel'¹¹⁹.

Prosedure 1998

In die Kerkordeboekie van 1998 word 'n oorsig oor en samevatting van al die verskillende sinodebesluite insake appèlprosedures weergegee¹²⁰. Dit word aangebied as 'bylaes by artikel 31'.

In die saamgevatte appèlprosedure word die aandag ook op die Appèlreglement¹²¹ van die

¹¹⁶ Acta, 1991:540, punt E, motivering 2

¹¹⁷ Acta, 1991:524-526, artikel 22.12

¹¹⁸ Acta, 1997:545-546, artikel 21.7

¹¹⁹ Acta, 1997:546

¹²⁰ GKSA, 1998:45-46

¹²¹ GKSA, 1998:45

Algemene Sinode¹²² gevestig:

- 'Beroep van 'n Nasionale Sinode op 'n Algemene Sinode is slegs moontlik wanneer 'n beroep gedoen word op die Skrif, Belydenis en Kerkorde of 'n uitspraak van die Algemene Sinode.
- Die appellant moet die gronde van sy besware in eie woorde skriftelik voor die Algemene Sinode lê en daarnaas in die offisiële redaksie die Nasionale Sinode se besluit waarteen geappelleer word. As die appellant verkies, mag hy in persoon verskyn om verdere toeligting op sy besware te gee.
- Die appellant moet aan die korresponderende kerkraad of deputate vir korrespondensie van die betrokke Nasionale Sinode (kyk Artikel 45 KO¹²³) kennis gee van sy voorneme om te appelleer, sodat benodigde stukke by die Algemene Sinode beskikbaar kan wees¹²⁴.

Nasionale Sinode 2006

'n Voorstel het by Sinode 2006 gediën waarvolgens 'ondersoek gedoen gaan word na die moontlikheid¹²⁵ en werkwyse van Deputate Appèlle en Deputate Beswaarskrifte met behoud van die beginsels vir Appèlsake (Acta 1939:144-145) en beswaarskrifte (Acta 1991:527-528, Acta 1994:53-55)'. Die deputate wat die ondersoek moet doen, word 'geadviseer om by buitelandse kerke met wie die GKSA in ekumeniese eenheid is, navraag oor hulle werkwyse te doen (Artikel 85 KO¹²⁶)'. Die studiedeputate moet 'die volgende sinode oor die samestelling, werkwyse en prosedures ten opsigte van sodanige Deputate asook die praktiese prosedures en konsekwensies van appèlle en beswaarskrifte adviseer'. Die voorstel is met 'n enkele wysiging goedgekeur¹²⁷.

5.2.3 Appèl in praktyk

Verskeie kerklike vergaderinge handel met appèlle. In die volgende paragraawe word slegs 'n oorsig oor appèlsake wat deur nasionale sinodes hanteer is, gegee. Dit word aanvaar dat die praktyk wat by die nasionale sinodes gevolg word tekenend is van hoe daar oor die algemeen met appèl in die GKSA omgegaan word.

¹²² Die Algemene Sinode is 'n vergadering van al die nasionale sinodes waarheen elke nasionale sinode 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge, soos deur die algemene sinode bepaal, afvaardig (Artikel 51 KO).

¹²³ Sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 45 KO.

¹²⁴ Acta Algemene Sinode, 1984:31-32, artikel 22

¹²⁵ Die sinode het in sy besluit die woord 'moontlikheid' met 'alternatiewe' vervang. Dit maak die sin onleesbaar en verwarrend, en die opdrag onduidelik.

¹²⁶ Sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 85 KO.

¹²⁷ Notule, 2006:63, artikel 286

Algemene Sinodale Vergadering 1907

Die eerste appèl wat voor 'n algemene sinode gedien het was in 1907. Sinode 1907 behandel 'n appèl wat twee broeders teen 'n besluit van die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Transvaal ingedien het. Die acta¹²⁸ vermeld dat die appellante ooreenkomstig die vasgestelde reëling van 1894 aanwesig was. Hulle beswaarskrif is gelees en geleentheid vir toeligting is gegee. Die besluit wat geneem is weerspieël die wyse waarop daar met die appèl gehandel is: 'De Synode alles gehoord en overwogen hebbende wat de twee broeders als bezwaar voor den kerkeraad van Pretoria en later voor de Algemeene Vergadering gebracht hebben, – is van oordeel dat de Kerkeraad wel wat meer kon gedaan hebben om hunne bezwaren weg te nemen – maar niet het houden van het Avondmaal langer kon worden uitgesteld. Wat zij, n.l. de bezwaarde broeders, uit oude schrijvers en Dr. A. Kuyper aanhalen, ziet niet op gevallen als het onderhavige, maar op de zelfbeproeving van den Avondmaalganger. De Synode kan dus niet anders dan de uitspraak der Algemeene Vergadering bekrachtigen'¹²⁹.

Algemene Sinodale Vergadering 1910

Sinode 1910 behandel 'n appèl van die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Belfast teen 'n besluit van die Algemene Vergadering van Transvaal¹³⁰. Anders as in 1907 word 'n kommissie benoem om die appèl te ondersoek en aan die vergadering verslag te doen¹³¹. Uit die kommissieverlag¹³² word dit duidelik hoe die appèl hanteer is. Die stukke wat oor die oorspronklike geskil tussen die kerkrade van Belfast en Lydenburg gedien het, is ter tafel geneem. Die kommissie het op grond van 'n 'ernstig documentaire ondersoek' sowel as 'het inwinnen van persoonlike getuigenissen' tot die oordeel gekom dat die uitspraak van die Algemene Vergadering van Transvaal waarteen die kerkraad van Belfast appelleer 'eene nuchtere' was en 'niet in strijd met het recht'. Die advies van die kommissie aan die sinode is dat die uitspraak van die mindere vergadering gehandhaaf moet word en die appèl van die hand gewys word. Die kommissieverlag word 'goedgekeurd en aangenomen'¹³³.

¹²⁸ Acta, 1907:26, artikel 73

¹²⁹ Acta 1907:26, artikel 76

¹³⁰ Acta, 1910:16, artikel 18

¹³¹ Acta, 1910:41, artikel 96

¹³² Bylae H by die Acta, ongepubliseerd, Argief GKSA Potchefstroom.

¹³³ Acta, 1910:42, artikel 96

Algemene Sinodale Vergadering 1916

Behalwe dat 'n nuwe vertaling van die kerkorde aanvaar is, het Sinode 1916¹³⁴ 'n appèl van die kerkraad van Pretoria teen 'n besluit van die Algemene Vergadering van Transvaal ter tafel geneem. Die kerkraad van Pretoria beredeneer in die appèl dat die kerkraad van Johannesburg tydens die Algemene Vergadering van Transvaal as regter in sy eie saak opgetree het, aangesien twee van sy afgevaardigdes oor 'n saak gestem het wat die kerkraad van Johannesburg direk aangegaan het. Die sinode handel die appèl af, sonder om dit vooraf na 'n kommissie te verwys. Op 'n voorstel uit die vergadering besluit die sinode met meerderheid van stemme 'om in deze appèlzaak de Kerkeraad van Pretoria in gelijk te stellen, volgens Art. 33, D.K.O.'.

Algemene Sinodale Vergadering 1920

Op die agenda word aangedui dat 'n appèl van die Gereformeerde Kerk Ladybrand by monde van hulle predikant teen die Algemene Vergadering van die Oranje Vrystaat sal dien. Die oomblik toe die appèl gestel moes word, blyk dat geen stukke ter tafel is nie. Die deputate van die Algemene Vergadering van die Oranje Vrystaat maak beswaar teen eventuele behandeling van so 'n appèl, aangesien die mindere vergadering teen wie se uitspraak geappelleer word, geen kennis gehad het dat die kerkraad van Ladybrand in beroep sou gaan nie. Op grond van die afwesigheid van stukke en die beswaar van die deputate van die mindere vergadering besluit die sinode om nie op die saak in te gaan nie¹³⁵.

Algemene Sinodale Vergadering 1924

'n Mosie word voorgehou¹³⁶, waarin met leedwese opgemerk word dat daar 'nie minder as 5 appèlsake, en een beswaarskrif' op die agenda van die sinode dien. In die mosie word gewys op die 'meer of minder onaangenaamheid, en die kosbare tyd en krag van die Sinode' wat hieraan opgeoffer word. 'Met volle erkentlikheid van die heilige reg van appèl volgens art. 31, D.K.O. moet die Sinode tog ernstig waarsku teen appèlsug in ons boesem. Dis wel persoonlik reg, maar daarvan mag nie, dan by hoge uitzondering, gebruik gemaak word'. Na enige bespreking word die mosie teruggetrek.

¹³⁴ Acta, 1916:53

¹³⁵ Acta, 1920:51, artikel 114

¹³⁶ Acta, 1924:65, artikel 192

Sinodale Vergadering 1933

Voorts behandel Sinode 1933¹³⁷ verskeie appèlle en besware wat op die Partikuliere Sinode van Transvaal se besluit insake die indeling van gemeentes in 'n ander klassis betrekking het. 'n Dogmaties-kerkregtelike kommissie doen vooraf ondersoek na die ontvanklikheid van die appèlle en beveel aan dat die sinode 'op die saak ingaan'¹³⁸. 'n Appèlkommissie is benoem om die sinode oor regspraak te adviseer. Uit die rapport van die appèlkommissie¹³⁹ blyk dat:

- alle tersaaklike dokumente (appèlstukke van die appellante, notuleboeke van die betrokke kerkraad, klassis en partikuliere sinode) nagegaan is;
- getuienis van 'n predikant asook 'n ander belanghebbende broeder én deputate van die klassis wat direk by die saak betrokke was afgeneem is; daar is eweneens getuienis van die appellante aangehoor;
- 'deeglike ondersoek en bespreking' van die saak plaasgevind het.

In die advies aan die sinode word die regsgronde, waarvolgens die kommissie oordeel, uiteengesit. Die sinode word ter inligting op die aanleiding tot verontregting, wat aan die appèlle ten grondslag lê, gewys: 'minder duidelike inligting' van die kant van die klassis het tot 'tweërlei verklaring' van besluite gelei, met die gevolg dat lidmate wat deur die besluite geraak is, in die duister was. Aan die ander kant 'blyk dat daar ook ongereeldhede was in die optrede van die betrokke broeders (appellante – GJM)'. Uit die gesprekke van die kommissie met al die betrokkenes blyk verder dat almal die 'innige begeerte uitgespreek het dat liefde en Christelike verdraagsaamheid sal bestaan'. Die kommissie adviseer die sinode dat:

- die appèl op kerkregtelike gronde van die hand gewys word;
- 'n ernstige beroep op die appellante gedoen word om by die beslissing te berus en hulleself te onderwerp aan die kerkregtelike bepalinge omtrent grensreëling;
- die betrokke kerkrade tot uiterste lankmoedigheid by die behandeling van sodanige kwessies gemaan word.

'n Tweede appèl wat op die saak betrekking het, en oor die toepassing van die kerklike tug handel, word 'terug verwys na die mindere vergadering waar hulle hul saak aanhangig kan maak'¹⁴⁰.

Met betrekking tot 'n derde appèl adviseer die kommissie die sinode om die kerkraad wat die appèl ingedien het te antwoord dat die sinode 'nie op die Appèl kan ingaan nie aangesien die

¹³⁷ Acta, 1933:10, artikel 11c

¹³⁸ Acta, 1933:53, artikel 64

¹³⁹ Acta, 1933:108-109

¹⁴⁰ Acta, 1933:109

kerkraad geen kerkregtelike besware aanvoer teen die besluit nie, maar hulle nie wil onderwerp aan die beslissing van die Meerdere vergadering nie¹⁴¹.

As naskrif stel die kommissie: 'Na aanleiding van die advies van die kommissie oor hierdie en ander punte en na aanleiding van die nog bestaande beroeringe en onvrede in die gemeentes van Pretoria en Pretoria Oos gee u kommissie aan die hand dat die Sinode 'n poging aanwend om voor dat hy uitmekaar gaan vrede hier te bewerkstellig sonder dat moontlike aanhangige sake daardeur geprejudiseer word en dat daarvoor 'n kommissie deur die Eerw. Sinode benoem word'¹⁴². Die sinode het die advies van die kommissie opgevolg en twee afgevaardigdes benoem wat met die betrokkenes 'samesprekings sal hê vir 'n broederlike oplossing'¹⁴³.

Sinodale Vergadering 1942

Drie appèlle word ooreenkomstig die prosedure van 1939 deur Sinode 1942 behandel¹⁴⁴.

Die derde appèl¹⁴⁵ 'gaan teen 'n besluit van die Part. Sinode van Johannesburg-Noord 1941, waarin vasgestel is dat "albei partye" gefouteer het (a) in verband met die terugtrekking van die appèlle: Die sinode, wat nie duidelik genoeg gesê het dat die appèlle vir goed en onvoorwaardelik teruggetrek moes word, voordat die versoeningskommissie sy werk kon gaan doen nie, en: Die Appellante, deur nie duidelik genoeg te sê dat hulle die appèl net tydelik en voorwaardelik terugtrek nie. Ook (b) by die versoening te Lichtenburg: Die versoeningskommissie het uitdrukking gebruik wat die indruk van *dwang* kon skep, en: Die appellante het hierdie versoening aanvaar, en *na* hulle die vrugte van hierdie versoening geniet het, weer begin met besware teen die versoening omdat dit onder dwang geskied het. Hierdie foutering was egter ter goedertrou en daarom moet albei partye nou berus'.

Die appellante versoek dat die uitspraak van die partikuliere sinode om te berus nietig verklaar word, en dat die sinode uitspraak oor die oorspronklike appèl van 1938 sal gee.

Die sinode gee nie aan die versoek van die appellante gehoor nie. Die sinode spreek uit dat 'die aanvaarding van die versoening deur die appellante op Lichtenburg geen ander betekenis kan hê nie, as dat die appèlle daarmee verval het: Hiermee was en bly die saak beëindig, sodat alle verdere voortsetting van appèl op onversoenlikheid neerkom'.

¹⁴¹ Acta, 1933:110, punt 6

¹⁴² Acta, 1933:110-111

¹⁴³ Acta, 1933:112

¹⁴⁴ Acta, 1942:166-170, artikels 99-101

¹⁴⁵ Acta, 1942:170, punt 4(a)

In aansluiting by die aanbeveling insake die appèl adviseer die appèlkommissie die sinode 'dat ons meerdere vergaderings, waar appèlle dien, in die toekoms alle syweë sal vermy, waardeur onnodige en pynlike vertraging veroorsaak word, en hulle streng daartoe sal bepaal om uitsprake te gee ooreenkomstig Art. 31 K.O. en Art. 135 Acta van die Generale Sinode 1939¹⁴⁶. Die bedoeling met die advies is dat meerdere vergaderings tot die kern van regsake sal deurdring en hulle nie op allerlei sypore laat begeef nie. Indien van die kern wegbeweeg word, word die regsgang vertraag met die waarskynlike gevolg dat onreg en daarmee gepaardgaande ellende toeneem. Die sinode besluit om hierdie teregwysing nie te aanvaar nie, maar 'weg te laat'.

Sinodale Vergadering 1945

Voor Sinode 1945¹⁴⁷ dien 'n appèl van 'n broeder en suster wat meen dat hulle verontreg is omdat 'n klassis en partikuliere sinode die beroep wat op hulle gedoen is om oor 'n saak tussen die broeder en suster en hulle kerkraad reg te spreek, onontvanklik verklaar het. Die sinode oordeel dat die broeder en suster inderdaad deur die mindere vergaderings verontreg is en 'verklaar die appèl as geslaagd'. Afgesien van die appèl het die broeder en suster 'n brief aan die sinode gerig, waarin hulle die sinode versoek 'om 'n weg oop te maak waardeur hulle weer kan deel in die gemeenskap met die medegelowiges. Die sinode besluit op aanbeveling van die kommissie wat oor die appèl advies gegee het 'dat op bogemelde brief vriendelik geantwoord sal word dat die weg om tot kerklike gemeenskap toe te tree die plaaslike Kerkraad is'.

Sinodale Vergadering 1961

Sinode 1961¹⁴⁸ behandel 'n ingewikkelde appèl. In hulle uitspraak bevind die sinode op grond van die aanbeveling van die appèlkommissie wat die saak in diepte ondersoek het 'dat die Appellant reg het om hom verontreg te voel deur die uitspraak van die eerwaarde Part. Sinode Oos-Transvaal. Derhalwe slaag die appèl op al die punte'.

Sinodale Vergadering 1967

Sinode 1967¹⁴⁹ het vier appèlsake in behandeling geneem. Al vier sake is op dieselfde manier hanteer. Nadat die appèl ontvanklik verklaar en aan die sinode gestel is, gee die appellante

¹⁴⁶ Acta, 1942:170, artikel 102

¹⁴⁷ Acta, 1945:189-191, artikel 243

¹⁴⁸ Acta, 1961:137-142, artikel 43

¹⁴⁹ Acta, 1967:68-89, artikel 22

toeligting aan die appèlkommissie wat die vergadering oor regspraak moet adviseer en nie aan die hele sinode nie. Uit die verslag van die appèlkommissie blyk dat die kommissie deeglik na al die stukke ter tafel gekyk het. Die kommissie beredeneer die saak, ondersoek die kern daarvan en adviseer die sinode ooreenkomstig hulle bevindinge. Die besluite van die sinode is in al vier gevalle ten gunste van die advies van die appèlkommissie: die rapport word met dank aanvaar¹⁵⁰.

Sinodale Vergadering 1970

’n Appèl van ’n kerkraad teen ’n partikuliere sinode dien voor Sinode 1970¹⁵¹. Bo en behalwe die nagaan van die ter sake stukke, word aan die betrokke partye geleentheid gegee om hulle saak aan die appèlkommissie te stel¹⁵². Die sinode besluit dat sekere dele van die appèl slaag en ander nie. ’n Tweede appèl wat voor die sinode dien, het op ’n onverkwiklike situasie tussen ’n broeder en sy kerkraad betrekking¹⁵³. Die verontregte broeder het onsuksesvol na die klassis en die partikuliere sinode geappelleer, en doen ’n beroep op die nasionale sinode om regspraak te lewer. Hy lê voor al drie onderskeie meerdere vergaderinge dieselfde gronde vir verontregting neer. Uit die acta van Sinode 1970 word nie duidelik of die appellant en die kerkraad by die sinode teenwoordig was nie. Die appèlkommissie van die sinode het ’die saak nagegaan en uit die massa gegewens dit wat werklik betrekking het probeer uitsif¹⁵⁴. Die sinode spreek uit dat die appèl van die broeder op drie van die vyf gronde slaag. Daarmee word die uitsprake van die mindere vergaderings oor dié saak tersyde gestel. Die sinode bedank die appèlkommissie vir hulle werk¹⁵⁵.

Sinode 1973

Voor Sinode 1973 dien verskeie appèlskrifte. In twee gevalle kan die appèlkommissie nie ’n eenduidige aanbeveling maak nie, maar word die sinode met ’n meerderheids- en minderheidsrapport bedien¹⁵⁶. In beide gevalle word sonder opgaaf van redes aan die meerderheidsrapport gevolg gegee, en besluit dat die appèlle nie slaag nie.

Die appèlkommissies wat die sinode oor regspraak adviseer, maak in hulle rapport vir die eerste keer ’n onderskeid tussen formele en materiële gronde waarop die appèl berus en

¹⁵⁰ Acta, 1967:72, 77, 83, 89

¹⁵¹ Acta, 1970:152-155, artikel 80

¹⁵² Acta, 1970:153, artikel 80 D2

¹⁵³ Acta, 1970:156-167, artikel 85

¹⁵⁴ Acta, 1970:166, artikel 4a

¹⁵⁵ Acta, 1970:167

¹⁵⁶ Acta, 1973:227-23 en 1973:236-241

waarvolgens dit beoordeel moet word¹⁵⁷. Die *formele* gronde verwys na die regsproses wat die appèl vanaf die mindere vergadering na die meerdere vergadering gevolg het. Die *materiële* gronde bevat 'n kort historiese oorsig oor die agtergrond van die appèl (opsomming van die saak), en die redes waarom die appellant meen dat hy verontreg is. Elke formele en materiële grond word afsonderlik deur die appèlkommissie beredeneer en aan die regs-beginsels getoets, waarna tot 'n bevinding gekom word wat by wyse van advies met die oog op regspraak aan die sinode voorgelê word.

Sinode 1976

'n Appèl word behandel waarin die saak van formalistiese behandeling van regsake aan die orde kom¹⁵⁸. Alhoewel twee rapporte by wyse van advies voor die sinode gediën het, is almal dit eens dat 'letterknegtelike eerbiediging van 'n prosedurereël' en 'starre formalisme' 'n wesentlike gevaar vir goeie regspraak inhou¹⁵⁹. In beide rapporte word die mening uitgespreek dat die mindere vergadering die betrokke saak waaroor die appèl handel nie reg hanteer het nie, omdat 'die aanvaarding van 'n bloot formele reël van prosedure as deurslaggewend by hierdie appèl wesentlik die gevaar inhou dat onreg geskied'¹⁶⁰. Daar word op die nadelige gevolge gewys wanneer 'n vergadering wat moet regspraak 'bloot 'n appèl laat slaag' in plaas daarvan om 'op al die sake in te gaan en die gewenste optrede by die onderhawige partye te bewerkstellig'¹⁶¹. Die sinode besluit om geen uitspraak oor die appèl te lewer nie, maar die hele aangeleentheid in die lig van die bevindings na die betrokke kerkraad terug te verwys¹⁶².

Sinode 1979

Drie appèlsake dien voor Sinode 1979¹⁶³. Die inhoud van die drie appèlskrifte, asook die sinode se behandeling daarvan, is ooglopend regstegnies van aard. Die sinode besluit met betrekking tot die drie onderskeie appèlsake dat die adviese van die kommissies, wat ook talle beredeneringe en regsbevindinge insluit, aanvaar word. In een van drie sake moes 'n *ad hoc* kommissie aangewys word om ondersoek te doen na 'n klag van die appellant dat die professor in kerkreg, wat as adviseur op die appèlkommissie gediën het, moontlik gepre-judiseer kon wees¹⁶⁴.

¹⁵⁷ Vergelyk Acta, 1973:228, 231-232

¹⁵⁸ Acta, 1976:217-225, artikel 77

¹⁵⁹ Acta, 1976:222, punt 5.4

¹⁶⁰ Acta, 1976:223, punt 6.3

¹⁶¹ Acta, 1976:225, punt 4.2

¹⁶² Acta, 1976:223, punt 7 en Acta 1976:225 punt E

¹⁶³ Acta, 1979:241-245, artikel 62; Acta, 1979:245-261, artikel 63; Acta, 1979:402-407, artikel 118

¹⁶⁴ Acta, 1979:258-260, punt I in samehang met punt H

Sinode 1982

Twee appèlle wat voor die sinode gedien het word weens tegniese redes¹⁶⁵ onontvanklik verklaar¹⁶⁶. Die sinode neem hierdie besluit nieetenaande die regs kommissie se aanbeveling dat daar vir die appellante geleentheid geskep moet word om die nodige bewyse te lewer dat daar geen nalatigheid ten opsigte van die kennisgewing van appèl was nie.

In 'n ander appèl teen 'n besluit van 'n partikuliere sinode voer 'n kerkraad aan dat hulle predikante ten onregte in 'n staat van beskuldiging gestel word, terwyl 'n klag van leerdwaling nie teen hulle ingebring en behandel is nie¹⁶⁷. Die sinode gee die appellerende kerkraad gelyk 'en verwys die saak terug om ooreenkomstig art. 79 KO behandel te word'¹⁶⁸.

Die sinode spreek hom ook oor appèl van 'n teologiese kandidaat uit¹⁶⁹. Die kandidaat meen dat hy verontreg is omdat 'n partikuliere sinode, wat hom met die oog op proponering moes eksamineer, nie 'n ordelike en regverdige besluit oor sy eksamenpreke geneem het nie. Die appèl van die kandidaat slaag op sekere punte¹⁷⁰. Die sinode spreek nie uit wat die effek van die regspraak is nie.

Twee appèlle wat op tughandelinge oor ampsdraers betrekking het¹⁷¹ asook 'n verdere twee appèlle in verband met kerkverbandelike aangeleenthede¹⁷² word in diepte bespreek. In sy uitsprake volstaan die sinode met 'n aanvaarding van die onderskeie kommissierapporte.

Nasionale Sinode 1985

'n Sestal appèlle word deur Sinode 1985 behandel¹⁷³. Die reeds gevestigde patroon om die appèl na 'n kommissie te verwys en met 'n besluit oor die kommissierapport te volstaan, word gevolg. Een van die sake vertoon egter 'n uitsondering op die reëlmaat¹⁷⁴. Drie broeders appelleer in verband met die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar wat as kerk in die kerkverband van die GKSA opgeneem word. In die appèl word onder andere verwys na onafgehandelde tugsake waaraan in die proses van opname in die kerkverband nie

¹⁶⁵ Stukke wat klaarblyklik nie betyds ontvang is nie, terwyl appellante kan bewys dat dit per geregistreerde pos afgestuur is.

¹⁶⁶ Acta, 1982:135, punte 2.3 en 2.4

¹⁶⁷ Acta, 1982:141-145, artikel 63

¹⁶⁸ Acta, 1982:145, punt 4.2.2

¹⁶⁹ Acta, 1982:136-141, artikel 62

¹⁷⁰ Acta, 1982:141

¹⁷¹ Acta, 1982:146-154, artikel 70; Acta, 1982:154-164, artikel 71

¹⁷² Acta, 1982:183-187, artikel 80; Acta, 1982:187-200, artikel 81

¹⁷³ Acta, 1985:827

¹⁷⁴ Acta, 1985:173-178, artikel 54

genoegsame en regte aandag geskenk is nie. Die sinode kom tot die slotsom dat die appèl op vyf van die ses punte nie slaag nie, terwyl een appèlgrond goedgekeur word. Die sinode oordeel voorts dat 'die handhawing van die appèl op hierdie een grond egter nie inhou dat die Klassisbesluit insake die opname van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar in die kerkverband nietig verklaar word nie. Dit hou alleen in dat die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar en die Klassis *met die oog op versoening* opnuut aan die 'onskriftuurlike tughandelinge' van 1958 aandag behoort te gee (my kursivering – GJM)'.

Nasionale Sinode 1988

'n Appèl, wat onder andere na die inhoud van 'n beswaarskrif verwys wat deur 'n mindere vergadering onontvanklik verklaar is, dien voor Sinode 1988¹⁷⁵. Die partikuliere sinode teen wie geappelleer word, het uitgespreek dat 'die beswaarskrif nie *verder* deur die eerw. Part. Sinode behandel word nie en daar ook nie verder op hierdie vergadering met die beswaardes/appellante onderhandel word nie¹⁷⁶. Die motivering vir die uitspraak van die partikuliere sinode is: 'Vanaf die oomblik dat bogenoemde appèl (by die Nasionale Sinode – GJM) aanhangig gemaak is, is die saak onder behandeling (*sub judice*) van die Nasionale Sinode¹⁷⁷. Die appellante en die partikuliere sinode het sodoende 'n dooie punt bereik. 'n Kommissie van die Nasionale Sinode het volle geleentheid aan die appellante sowel as aan die toeligters van die mindere vergadering gegee om die aangeleentheid toe te lig. Die sinode keur op aanbeveling van die kommissie goed dat die appèlgrond wat op die partikuliere sinode se *formele* hantering van die saak betrekking het, slaag. Die appèlgrond wat na die beswaarskrif, dit wil sê die *materie* van die saak verwys, slaag nie. In sy samevattende uitspraak bepaal die sinode dat die appèl in sy geheel slaag. Die implikasies daarvan vir die appellante en die onderskeie mindere vergaderinge wat met die beswaarskrif moes en moet werk, maar 'n dooie punt bereik het, word nie uitgestippel nie.

Algemene Sinode 1988

Ook die enkele appèlsake wat deur die Algemene Sinode behandel is, dui op 'n soortgelyke handelswyse. Dit het gebeur dat 'n appèl slaag, maar die effek van die uitspraak word nie uiteengesit nie¹⁷⁸. In een uitsonderingsgeval, waar daar wel by wyse van 'n slotopmerking 'n aanduiding van die effek van die uitspraak gegee word, betree die sinode die versigtige pad deur daarvan kennis te neem¹⁷⁹. Die slotopmerking word nie goedgekeur nie.

¹⁷⁵ Acta, 1988:565-569, artikel 108

¹⁷⁶ Acta, 1988:568, punt 3.6.4.5.1

¹⁷⁷ Acta, 1988:568, punt 3.6.4.5

¹⁷⁸ Acta, 1988:78-128, artikel 38; vergelyk ook Algemene Sinode Acta, 1980:13-25, artikel 14

¹⁷⁹ Acta, 1988:128, punt 6

Nasionale Sinode 1991

'n Opvolg-appèl ná die appèl van 1988 dien voor Sinode 1991¹⁸⁰. In dié appèl stel die appellante: 'Dit is byna sewe jaar dat hierdie saak skarrel tussen die Klassis Vaalrivier, die Part. Sinode OVS en Natal en die Nasionale Sinode met al die spanning, bitterheid en opoffering wat daarmee gepaard gegaan het. Dit was vir niemand goed nie, allermins vir die gemeente Meyerton. Dit is ooglopend uit die hantering van die beswaarskrifte en appèlle deur beide die Klassis Vaalrivier en die Part. Sinode OVS en Natal dat geen ordelike regspraak van beide instansies verwag kan word nie ...'¹⁸¹. Die appellante is van oortuiging 'dat die eerw. Klassis en Part. Sinode reeds so lank in die onderhawige saak betrokke is dat polarisasie ingetree het en dit nie langer wenslik is dat hierdie vergaderings uitspraak moet gee nie'¹⁸². Kragtens Artikel 30 KO wys hulle die meerdere vergadering op die plig om 'in te gryp in die saak van 'n mindere vergadering by versuim of onwilligheid om op te tree by laasgenoemde'¹⁸³. Die sinode oordeel dat die appellante geen regskrenking beredeneer nie, en spreek uit dat die appèl nie slaag nie¹⁸⁴. Die oortuiging van die appellante dat die betrokke mindere vergadering nie by magte is om in hierdie geval meer reg te spreek nie, en die versoek aan die meerdere vergadering om 'in te gryp' word sonder opgaaf van redes onontvanklik verklaar¹⁸⁵.

In 'n ander appèl wat voor Sinode 1991 dien¹⁸⁶ kla 'n broeder na aanleiding van uitsprake deur 'n klassis en 'n partikuliere sinode dat 'die idee by hom posvat dat met kerksake so omgegaan word dat die wetlike aspekte hoër aansien verdien as die werklike saak waaroor dit gaan ... Ek wil dus eerbiedig aanbied dat hier growwe regskrenking plaasgevind het; dat my appèlle nie aangespreek word nie en sonder meer in die ongelyk gestel word. Daarom wil ek u beleef maar dringend versoek om reg aan my te laat geskied oor die ontvanklikheid van my appèl maar ook om my werklike appèl grondig te ondersoek en uitspraak te lewer'. Die sinode gee die broeder gelyk dat hy deur die klassis en die partikuliere sinode verontreg is. Die acta vermeld niks oor die tweede deel van die appellant se versoek, naamlik om sy 'werklike appèl grondig te ondersoek en uitspraak te lewer' nie.

¹⁸⁰ Acta, 1991:77-87, artikel 12.1

¹⁸¹ Acta, 1991:83, punt 4.2.1 en 4.2.2

¹⁸² Acta, 1991:84, punt 4.2.3

¹⁸³ Acta, 1991:84, punt 4.2.4

¹⁸⁴ Acta, 1991:87, punt 3.5

¹⁸⁵ Acta, 1991:87, punt 4

¹⁸⁶ Acta, 1991:90-95, artikel 12.3

Nasionale Sinode 1994

'n Tweede opvolg-appèl ná die appèlle van 1988 en 1991 dien voor Sinode 1994¹⁸⁷. Drie formele gronde en nege materiële gronde word in die appèl aangevoer. Die sinode spreek uit dat die appèl op die formele gronde slaag, maar dat die materiële gronde weens 'n gebrek aan bewys van regskenking nie slaag nie¹⁸⁸.

'n Appèl van 'n broeder en suster dien waarin hulle hul verontregting vanweë 'n uitspraak deur 'n partikuliere sinode uitspreek¹⁸⁹. Die kern van die saak is dat die broeder en suster teen 'n besluit van die kerkraad oor die wyse van nagmaalviering by die klassis geappelleer het. Die klassis het die broeder en suster gelyk gegee. Sonder medewete van die broeder en suster¹⁹⁰ appelleer die kerkraad teen die klassis na die partikuliere sinode. Die appèl van die kerkraad slaag. Die broeder en suster is in die duister, aangesien hulle gemeen het dat die klassis die saak reeds afgehandel het en nie van die kerkraad se appèl en die uitspraak van die partikuliere sinode weet nie. In hulle beredenering van die appèl by die nasionale sinode stel die broeder en suster onder andere: 'Ons lees in die uitspraak van die Partikuliere Sinode niks van ons saak en die argumente wat ons aangevoer het nie. Ons saak het 'n saak tussen die Klassis en die Kerkraad van Potchefstroom-Noord geword'¹⁹¹. 'Ten slotte is ons grootste grond van beswaar: ons het met argumente uit die Bybel na die Klassis gegaan. Ons het gehoor ons Appèl het geslaag. Ons hoor toe weer ons Appèl is verwerp deur die Partikuliere Sinode ...'¹⁹². Die sinode het die gronde geweeg en bevind dat geen regskenking bewys is nie. Die appèl slaag nie¹⁹³.

Die sinode word ook versoek om uitspraak te gee oor 'n appèl van 'n kerkraad, wat gewortel is in 'n poging om die bestaande appèlprosedure te verfyn¹⁹⁴. Die betrokke kerkraad het aanvanklik twee beskrywingspunte by die klassis laat dien: een oor die noodsaaklikheid dat appellante teenwoordig of beskikbaar moet wees by die vergaderings wat hulle appèlle behandel; 'n tweede oor die noodsaaklikheid dat vooraf gesprek volgens Matteus 18 (gesprek en poging tot versoening) gevoer word, alvorens die appèl in behandeling geneem word¹⁹⁵. Die klassis het beide beskrywingspunte afgewys¹⁹⁶. Die kerkraad appelleer teen die besluit

¹⁸⁷ Acta, 1994:55-72, artikel 12.2.1

¹⁸⁸ Acta, 1994:72, punt 4

¹⁸⁹ Acta, 1994:73-79, artikel 12.2.3

¹⁹⁰ Die broeder en suster is die 'derdes' in die appèlsaak wat voor die partikuliere sinode gedien het (sien hoofstuk 4.4.2.2).

¹⁹¹ Acta, 1994:73, punt 4.1

¹⁹² Acta, 1994:75, punt 4.3.7

¹⁹³ Acta, 1994:79, punt 3

¹⁹⁴ Acta, 1994:90-110, artikel 12.2.8

¹⁹⁵ Acta, 1994:94, punt 3.2

¹⁹⁶ Acta, 1994:94, punt 3.3

van die klassis, omdat hulle nie tevrede was met die motivering wat die klassis vir die afwysing gegee het nie¹⁹⁷, hoofsaaklik omdat die klassis nie op die Skrifberoep van die kerkraad ingaan nie¹⁹⁸. Twee appèlle dien by die partikuliere sinode. Die een word onontvanklik verklaar. Ten opsigte van die tweede appèl is deur die voorsitter van die partikuliere sinode gereël dat slegs een van die kerkraad se twee afgevaardigde toeligers die woord mag voer¹⁹⁹. Na afloop van die partikuliere sinode gee die afgevaardigde toeligers aan die kerkraad te kenne dat hulle ontevrede is oor die wyse waarop hulle deur die partikuliere sinode behandel is²⁰⁰. Die kerkraad gee verder te kenne dat hulle moeite ondervind om die nodige besluite van die Deputate vir Korrespondensie van die partikuliere sinode te bekom om kennis van appèl te gee²⁰¹. Die kerkraad meen dat die partikuliere sinode juis dié onreg doen waarteen met name in die beskrywingspunt gewaarsku word: 'dat daar reg gesprek word sonder om te kontroleer of inligting korrek is en sonder dat die appellante en respondente (verweerders) mekaar hoef te ontmoet'²⁰². Die kerkraad versoek die nasionale sinode om oor die appèl teen die besluit van die partikuliere sinode uitspraak te gee, en – indien die appèl gehandhaaf word – die beskrywingspunte wat deur die klassis van die hand gewys is, in behandeling te neem. Die kerkraad vestig die nasionale sinode se aandag daarop dat dit vir hulle as kerkraad moeilik sal wees om 'weer die weg deur die Klassis en Partikuliere Sinode te volg omdat die huidige prosedures, soos dit binne die ressort van die Partikuliere Sinode Oos-Transvaal toegepas word, 'n struikelblok is om die saak op 'n billike wyse te laat behandel'²⁰³. Die kommissie van die nasionale sinode wat opdrag ontvang het om die sinode oor die appèl te adviseer, het twee woordvoerders van die kerkraad en toeligers van die partikuliere sinode in mekaar se teenwoordigheid aangehoor. Die sinode besluit dat die appèl van die kerkraad op een formele grond slaag, en op al die ander gronde nie slaag nie²⁰⁴. Met betrekking tot die kerkraad se versoek aan die sinode om oor die genoemde beskrywingspunte uitspraak te doen, kan niks in die acta teruggevind word nie.

In 'n appèl van 'n ander kerk teen dieselfde partikuliere sinode²⁰⁵ word eweneens aangevoer dat dokumente wat van die Deputate Korrespondensie aangevra is nie betyds ontvang is nie of van die appellante weerhou is²⁰⁶; dat die appellante nie aangehoor is nie²⁰⁷; dat die partikuliere sinode nagelaat het om ooreenkomstig die skriftuurlike eis getuienis aan te hoor;

¹⁹⁷ Acta, 1994:94, punt 3.4

¹⁹⁸ Acta, 1994:97, punt 4.2.1

¹⁹⁹ Acta, 1994:94, punt 3.5

²⁰⁰ Acta, 1994:94, punt 3.6

²⁰¹ Acta, 1994:94, punt 3.7

²⁰² Acta, 1994:98, punt 4.2.2.2

²⁰³ Acta, 1994:101, punt 5

²⁰⁴ Acta, 1994:110, punt 3

²⁰⁵ Acta, 1994:111-116, artikel 12.2.9

²⁰⁶ Acta, 1994:112, punt 5

²⁰⁷ Acta, 1994:112, punt 6

elke party geleentheid te gee om sy kant van die saak te stel, en reg te spreek²⁰⁸. Die appellante kla dat hulle deur die voorsitter stief behandel is en selfs by tye die vergadering moes verlaat, terwyl die deputate van die klassis toegelaat is om teenwoordig te bly²⁰⁹. Die nasionale sinode oordeel dat die appèl op twee van die vier gronde slaag²¹⁰. Van die appellante se versoek om die oorspronklike appèlskrif wat by die partikuliere sinode gedien het ontvanklik te verklaar en uitspraak daaroor te gee, neem die sinode met verwysing na Artikel 30 KO slegs kennis²¹¹.

Nasionale Sinode 1997

’n Appèl met nege gronde word deur Sinode 1997²¹² ter tafel geneem. Op aanbeveling van die appèlkommissie besluit die sinode dat die appèl op twee gronde slaag²¹³. Die appèlkommissie voeg ’n punt toe, waarin die konsekwensies van hulle aanbeveling en die sinode se regspraak uitgespel word: ‘Omdat die Appèl in sy wese meer oor ’n waarheidsvraag uitsluitel vra, interpreteer u Kommissie die uitslag van die Appèl soos volg: Nóg die appellante, nóg die Part. Sinode Namibië kan volkome gelyk gegee word. Die waarheid lê tussen dié twee standpunte ...’²¹⁴. Die sinode besluit om nie dié punt van die kommissierapport te aanvaar nie, en volstaan met ’n besluit: ‘Die Appèl slaag op kardinale gronde’.

Die aanbeveling van ’n appèlkommissie in ’n ander appèlsaak word sonder opgaaf van redes deur die sinode verwerp²¹⁵. In sy samevatting beredeneer die appèlkommissie dat die appèl op twee van die vier gronde slaag, en voeg daaraan toe: ‘Hierdie appèlgronde maak die wese van die appèl uit...’²¹⁶. Die sinode se samevattende besluit lui: ‘Die appèl slaag in sy geheel nie’²¹⁷.

Nasionale Sinode 2000

Sinode 2000²¹⁸ moet oor sewentien appèlsake uitspraak gee. ’n Regskommissie het ooreenkomstig goedgekeurde prosedure²¹⁹ die ontvanklikheid van die appèlle nagegaan en verseker dat al die nodige inligting ter tafel is. Regspraak in al sewentien appèlle is op

²⁰⁸ Acta, 1994:112, punt 7

²⁰⁹ Acta, 1994:113, punt 9.4

²¹⁰ Acta, 1994:116, punt 3

²¹¹ Acta, 1994:116, punt 4

²¹² Acta, 1997:61-79, artikel 12.3.2

²¹³ Acta, 1997:79, punt 3.2.1

²¹⁴ Acta, 1997:79, punt 3.2.2

²¹⁵ Acta, 1997:100-118, artikel 12.3.4

²¹⁶ Acta, 1997:118, punt 4.5

²¹⁷ Acta, 1997:118, punt 4

²¹⁸ Acta, 2000:41-177, artikel 12

²¹⁹ Acta, 1991:539-540

dieselfde lees geskoei. In sy rapport gee die appèlkommissie inligting oor die stukke wat ter insae was, toeligting wat deur betrokkenes gegee is, asook 'n kort agtergrondskets van die appèl. Daarna word elke grond wat deur die appellant aangevoer word een vir een bespreek. Die appèlkommissie gee sy beoordeling van die saak (die kern van die vermeende verontregting en die toepaslike regs vrae kom hier aan die orde), sy bevinding en sy aanbeveling op grond waarvan die sinode regspraak lewer.

In een van die appèlle versoek die appellant dat die sinode die besluit van die partikuliere sinode waarteen hy appelleer asook die besluit van die kerkraad, wat die ander party in die geding is, nietig sal verklaar²²⁰. Hierby aansluitend vra die appellant dat, indien die appèl slaag, die sinode die kerkraad 'sal adviseer hoe om die nietigverklaring van die besluit te bestuur'. Die appellant meen verder dat, indien sy appèl slaag, "n woord van vermaning aan die kerke in Klassis Natal en Part. Sinode OVS/Natal in ons tyd gepas sal wees om die eer van die Here en erns in kerkregering te dien'. Die onreg waaroor dit vir die appellant gaan, is dat die partikuliere sinode – wat uitspreek dat die klassis (as eerste instansie van appèl) onregmatig gehandel het deur sy appèl onontvanklik te verklaar – versuim om self op die materie van die appèl in te gaan. Die appellant is van mening dat dit ooreenkomstig Artikel 30 KO juis die partikuliere sinode (as tweede instansie van appèl) se taak is om die gronde van sy appèl te ondersoek en hom daarvoor uit te spreek²²¹. Die appèlkommissie van die nasionale sinode oordeel dat 'deur die appèl te laat slaag, die Part. Sinode beslis het dat die Appèlle by die Klassis wel ontvanklik was en dat die Klassis nou die Appèlle moet hanteer. Die appellant se reg is nie hierdeur gekrenk nie, maar juis gehandhaaf. Die vergadering wat om tegniese redes nie sy saak wou aanhoor nie, moet dit nou doen. Die Appèlle moet dus opnuut voor die Klassis dien'²²².

In sy uitspraak oor 'n ander appèl kom Sinode 2000²²³ tot 'n gelykluidende slotsom: 'Indien 'n Appèl teen 'n besluit van 'n mindere vergadering slaag, is die saak terug op die Agenda van die mindere vergadering ... Die inhoudelike beoordeling van die Beswaarskrif (die materie van die saak – GJM) was egter nie op die Agenda van die meerdere vergadering nie'.

Nasionale Sinode 2003

Uit die wyse waarop Sinode 2003 appèlle behandel, blyk dat die appèlkommissies deurgaans gepoog het om nie net op grond van stukke te oordeel nie, maar die appellant en toeligtters van

²²⁰ Acta, 2000:165, punt 6

²²¹ Acta, 2000:166, punt 2.1

²²² Acta, 2000:166, punt 2.1.1

²²³ Acta, 2000:173, punt 2.2.1

die mindere vergadering in mekaar se teenwoordigheid aan te hoor. Aan al die betrokkenes, asook aan diegene wat die kommissie te woord wil staan, word ruim geleentheid vir vroeë en bespreking gebied²²⁴. Waar nodig, is vir opheldering van sake gevra ten einde duidelikheid en sekerheid oor die feite op tafel te kry²²⁵. In twee gevalle maak die appèlkommissie 'met groot dank' melding van die 'baie mooi broederlike wyse' waarop die wedersydse aanhoor van die appellant en toeligtters van die mindere vergadering kon geskied²²⁶.

Sinode 2003²²⁷ behandel 'n appèl wat betrekking het op 'n broeder wat voorheen predikant was, en opnuut aansoek doen om tot die amp van Woordbedienaar toegelaat te word. 'n Lang proses het aan die appèl voorafgegaan en daartoe aanleiding gegee. Die sinode spreek uit dat die appèl van die broeder slaag²²⁸. In die acta word ook melding gemaak van die konsekwensie van die uitspraak, naamlik 'dat die hele aansoek van vooraf (*de novo*) begin by die kerkraad van Nigel'. Hiervan neem die sinode kennis²²⁹.

Ten opsigte van 'n ander appèl oordeel Sinode 2003²³⁰ dat dit ook slaag²³¹. Weereens vermeld die acta die konsekwensie van die sinode-uitspraak: 'Dat die appèl van vooraf (*de novo*) deur Oostelike Part. Sinode 2003 kragtens artt. 30 en 31 hanteer word. Die Appellant het in die ontmoeting met die Appèlkommissie aangedui dat hy 'n pad van versoening wil loop alreeds vóór Oostelike Part. Sinode 2003. Alle betrokkenes by hierdie saak moet asseblief van hierdie gesindheid deeglik kennis neem'. Die sinode keur dit goed²³².

In 'n uitsonderlike uitspraak keur Sinode 2003²³³ goed dat 'n bepaalde appèlsaak, waarby verskeie individuele lidmate en kerke en klassies betrokke is, nie verder behandel word nie. Hierdie uitspraak volg op die rapport van die appèlkommissie wat na deeglike ondersoek van die saak bevind dat die omvang van die materie van die appèl en die verstrengelde aard daarvan sodanig is dat dit vir die sinode onmoontlik gemaak word om in die tyd tot sy beskikking goeie regspraak te lewer. Bowendien oordeel die appèlkommissie dat regspraak in die appèl nie die totale probleem, waarvan die inhoud van die appèl slegs 'n onderdeel is, sal oplos nie. Vir 'n totale oplossing is versoening tussen botsende partye van grondvlak af noodsaaklik²³⁴. Die sinode besluit om die appèl, sowel as die rapport van die appèlkommissie, na 'n

²²⁴ Acta, 2003:49, punt 2.1; Acta, 2003:61, punt 2.1; Acta, 2003:69, punt 2.1.1; Acta, 2003:85, punt 2.1

²²⁵ Acta, 2003:57, punt 2.1

²²⁶ Acta, 2003:69, punt 2.2; Acta, 2003:81, punt 2.1

²²⁷ Acta, 2003:62-72, artikel 12.2.4

²²⁸ Acta, 2003:72, punt 4

²²⁹ Acta, 2003:72, punt 5

²³⁰ Acta, 2003:73-82, artikel 12.2.5

²³¹ Acta, 2003:82, punt 4

²³² Acta, 2003:82, punt 5

²³³ Acta, 2003:101, punt 2.2.1

²³⁴ Acta, 2003:101, punte 2.1.1 en 2.1.4

Synodus Contracta te verwys. Alle betrokkenes word inmiddels gewys op die plig wat op hulle rus om volgens Matteus 5:23-24 die inisiatief te neem in die soeke na versoening. Voordat die *Synodus Contracta* byeenkom, moet die betrokkenes met mekaar vergader. Die sinode wys vier adviseurs aan wat 'n fasiliteringsrol speel en leiding gee ten einde mee te help om 'n oplossing van probleme te verkry en die partye tot versoening te lei²³⁵.

5.3 APPÈLPROSEDURES IN ANDER KERKE

Om die denke en optrede van die GKSA insake appèl binne 'n breër konteks te plaas, word die appèlprosedures en -reëlings van ses kerke in die buiteland weergegee: drie uit Nederland, waar die wortels van die GKSA histories gesproke lê, twee uit die VSA en een uit Skotland²³⁶. Daar sou met goeie reg en genoegsame rede na die appèlprosedures van talle ander Gereformeerde Kerke, ook in ander wêrelddele, gekyk kon word. Binne die raamwerk en beperkte ruimte van die studie word met hierdie ses volstaan.

5.3.1 Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt)

Die *Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt)* (GKV) het, na ongeveer tien jaar van studie, in 2003 'n reëling vir die appèlprosedure vasgestel²³⁷. Die reëling bestaan uit twintig artikels wat in vier dele gegroepeer is.

Indiening van appèlskrif

1. Wanneer 'n kerklike vergadering of 'n lid van een van die kerke kragtens Artikel 31 appelleer, sal die kerk of die lidmaat die appèlskrif so gou as moontlik nadat die besluit geneem is by die kerk wat as roepende kerk vir die eersvolgende generale sinode aangewys is, indien. Die appèl word per e-pos sowel as skriftelik in sewevoud ingedien.
2. Die roepende kerk sal die appèlskrif op die voorlopige agenda van die sinode plaas.
3. 'n Appèlskrif behoort ten minste die volgende elemente te bevat:
 - 'n weergawe van die besluit en/of handeling van die partikuliere sinode waaroor die geskil ontstaan het;
 - In uiteensetting van die besware van die appellant, met redes en verduidelikings en feite om die klag te staaf;
 - 'n duidelike omskrywing van wat die appellant van die sinode vra.

²³⁵ Acta, 2003:101, punte 2.2.2-2.2.5

²³⁶ Behalwe die PKN, het die GKSA korrespondensie met al die kerke wie se prosedures onder die loep geneem word.

²³⁷ Acta, Generale Sinode Zuidhorn 2002-2003, Artikel 50 bylae III 10

Indien die appèlskrif gerig is teen die uitspraak van 'n partikuliere sinode, bevat die appèlskrif tewens 'n weergawe van die oorspronklike geskil.

Indien 'n appèlskrif nie aan hierdie vereistes voldoen nie, sal die appellant geleentheid ontvang om sy geskrif aan te vul binne 'n termyn wat deur die deputaatskap appèlsake van die sinode bepaal word. Die deputaatskap vergewis hom daarvan dat die appellant die ander party oor sy beroep op die generale sinode ingelig het.

Benoeming van deputaatskap

4. Vir die voorbereiding van die behandeling van appèlsake sal die generale sinode 'n deputaatskap benoem.
5. Die deputaatskap bestaan uit ses lede en ses *secundi*. Hulle word vir 'n termyn van drie jaar benoem en kan hoogstens twee maal herbenoem word. In die deputaatskap word ten minste twee juriste en twee teoloë benoem. Die generale sinode wys een van die deputate as sameroeper en voorsitter van die deputaatskap aan.
6. Niemand van die deputaatskap wat al voorheen by die hantering van die saak betrokke was, of wat in enige persoonlike verhouding met een of beide partye staan, mag by die verdere behandeling daarvan betrokke wees nie.

Voorbereidende handeling van deputate

7. Die deputate begin so spoedig as moontlik om van die appèlskrif kennis te neem en die behandeling daarvan deur die generale sinode voor te berei. Indien die deputaatskap nie daarin slaag om sy voorbereidende werk af te rond voordat die sinode 'n aanvang neem nie, moet hulle dit tydig aan die sinode meedeel. In oorleg met die moderamen van die sinode sal 'n datum bepaal word waarop die sinode die advies van die deputate kan behandel. Deputate het bevoegdheid om 'n geskil te skik wat tot intrekking van die appèlskrif sal lei.
8. 'n Appèlskrif word eers deur die deputate vir ontvanklikheid getoets. Dit is by voorbaat nie-ontvanklik:
 - as dit nie ingedien is voor die sluitingsdatum wat die roepende kerkraad neergelê het nie, tensy goeie redes vir afwyking gegee kan word;
 - as die appellant geen lid van die kerk meer is nie, tensy dit 'n appèl betref teen onreg wat hom in sy hoedanigheid as kerklid aangedoen is en die gevraagde uitspraak betekenis het vir sy terugkeer na die kerk, of vir herstel van sy goeie naam in die gemeente, of wanneer hy optree in sy kwaliteit as wettige verteenwoordiger van 'n kerklid.
9. Die partye in die geskil is diegene wat by die oorspronklike beswaar betrokke is. Die partye sal alle gevraagde en relevante stukke wat op die geding betrekking het aan die deputate beskikbaar stel en die nodige inligting verskaf. Die deputate is bevoeg om

termyne hieraan te koppel waarbinne daar op samewerking gereken moet kan word. Die deputate sal toesien dat die partye volledig ingelig is oor die stukke en inligting wat van weerskante in die behandeling van die saak ter tafel gebring word. Die onus rus op die deputate om, as die indiener van 'n stuk uitdruklik daarvoor vra, te beoordeel of stukke vanweë hulle vertroulike karakter nie geskik is om aan die ander party voorgelê te word nie. As geoordeel word dat 'n beroep op vertroulikheid tereg is, behoort die deputate slegs die karakter van die vertroulike stukke te noem. Die ander party mag dan vra dat dié stukke by die besluitvorming buite beskouing bly.

10. Die deputate sal so gou as moontlik mondelinge hoor en wederhoor toepas. Partye kry geleentheid om toeligting te gee. Partye word in mekaar se teenwoordigheid aangehoor. Kerklede, wat regstreeks deur die saak geraak word, kan eweneens deur die deputate aangehoor word. Dit geld ook vir visitatore en andere wat tevore in die regsgang by die saak betrokke was. Van laasgenoemde moet die partye kennis kan neem.
11. Die partye het die reg om in hulle skriftelike en mondelinge kontak met die deputaatskap bystand te bekom.
12. Van alle mondelinge besprekings word altyd 'n kort verslag gehou, wat ná die tyd skriftelik aan albei partye beskikbaar gestel word.
13. Die deputate kan advies en hulp van deskundiges inwin, mits die noodsaaklike geheimhouding daarby in ag geneem word.
14. Die deputate stel hulle rapport met 'n volledige konsep vir 'n besluit op. Die rapport word as 'vertroulik' gemerk en ten minste tien dae voor die datum waarop die sinode dit moet behandel ingedien. Die sinode bepaal vervolgens die wyse van behandeling en bring die partye en ander betrokkenes hiervan op hoogte.
15. As die werk van die deputate nie klaarkom nie, moet die sinode betyds in kennis gestel word, sodat 'n nuwe datum vir afhandeling bepaal kan word.

Behandeling en besluitvorming deur die sinode

16. By die behandeling van die appèlskrif deur die sinode sal ten minste twee deputate aanwesig wees om die rapport te stel en toe te lig en die sinode van verdere advies te bedien.
17. Die betrokke partye kry tydens die sinode geleentheid om hulle saak te stel en toe te lig. Die lede van die generale sinode wat by 'n appèlsaak betrokke is (was) – onder wie in elk geval die afgevaardigdes van die partikuliere sinode teen wie die appèl ingestel is – maak geen deel uit van die vergadering wat die appèl behandel nie. Indien 'n sinode besluit om 'n appèlskrif *in camera* te behandel, sal die lede van die sinode wat by die appèlsaak betrokke is (was), die vergadering verlaat voordat die beraadslaging begin. Dieselfde geld vir die partye, as hulle toegestaan word om hulle sienswyse mondeling in die vergadering toe te lig.

18. In die besluit van die sinode behoort die volgende elemente opgeneem te word:
- 'n weergawe van die besluit en/of handeling van die mindere vergadering waaroor die geskil ontstaan het;
 - 'n samevatting van die besware wat die appellant daarteen ingebring het;
 - 'n samevatting van die gronde, toeligting en *casu quo* verweer van die betrokke mindere vergadering;
 - 'n noukeurige verantwoording van die gronde waarop die uitspraak van die generale sinode berus;
 - 'n duidelike uitspraak van die generale sinode oor die appèlskrif;
 - waar nodig 'n aanwysing van die regsgevolge van die genome besluit;
 - indien van toepassing, nadere aanwysings insake die weg waarlangs herstel van reg en vrede bewerkstellig kan word.

Die sinode sal binne twee weke op 'n ordelike wyse kennis van sy besluit aan die betrokke partye gee.

19. Indien iemand op grond van Artikel 31 KO by 'n generale sinode in appèl gegaan het en 'n appèlskrif ooreenkomstig die appèlreëling by die deputate ingedien het, is die deputate bevoeg om – indien dit uit 'n oogpunt van spoedeisendheid en ter voorkoming van onherstelbare nadeel absoluut noodsaaklik is – 'n ordemaatreël te tref totdat die generale sinode oor die appèl beslis het. Die appellant moet in daardie geval 'n skriftelik gemotiveerde versoek by die deputaatskap indien. Deputaatskappe sal so 'n versoek sover moontlik in ooreenstemming met die goedgekeurde reëling behandel.
20. As daar omstandighede is waarvoor hierdie reëling geen voorsiening maak nie, beslis die sinode self daarvoor.

5.3.2 Protestantse Kerk in Nederland

Die *Protestantse Kerk in Nederland* (PKN) het daarvoor gekies om, waar daar oor geskille beslis moet word, nie die amptelike vergaderinge vir so 'n ondersoek en beslissing verantwoordelik te hou nie²³⁸. Instansies wat onafhanklik van die amptelike vergaderinge staan, moet vasstel wat in 'n konkrete situasie reg is. Net soos by die burgerlike owerhede, word daar 'n duidelike onderskeid getref tussen vergaderinge waaraan wetgewende en bestuurlike take opgedra word, en kolleges wat spesifiek vir regspraak (dit is: toepassing van die wetgewing) verantwoordelik gehou word. Onafhanklike regters word aangewys om die regsbeskerming van diegene wat by 'n geskil betrokke is, te dien. Die kerklike karakter van die regspraak word verseker deurdat die geskilbeslegting by *kerklike* kolleges rus; dit is kolleges

²³⁸ Van den Heuvel *red.*, 2004:224

wat deur die kerk self ingestel word en waarvan die lede deur die vergadering van belydende lidmate benoem word.

Ordinansie 12 van die PKN-kerkorde²³⁹ het betrekking op die behandeling van besware en geskille. Die ordinansie bestaan uit twaalf artikels, wat elkeen uit verskeie paragrawe saamgestel is. Slegs dele wat direk van toepassing is, word uitgelig.

Artikel 1: Algemeen

- 1-1. Die behandeling van besware en geskille geskied volgens reg, met inagneming van die regverdigheid en liefde in die gemeenskap van die kerk.
- 1-2. Die behandeling van besware en geskille word opgedra aan kolleges vir die behandeling van besware en geskille (hierna genoem: kollege), wat dit ooreenkomstig die aanvaarde ordinansie hanteer.
- 1-3. Afgesien van die reg tot appèl en beswaar bestaan die reg tot revisie.

Artikel 2: Die kolleges vir die behandeling van besware en geskille

- 2-1. Daar is net soveel regionale kolleges vir die behandeling van besware en geskille as wat daar algemene klassikale vergaderinge is. Die regsgebied van 'n regionale kollege vir die behandeling van besware en geskille omvat die klassies wat in die algemeen klassikale vergadering saamkom.
- 2-3. 'n Regionale kollege bestaan uit vyf lede, wat deur die algemeen klassikale vergadering benoem word. Hulle word gekies uit die belydende lidmate van die kerke in hulle gebied. Die lede word vir 'n periode van agt jaar benoem en kan nie vir 'n tweede agtereenvolgende periode herbenoem word nie. Ten minste drie lede moet ampsdraers wees. Die drie ampte moet sover moontlik verteenwoordig wees.
- 2-4. Die voorsitter word deur die algemeen klassikale vergadering aangewys.
- 2-5. 'n Adviserende lid in die hoedanigheid van meester in die regte word deur die algemeen klassikale vergadering vir 'n periode van vier jaar op die kollege benoem.
- 2-7. Die generale kollege vir behandeling van besware en geskille bestaan uit vyf lede, wat deur die generale sinode uit die belydende lidmate van die kerke benoem word. Vir die samestelling van die generale kollege geld dieselfde reëls as vir die klassikale kollege.
- 2-11. Vir elke lid van die kollege word 'n *secundus* en 'n *tertius* aangewys wat dieselfde hoedanigheid as die *primus* besit.
- 2-12. Iemand kan nie op twee kolleges tegelyk dien of advies gee nie.

²³⁹ Van den Heuvel *red.*, 2004:235-253

Artikel 4: Geskille

- 4-2. 'n Geskil dien by wyse van 'n beswaarskrif²⁴⁰ by die bevoegde kollege wat daarvoor moet oordeel. Die betrokke kollege stuur 'n afskrif van die geskrewe geskil aan die instansie met wie die geskil bestaan.

Artikel 5: Beswaarskrif

- 5-1. 'n Beswaarskrif moet die volgende bevat:
- naam en woonplek van die beswaarde;
 - vermelding van die besluit waarteen die beswaar ingebring word, en indien moontlik die datum van die besluit;
 - uiteensetting van gegronde redes vir die beswaar;
 - toeligting waarom die beswaarde deur die besluit verongelyk is;
 - dagtekening en handtekening van die beswaarde, of – indien dit 'n vergadering is – dié van die voorsitter en skriba van die betrokke vergadering.
- 5-2. Indien 'n beswaarskrif nie aan bogenoemde voldoen nie, stel die kollege die beswaarde in die geleentheid om sy beswaarskrif met die nodige gegewens aan te vul.
- 5-3. 'n Beswaarskrif kan deur 'n beswaarde teruggetrek word solank as wat die kollege nog nie daarvoor beslis het nie.

Artikel 6: Bevoegdheid

- 6-3. Indien 'n lidmaat of kerklike vergadering nalatig is in die nakoming of uitvoering van 'n beslissing deur 'n kollege, is die kollege bevoeg om kerklike tug uit te oefen.

Artikel 7: Behandeling in eerste aanleg

- 7-1. Die kollege lewer binne die termyn wat vooraf aan die beswaardes bekend gemaak is, uitspraak oor die saak wat voor hom dien. Dié termyn kan met opgaaf van redes verkort of verleng word.
- 7-2. As betrokkenes daarvoor vra, of as die kollege oordeel dat dit nodig is, kan die betrokkenes die hulp van 'n raadsman of -vrou bekom.
- 7-3. Die behandeling van 'n beswaar of geskil is nie openbaar nie. Die kollege kan uit eie beweging of op versoek van die betrokkenes besluit om die geskil in die openbaar te behandel.
- 7-4. Die kollege kan na gelang van omstandighede en bevinding van sake 'n bestaande besluit bevestig, geheel of ten dele vernietig, of aanvul.

²⁴⁰ In 8-3 van die ordinansie word na 'n beroepskrif verwys. In hierdie studie word tussen die term beswaarskrif en beroepskrif, soos wat dit in die PKN-kerkorde gebruik word, geen onderskeid gemaak nie. Na beide word verwys as 'n appèlskrif.

- 7-5. Geen uitspraak kan gedoen word as nie ten minste vier lede van die kollege aanwesig is nie.
- 7-6. Die kollege beslis by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme oor die saak wat voor hom dien. By staking van stemme het die voorsitter 'n deurslaggewende stem.
- 7-8. Die uitspraak word op skrif gestel en bevat die volgende elemente:
- naam, amp (indien van toepassing), asook die woonplek van die beswaarde;
 - dagtekening van die besluit wat bestry word, tesame met die datum waarop die beswaarskrif by die kollege ingedien is;
 - feitlike samevatting van beswaar of geskil;
 - regsgronde waarop die uitspraak berus;
 - duidelike beslissing insake die beswaar of geskil; indien nodig 'n reëling betreffende die regsgevolge van die uitspraak;
 - 'n mededeling óf beroep op 'n meerdere kollege moontlik is;
 - dagtekening van die uitspraak, geteken deur die voorsitter en skriba van die kollege.
- 7-9. Binne dertig dae na lewering van sy uitspraak stuur die kollege skriftelike kopieë aan:
- diegene wat die beswaar ingedien het;
 - die kerklike liggaam teen wie die beswaar ingebring is;
 - die klein sinode;
 - die moderamen van die klassikale vergadering in wie se ressort die plaaslike kerk is;
 - die kollege vir visitasie indien gemeen word dat visitatore met oplossing van die geskil moet/kan help.
- 7-10. 'n Verslag, waarin die persoonlike gegewens rondom die geskil en die uitspraak verwyder is, word vir die vergadering opgestel aan wie die betrokke kollege verantwoording verskuldig is.

Artikel 8: Beroep

- 8-1. Iemand kan hom teen die uitspraak van 'n regionale kollege op die generale kollege vir die behandeling van besware en geskille beroep.
- 8-2. So 'n beroep moet skriftelik en gemotiveerd binne dertig dae na die beslissing van die regionale kollege ingestel word.
- 8-3. Indiening van 'n beroepskrif het geen skorsende uitwerking op die omstrede besluit van die regionale kollege nie. Die voorsitter van die generale kollege kan in bepaalde

omstandighede wel versoek dat die besluit van die regionale kollege opgeskort word, en 'n spoedvoorsiening tref om so gou moontlik uitsluitel oor die saak te gee²⁴¹.

- 8-4. Ten aansien van 'n uitspraak deur die generale kollege is geen verdere beroep moontlik nie, behalwe dat vir hersiening van die uitspraak aansoek gedoen kan word.
- 8-5. Insake besware teen prosedures wat gevolg is by die verkiesing van ampsdraers, lewer die regionale kollege finale uitspraak. Geen verdere verlof tot appèl sal teen so 'n uitspraak toegestaan word nie.

Artikel 9: Behandeling van 'n saak in beroep

Dieselfde reëls geld as vir behandeling in eerste aanleg (artikel 7).

Artikel 10: Vernietiging in die belang van eenheid in die behandeling van besware en geskille

- 10-1. In belang van eenheid ten opsigte van die behandeling van besware en geskille kan die generale kollege binne sestig dae na die dag waarop 'n regionale kollege sy geskrewe uitspraak versend het, die betrokke uitspraak nietig verklaar. In die plek daarvan kan hy sy eie besluit met uiteensetting van regsgevolge aan die betrokkenes bekend maak.
- 10-2. Die generale kollege kan – ter wille van eenheid in regspraak, en met opgaaf van motiverings – die einduitspraak van 'n regionale kollege onjuis bevind. Die regsgevolge van die uitspraak van die regionale kollege kan egter nie aangetas word nie.

Artikel 11: Hersiening

- 11-1. Indien 'n generale kollege in verband met 'n uitspraak, waarteen geen verdere beroep meer moontlik is nie, feite en omstandighede ontmoet waarmee tevore geen of onvoldoende rekening gehou is, en daardie feite tot 'n ander uitspraak aanleiding kan gee, is die generale kollege bevoeg om tot hersiening van die saak oor te gaan en 'n nuwe uitspraak te lewer.
- 11-2. Wanneer 'n generale kollege op hersiening van 'n uitspraak besluit, reël hy – waar en in soverre dit nodig is – die regsgevolge van sy hersiene uitspraak.

Artikel 12: Revisie deur die vergadering wat die besluit geneem het

- 12-2. Wanneer teen 'n bepaalde besluit 'n versoek vir revisie en terselfdertyd 'n beswaar ingebring word, bepaal die voorsitter van die kollege dat die behandeling van die beswaar opgeskort word totdat die betreffende kerklike liggaam 'n uitspraak oor die revisieversoek gedoen het.

²⁴¹ Op die oog af is daar 'n kontradiksie in hierdie bepaling. In sy kommentaar op die kerkorde oordeel Van den Heuvel *red.* (2004:242) dat die indiening van appèl, met name waar dit tugsake aangaan, wel 'n skorsende effek het.

- 12-4. As die revisieversoek afgewys word, word daar met die behandeling van die beswaarskrif voortgegaan.
- 12-5. 'n Versoek tot revisie word nie ingewillig indien daar geen nuwe materie, wat tot 'n ander besluit kan lei, aan die vergadering voorgelê word nie.

5.3.3 Gereformeerde Gemeenten

Die *Gereformeerde Gemeenten* (GG) het 'n handleiding en toeligting by die kerklike regspraak gepubliseer. Uit die handleiding word duidelik hoe daar in dié kerke met appèl te werk gegaan word. Beskerming van die broederlike karakter, asook openheid en eenvoud van behandeling is fundamenteel vir kerklike regspraak²⁴². Kerklike vergaderinge is vanweë hulle amptelike karakter geroep om veral oortuigend, tereg wysend, oorredend en leidend op te tree. Herstel van gebroke verhoudings word as doel van kerklike regspraak gestel²⁴³. Goeie kerklike regspraak moet ten alle tye vir ondersoek deur 'n wêreldlike regter vatbaar wees²⁴⁴.

Geen volledige appèlprosedure word gegee nie; tog is daar duidelike rigtingwysers waarvolgens kerklike regspraak moet geskied²⁴⁵. Kerklike ampsdraers wat moet regspraak moet op hoogte van die reëls van kerkreg wees. Hulle moet teen formalisme, harde en ongevoelige regspraak waak, maar ook teen eiewilligheid²⁴⁶.

Die belanghebbendes

- Alleen lidmate van die gemeente kan in appèl gaan. Sonder lidmaatskap van die gemeente is daar in beginsel geen appèl moontlik nie.
- Iemand moet persoonlik by 'n beslissing van die kerkraad betrokke wees om van appèlreg gebruik te maak. Persoonlike betrokkeheid is nie beperk tot sake van materiële aard nie, maar kan ook aanwesig wees as daar beswaar oor leeruitsprake gemaak word. Selfs as 'n kerkraad nie binne 'n redelike tyd 'n besluit oor 'n gewigtige saak neem nie, kan dit 'n grond vir appèl wees.

Hoe word appèl ingestel?

- Elke kerklike vergadering is in die lig van die Skrif daartoe verbind om 'n lidmaat tydig oor die moontlikheid van appèl binne 'n bepaalde termyn in te lig.

²⁴² GG, 1999:30

²⁴³ GG, 1999:10,18

²⁴⁴ GG, 1999:30

²⁴⁵ GG, 1999:30-78. Ter wille van eenvormigheid in die studie word na die rigtingwysers as 'n prosedure verwys.

²⁴⁶ GG, 1999:13

- Die appèlskrif vermeld die personalia van die betrokke lidmaat, die besluit waarteen beswaar aangeteken word en 'n so duidelik as moontlike beskrywing van die gronde waarop die appèl rus.
- Kerklike vergaderinge is geroep om daarop ag te gee dat die kerk nie op suiwer formele gronde die regte van die lidmate en die welsyn van die gemeente benadeel nie.

By wie word beroep ingestel?

- Vir die beslissing van die kerkraad is die klassis die beroepsinstansie; vir die besluite van die klassis is die partikuliere sinode, en vir die beslissings van die partikuliere sinode is die generale sinode die beroepsinstansie.
- Geen beroepsinstansie mag oorgeslaan word nie.
- Die lidmaat gee van sy besluit om appèl aan te teken skriftelik kennis aan die skriba van die kerklike vergadering wat die besluit geneem het waardeur die lidmaat meen verongelyk te wees. Die appellant moet sorg dat die betrokke kerklike vergadering tydig oor sy appèlskrif kan beskik.
- Die kerkraad sorg dat die appèlskrif direk ná ontvangs by die skriba van die roepende kerkraad van die meerdere vergadering besorg word. Die skriba oordeel dadelik of die appèlskrif die nodige personalia, die besluit waarteen appèl aangeteken word en die appèlgronde bevat. As sekere gegewens ontbreek, moet die skriba van die roepende kerk die appellant daarop wys en hom of haar versoek om die appèlskrif aan te vul.
- Indien desondanks tog een of meer van die wesenlike gegewens in die appèlskrif ontbreek, verklaar die kerklike vergadering die appèl as onontvanklik.
- Die skriba van die roepende kerk stel, onmiddellik na ontvangs van die appèlskrif, die kerklike vergadering wat die betwiste besluit geneem het in die geleentheid om skriftelike kommentaar in te dien. Na ontvangs van hierdie kommentaar sorg die skriba van die roepende kerk dat die appèlskrif tesame met die kommentaar aan die afgevaardigdes na die meerdere vergadering gestuur word.
- Iemand kan met dieselfde saak slegs een maal by 'n bepaalde vergadering appelleer. Daarom is daar geen regstreekse appèl vanaf een generale sinode op 'n ander moontlik nie.

Termyn van appèl

- 'n Termyn van twee maande word aanbeveel²⁴⁷. Hierdie termyn begin op die dag wat volg op die datum van die betwiste beslissing. Indien die appellant nie oor die dag van die beslissing ingelig kon word nie, verskuif die begin van die termyn na die datum waarop die appellant redelikerwys van die beslissing kennis kon neem.

²⁴⁷ 'n Appèl is anders as enige ander ingekome stuk en dra besondere gewig. As sodanig dien dit so spoedig as moontlik op die agenda (GG, 1999:49).

Opskortende werking van appèl

- Kerklike vergaderinge spreek hulle oor die opskortende werking van 'n appèl uit. Daarby word die vraag beantwoord of die besluit wat geneem is onmiddellik uitgevoer moet word en of die uitvoering van die besluit opgeskort kan word solank as wat die besluit vir appèl oopstaan, of 'n appèl wat ingebring is nog nie behandel is nie.
- In besondere gevalle kan dit noodsaaklik wees om besluite direk uit te voer, byvoorbeeld in geval van tug oor growwe, openbare sondes en tug vanweë onsuiverheid in die leer.

Gronde vir appèl

- Die gronde vir appèl is in die Skrif, belydenisskrifte, leeruitsprake van die generale sinode en/of die kerkorde geleë.
- Dit sluit in dat appèlgronde by geskille van stoflike aard tewens in onvoldoende afweging van die belange van die betrokke gemeente of in die skending van die beginsels van behoorlike kerkbestuur geleë kan wees.

Bystand en advies

- As iemand self bekwaam is om die woord te voer, moet daar gewaak word teen die gebruik van 'n 'mond'. In ander gevalle moet die versoek om bystand van 'n 'mond' gunstig oorweeg word.
- Sodanige 'mond' moet onberispelik in leer en lewe wees, lidmaat van die GG wees of homself met die GG se leer en lewe kan identifiseer.
- Kerklike vergaderinge mag 'n verongelykte lidmaat nie die voorreg ontnem om kerkregtelike advies by 'n deskundige uit eie kring in te win nie.
- Volop geleentheid moet tot mondelinge toeligting van die appèl gegee word.

Die behandeling

a. Algemene uitgangspunte

- Die behandeling van alle appèlle begin daarmee dat die betrokkenes 'n mondelinge of skriftelike toeligting op die ingediende stukke gee. As die kerklike vergadering dit nodig ag, kan mondelinge toeligting in teenwoordigheid van die wedersydse betrokkenes plaasvind. As 'n betrokke 'n verklaring aflê, kan die kerklike vergadering bepaal dat die ander betrokkenes daarby teenwoordig mag wees. Indien 'n kerklike vergadering anders besluit, moet hy sorg dat 'n skriftelike en getekende verslag van die afgelegde verklaring aan die ander betrokkenes beskikbaar gestel word.
- Die kerklike vergadering kan besluit om die appèl in die volle vergadering te behandel of om dit na 'n kommissie vir ondersoek te verwys.

- Die hoor van getuies vind ooreenkomstig elders aangeduide riglyne²⁴⁸ plaas.
- b. Onbevooroordeelde optrede
- Die skriftuurlike beginsel van onbevooroordeelde behandeling van 'n appèlsaak moet onverswak gehandhaaf word.
 - Om partydigheid te voorkom, moet 'n persoon wat vanweë besondere vriendskaps- of familiebande by die appellant betrokke is, nie aan die ondersoek deelneem of op enige wyse met die beraad en besluitvorming van die meerdere vergadering inmeng nie.
 - Indien 'n aantal afgevaardigdes in 'n vroeëre stadium by die saak betrokke was, wys die voorsitter nadruklik op die noodsaak van die handhawing van 'n objektiewe ondersoek. Waar nodig kan persone wat reeds betrokke was toegang tot die vergadering ontsê word²⁴⁹.

Uitspraak

- Besluitvorming vind by voorkeur skriftelik plaas. Dit geskied met meerderheid van stemme nadat behoorlike diskussie gevoer is en argumente deeglik geweeg en oorweeg is.
- Die skriftelike uitspraak van die vergadering word, tesame met redes²⁵⁰ vir die uitspraak, aan die betrokkenes meegedeel. Die skrywe waarin die beslissing meegedeel word, bevat ook inligting wat die betrokkenes nodig sal hê indien hulle verder sou appelleer.
- Elke uitspraak bevat 'n bepaling ten aansien van die eventuele opskortende uitwerking van die appèl²⁵¹.
- As die meerdere vergadering vasstel dat die reëls van die kerkreg nie suiwer toegepas is nie, word die gronde daarvoor aangegee en word die mindere vergadering versoek om die saak opnuut te behandel.
- As dit tydens die ondersoek blyk dat die saak gewysig het of dat daar sprake van nuwe omstandighede is, wys die meerdere vergadering die saak terug na die eerste instansie – naamlik die kerkraad – wat dit opnuut in behandeling moet neem.

²⁴⁸ Hoor en wederhoor word as een van die hoofreëls vir kerklike regspraak beskou (De Gier, 1989:378). Indien 'n appèlsaak behandel word en daar na partye geluister word, eis die reëls dat beide kante gehoor word en daar geleentheid gegee word om op mekaar se stellings te reageer. Met die oog op sorgvuldigheds- en gelykheidsbeginsels word sowel die appellant as die mindere vergadering mondeling of skriftelik in 'n hoorsitting gehoor (GG, 1999:16,38).

²⁴⁹ 'n Derde punt is hieraan toegevoeg, waarin aanbevelings gemaak word met betrekking tot onbevooroordeelde afvaardiging na meerdere vergaderinge en dies meer.

²⁵⁰ 'n Kerklike vergadering behoort altyd redes vir sy uitsprake te gee en dit sorgvuldig te notuleer. Redes moet in die Woord gegrond wees, sodat kan blyk dat die uitspraak niks anders as bediening van die Woord is nie (2 Korintiërs 4:2; 1 Petrus 5:3; Lukas 22:25-26; 2 Korintiërs 3:5-6; 2 Timoteus 2;15). Weergee van redes gee almal geleentheid om met die uitspraak te konformeer (GG, 1999:42).

²⁵¹ Indien 'n geskorste predikant in appèl gaan, kan die klassis twee predikante aanwys om hom in die tyd van appèl by te staan en reëlmatig te besoek. Hierdie bystand het niks te doen met die ampwerk van die kerkraad jeens die betrokke predikant nie en mag ook nie daarmee inmeng nie. Diegene wat pastorale hulp aanbied mag nie met die inhoud van die saak inmeng nie (GG, 1999:56).

5.3.4 Orthodox Presbyterian Church

Die kerkorde van die *Orthodox Presbyterian Church* (OPC) bestaan uit drie dele: *Form of Government*, *The Book of Discipline* en *The Directory for the public worship of God*. In die tweede deel kom appèl ter sprake. As vertrek- en doelpunt van kerklike regspraak word gestel: 'to vindicate the honor of Christ, to promote the purity of his church, and to reclaim the offender'²⁵².

Hoofstuk 7 handel oor appèlle. Die hoofstuk rus op beginsels wat in hoofstuk 3 onder die titel 'Steps in institution of judicial process' en hoofstuk 4 onder die opskrif 'The trial of judicial cases' verwoord is. Hoofstuk 9, paragraaf 3 bepaal dat ander weë van konflikhantering en oplossing van klagte gesoek behoort te word alvorens iemand besluit om te appelleer. Om 'n oorsig oor die appèlprosedure te kry, word tersaaklike gegewens uit die verskillende hoofstukke weergegee.

Hoofstuk 3: Regsproses

1. 'n Saak van verontregting mag deur 'n verongelykte party, deur 'n persoon wat nie die verongelykte party is nie, of deur 'n regsraad (*judicatory*²⁵³) aanhangig gemaak word. Die inhoud van die klag moet genoeg gewig dra dat dit van belang is om behandel te word.
2. Geen klag sal behandel word as dit langer as twee jaar na die genome besluit ingebring word nie.
3. Elke klag moet in 'n geskrewe vorm wees. Die punt van verontregting moet daarin aangedui wees, sowel as gronde waarom daar van verontregting gekla word. Gronde vir die klag moet met Skrifverwysings en/of die belydenis gestaaf word. Die erns van die karakter van verongelyking moet aangetoon word. Feite waarna in die klag verwys word, moet nader aangedui word met 'n noukeurige verwysing na dag en datum van die gebeure, omstandighede, dokumentêre bewyse en die name van moontlike getuies.
5. Geen klag sal ondersoek word as die regsraad nie daarvan verseker is dat die klaer die pad van Matteus 18:15-17 eers bewandel het nie. Ook al is die saak openbaar, is dit nie verkeerd om steeds na versoening in terme van Matteus 18:15-17, Matteus 5:21-27 of Galasiërs 6:1 te soek nie.
6. Iemand wat 'n klag indien moet deur die regsraad gewaarsku word dat hy gesensureer sal word indien na 'n voorlopige ondersoek bevind word dat dit onnodig was om met 'n regsproses te begin. Sodanige sensuur behels 'n ernstige vermaning.

²⁵² Kerkorde deel 2, hoofstuk 1, paragraaf 3

²⁵³ Onderskeid word tussen 'n *trial judicatory* en 'n *appeal judicatory* getref. Die een regsraad ondersoek besware en geskille, terwyl die ander oor appèlle handel.

7. Alle klagte moet vooraf ondersoek word om vas te stel of 'n juridiese proses ingestel moet word. Hierdie kommissie vir pre-advies moet oorweeg:

- wat die vorm/gewig van die klag is;
- of dit relevant is;
- of daar genoegsaam bewys vir so 'n klag is;
- of die bewyse wat ingedien word regsrag het;
- of die bewyse inderdaad die klag ondersteun;
- of die klag – indien dit substansie bevat – ernstig genoeg is om ondersoek te word.

Die kommissie vir pre-advies moet ook die feite en sake behoorlik orden, sodat die vergadering sinvol daarvoor kan oordeel.

'n Klag wat ernstig genoeg is om verder ondersoek te word, is 'n klag wat te doen het met versteuring van vrede en eenheid in of die heiligheid van die kerk. 'n Klag is eweneens ontvanklik as dit die leer van die kerk raak.

8. As 'n klag dien, word daar omsigtig mee te werk gegaan. 'n Tweede kommissie ('n ander een as die kommissie van pre-advies) moet ondersoek doen na:

- die inhoud van die klag;
- die relevansie van die klag;
- die vermoë van die getuies om getuienis te kan lewer;
- die ooglopende outentisiteit, ontvanklikheid en relevansie van enige dokumente of bewysstukke wat die klag vergesel;
- of die betrokke bewysstukke daadwerklik die klag steun;
- of die klag ernstig genoeg is om 'n ondersoek te regverdig.

Hierdie tweede kommissie moet, soos die eerste kommissie, 'n geskrif opstel waarin die lyn van die betoog/klag na vore kom²⁵⁴.

Hoofstuk 4: Ondersoek

1. Voordat die ondersoek begin, hou die voorsitter 'n openlike verklaring voor waarvolgens die raad hom verbind tot regspraak ooreenkomstig God se Woord. Regspraak is Woordbediening.

2. Die skriba van die raad moet noukeurig opskryf wie almal aan die regspraak deelneem.

Die notulering van die saak moet aan die volgende minimum-vereistes voldoen:

- die klag moet in besonderhede weergegee word;
- besware teen die klag wat te eniger tyd gedurende die ondersoek ingebring word, moet weergegee word;
- 'n lys van getuies moet opgestel word;

²⁵⁴ Die twee kommissies werk onafhanklik van mekaar aan die saak. Die een doen vooraf ondersoek. Die ander berei die saak vir regspraak voor. Daar word in alle opsigte gepoog om nie die kerklike vergadering met sake te belas wat nie daar hoort nie, of wat in 'n kleiner kring opgelos kan word.

- al die besluite van die regsraad moet uitdruklik vermeld word;
 - notules van alle persoonlike gesprekke wat met die saak verband hou, moet weer-gegee word. In geval van appèl moet dit na die meerdere vergadering saamgestuur word.
3. Die aangeklaagde kan van regshulp en -raad gebruik maak. Die raadgewer moet lid van die OPC wees.

Die regsraad moet ten alle tye onpartydig wees. Iemand wat aan die vooraf ondersoek gewerk het, mag nie op die regsraad dien nie. Net so mag diegene wat in 'n bepaalde regsak help oordeel nie in 'n daaropvolgende meerdere vergadering in 'n regsraad dien nie.

Die aangeklaagde is geregtig op die notule van die regsak.

4. Getuies lê 'n eed af soos in 'n hofsak. Getuies moet fisies en psigies by magte wees om getuienis te kan aflê.

Tussen direkte getuienis en omstandighedsgetuienis moet noukeurig onderskei word. Die regsraad bepaal watter gewig elke stuk getuienis dra.

Regsittings word noukeurig gereël. Met die eerste sitting word die saak slegs aangehoor. Tydens die tweede sitting, wat nie langer as tien dae na die eerste mag plaasvind nie, vind regspraak plaas.

Die uitspraak moet helder wees: skuldig of onskuldig. Voordat die uitspraak geëffektueer word, moet die beskuldigde kans kry om appèl aan te teken.

Hoofstuk 7: Appèl

1. 'n Appèl is 'n versoek aan 'n regsraad om by wyse van regspraak die uitspraak van 'n laer regsraad te verander. 'n Appèl mag ingestel word deur 'n verongelykte of deur 'n regsraad wie se oordeel nietig verklaar of deur 'n ander regsraad verander is.
2. Daar kan nie gedurende die loop van die ondersoek teen oordele en reëlings van die regsraad wat die ondersoek doen geappelleer word nie. Nadat uitspraak gelewer is, kan die betwiste oordele en reëlings van 'n laer regsraad as gronde vir appèl voor 'n hoër regsraad dien.
3. Kennisgewing van appèl moet skriftelik binne tien dae na die neem van die betwiste besluit by die skriba of voorsitter van die regsraad teen wie geappelleer word, ingedien word.
4. Om 'n appèl te finaliseer moet die appellante die geskrewe appèl²⁵⁵ binne dertig dae na kennisgewing daarvan indien. Die appellante gee 'n kopie van die appèl aan die skriba van die regsraad teen wie geappelleer word. Die skriba van die regsraad wat die saak moet ondersoek, sal aan die appellante en die verweerder kennis gee van die tyd, datum en plek waar die appèlverhoor sal plaasvind.

²⁵⁵ 'n *Pro forma* vir die kennisgewing van appèl, sowel as die appèlskrif is in die *Book of Discipline* opgeneem. Die *pro forma* help appellante om die appèl in die regte vorm te giet.

5. Die skriba van die regsraad teen wie geappelleer word, sal die notule van die besluit asook die chronologie van die gebeure aan die skriba van die regsraad by wie geappelleer word, verskaf.
6. As die regsraad nie die appèl handhaaf nie, word die oordeel van die laer regsraad bevestig. As die regsraad 'n onderdeel van die appèl handhaaf, sal hy oordeel of die betrokke onderdeel van sodanige belang is dat nietigverklaring of verandering van die vorige uitspraak nodig is. 'n Regsraad wat besluit om nie die oordeel van die laer regsraad te steun nie verwys die saak terug vir 'n nuwe ondersoek, verander aan die oordeel, of verklaar die bestaande oordeel nietig.
7. Niemand wat aan die oordeel van 'n laer regsraad deel gehad het mag voorstelle maak of stem in die oordeel van 'n daaropvolgende regsraad nie.

5.3.5 Christian Reformed Church in North America

Artikel 30 van die Kerkorde van die *Christian Reformed Church in North America* (CRCNA) lui soos volg²⁵⁶:

- a. Vergaderings en kerklidmate mag na 'n eersvolgende meerdere vergadering appelleer as hulle glo dat onreg gedoen is of as 'n beslissing in stryd met die Woord van God of die Kerkorde is. Appellante moet alle kerklike regulasies rakende die wyse en tyd van appèl eerbiedig.
- b. Die sinode mag regte vir ander appèlle instel en reëls vir die behandeling daarvan aanvaar.
- c. As daar op regspraak beroep gedoen word, is die relevante bepalings van die *Judical Code* vir die behandeling daarvan van toepassing.

By Artikel 30 is drie supplemente gevoeg waarin die prosedure insake appèlle uiteengesit word. Supplement A bevat reëls vir appèlle waarvoor die *Judical Code* geen voorsiening maak nie. Supplement B handel oor appèlsake wat op teologiese opleiding en kandidate in die teologie betrekking het. Supplement C bevat die *Judical Code of Rights and Procedures*. Slegs hoofsake uit Supplemente A en C word kernagtig weergegee.

Supplement A: prosedure-reëls vir appèlsake²⁵⁷

- A. *Appèl van 'n kerklid (appellant) teen 'n beslissing of handeling van 'n kerkraad (respondent)*
 - Binne ses maande nadat die betwiste besluit geneem of handeling plaasgevind het, moet daar geappelleer word. Die klassis kan, indien daar aanvaarbare redes is, die tydlimiet verslap.

²⁵⁶ CRCNA, 2005:10

²⁵⁷ CRCNA, 2005:49-50

- Wanneer die klassis die appèl oorweeg, sal aan die appellant en die respondent redelike tyd gegee word om mondelinge toeligting oor die saak te lewer.
- Die klassis sal elke appèl behoorlik ondersoek en daarvoor beslis. Die uitspraak moet binne 'n jaar na ontvangs van die appèl gelewer word.
- Sowel die appellant as die respondent het die reg om teen die beslissing van die klassis op die sinode te appelleer.

B. Appèl van 'n kerklid of kerkraad (appellant) teen die besluit van 'n klassis (respondent)

- Binne negentig dae na die uitspraak van die klassis moet kennis van appèl gegee word.
- Die appèlskrif moet voor 15 Maart ingedien word om te verseker dat dit dieselfde jaar nog behandel word.
- Appèlle word normaalweg nie in die agenda van die sinode gedruk nie.
- Die appellant en respondent het die reg om voor die sinode se kommissie van pre-advies te verskyn om hulle sake duidelik te maak.
- Die appellant en respondent sal die reg hê om by die sinode teenwoordig te wees ten einde hulle saak te stel.
- Kopieë van die appèl, wat nie in die agenda ingebind is nie, word so spoedig moontlik na indiening daarvan aan die lede van die kommissie vir pre-advies voorsien.

C. Algemene reëls

Die skriftelike appèl moet, so gou as moontlik nadat dit by die betrokkenes van die meerdere vergadering ingedien is, aan die vergadering teen wie geappelleer word beskikbaar gestel word.

Vir die vorm van appèl is daar geen spesifieke voorskrifte nie. Die volgende elemente moet egter daarin voorkom:

- naam van die appellant;
- naam van die liggaam waarteen geappelleer word;
- beslissing waarteen geappelleer word;
- redes waarom gemeen word dat die beslissing verkeerd is;
- agtergrondinligting wat die regsprekende vergadering sal help om die appèl te beoordeel;
- 'n versoek waarin die appellant uitdruklik sê watter aksie hy van die kerkraad, teen wie hy appelleer, verwag.

Die respondent het geleentheid om op die appèl te antwoord. Sodanige antwoord moet binne sestig dae nadat die respondent die appèl ontvang het, aan die betrokkenes van die meerdere vergadering beskikbaar gestel word. 'n Kopie daarvan word aan die appellant gegee.

Dit staan 'n appellant en respondent te eniger tyd vry om hom/hulle deur 'n ander kerklid by die regsprekende vergadering te laat verteenwoordig.

Supplement C: Judicial Code of Rights and Procedures²⁵⁸

Die doel van die geregskode is om as laaste meganisme vir die oplossing van 'n geskil te dien. Broeders en susters in Christus word opgeroep om alles moontlik te doen om geskille op ander maniere, byvoorbeeld deur arbitrasie of mediasie, by te lê alvorens gekies word om 'n regsproses by wyse van appèl aan te gaan. Die kode beoog om eenheid in regspraak in die kerkverband te bevorder en sodoende aan die wil van God gehoorsaam te wees²⁵⁹. Die kode bevat 27 artikels.

Algemeen

1. Appèlle moet altyd skriftelik ingedien word. Appèlle moet handel oor besluite wat dui op afwyking van God se Woord, die belydenis en/of die kerkorde.
2. Appellant en respondent het beide die vryheid om deur 'n ander kerklidmaat verteenwoordig en gehelp te word.
3. Appellant en respondent het beide die reg om die vergadering wat die appèl behandel by te woon, behalwe wanneer die betrokke vergadering tot 'n beslissing kom.
4. Appellant en respondent het beide die reg om van getuies gebruik te maak.
5. Die party wat nie deur die betrokke vergadering gelyk gegee word nie, mag hom op 'n meerdere vergadering beroep.
6. 'n Klag moet skriftelik en met verstrekking van volle besonderhede van vermeende onreg aan die meerdere vergadering voorgelê word. 'n Kopie van die appèl moet onmiddellik aan die vergadering waarteen geappelleer word beskikbaar gestel word. 'n Klag mag nie oor meer as een saak handel nie.
7. Die respondent het geleentheid om sy verweer binne sestig dae na ontvangs van die appèl in te dien.
8. Die behandeling van die appèl mag nie langer as 'n jaar ná indiening daarvan begin word nie.

Appèl by 'n kerkraad

9. Alle ondersoeke sal op 'n christelike manier geskied. Aflegging van die eed word nie vereis nie.

²⁵⁸ CRCNA, 2005:54-63; Brink en De Ridder, 1979:123-128

²⁵⁹ Deuteronomium 1:16-17; Deuteronomium 16:18-20; Levitikus 19:15; 1 Timoteus 5:19-21

10. Die vergadering oordeel of 'n appèl substansieel genoeg gewig dra al dan nie. Die klaer kan voor die vergadering verskyn ten einde sy saak te stel en toeligting te gee. Die aanhoor van die saak verloop soos volg:
 - elke party kry geleentheid om sy saak te stel;
 - die klaer lewer getuienis en getuies vir sy saak; daarna kry die respondent soortgelyke geleentheid; alle getuies mag deur sowel die klaer as die respondent ondervra word;
 - die klaer en respondent sal ten slotte hulle saak opsom: mondelings of skriftelik;
 - as enigeen van die partye 'n probleem met die prosedure het, moet dit gemeld en genotuleer word; die probleem moet dan aangespreek en opgelos word alvorens die verhoor voortgaan.
11. As die respondent, nadat behoorlik kennis aan hom gegee is, nie by die vergadering opdaag nie, gaan die vergadering sonder sy teenwoordigheid met die verhoor voort.
12. Die finale besluit oor die saak word by wyse van 'n meerderheidstem geneem. Lede van die vergadering wat die hele saak nie persoonlik gevolg het nie, moet hulle by wyse van die notule van die feite vergewis sodat hulle 'n ingeligte en weldeurdagte stem kan uitbring.
13. Nadat tot 'n besluit gekom is, sal die voorsitter die bevindings en besluit van die vergadering bekend maak.
14. Alle getuienisse en geskrifte wat op die saak betrekking het, sal sorgvuldig bewaar word. Die appellant en die respondent behoort redelike toegang daartoe te hê.

Appèl by 'n klassis

15. Dieselfde proses geld soos voorgeskryf in artikel 10.
16. Kennisgewing van appèl moet binne negentig dae nadat die kerkraad sy besluit geneem het, by die klassis asook by die kerkraad waarteen geappelleer word, ingedien word. In die volgende dertig dae moet die geskrewe appèlskrif met sy gronde en ander toevoegings by die deputate korrespondensie van die klassis ingedien word. Die skriba van die kerkraad sal verplig wees om die notules en ander bewyse (artikel 14) aan die deputate beskikbaar te stel. Die verhoor deur die klassis word tot die appèlgronde beperk.
17. 'n Appèl sal nie sonder aanwesigheid van die appellant aangehoor word nie, behalwe as daar baie goeie gronde vir sy afwesigheid bestaan.
18. Indien die appellant intussen tot sterwe gekom het, kan sy erfgename of verteenwoordigers in sy plek optree.
19. Indien 'n appellant addisionele getuienis inbring, waarvoor hy goeie redes kan aanvoer, mag die klassis dit aanhoor. Alternatiewelik kan die klassis die saak vir herverhoor na die kerkraad terugverwys.

20. Kom ooreen met artikel 12. Die klassis kan 'n besluit van die kerkraad in sy geheel of gedeeltelik handhaaf of verander. Die klassis kan die saak ook na die kerkraad terugverwys met die opdrag om dit opnuut in behandeling te neem.
21. Appèl vanaf 'n klassis na 'n sinode is moontlik.

Appèl by 'n sinode

22. Alle appèlle wat na die sinode verwys word, word eers deur die sinodale advieskomitee insake besware en appèlle hanteer sodat hulle dit kan oorweeg en die sinode daaroor kan adviseer.
23. Genoemde komitee word deur 'n vorige sinode aangewys. Ongeveer die helfte van daardie komitee sal uit nie-teoloë bestaan. 'n Lid van die komitee kan wel of geen afgevaardigde na die sinode wees. Die komitee bestaan uit nege lede, waarvan drie jaarliks roteer.
24. Die komitee vergader so dikwels as wat nodig is.
25. Die komitee se aanbevelings, bevindinge en gronde sal skriftelik aan die sinode voorgelê word. Enige party wat by die appèl betrokke is, mag geleentheid kry om die sinode oor die komitee-rapport te spreek.
26. Na deeglike bespreking kan die sinode een van die volgende besluit:
 - gee 'n beslissing oor die saak;
 - verwys na een van sy komitees met die oog op skikking en versoening;
 - verwys tesame met bepaalde adviese terug na die klassis of kerkraad;
 - hanteer sy eie verhoor.
27. Indien die sinode die saak van nuuts af ondersoek, geld die reël van artikel 10.

5.3.6 Free Church of Scotland

In die *Free Church of Scotland* (FCS) bestaan 'n 'conciliar arrangement allowing a gradation of ever enlarging bodies from local Kirk Sessions, through district Presbyteries, regional Synods and a General Assembly'²⁶⁰. Hierdie struktuur verseker dat sake van moeilikheidsgraad en dispute verwysbaar is vanaf die kleiner na die groter liggaam. Binne elkeen se sfeer het die liggame 'regulative and disciplinary powers and are on that account described as courts of the Church'.

Geen enkelvoudige artikel oor appèl kom in die Kerkorde van die FCS voor nie. Tog kom dit in verskillende artikels van die Kerkorde ter sprake.

²⁶⁰ FCS, 1995:4

Deel 2, Artikel 20: Mag en funksie van die kerkraad²⁶¹

Daar mag slegs geappelleer word in geval van sake wat die gewete raak²⁶². Die prosedure vir appèlle is bykans dieselfde as vir geskille en klagte. Die onus rus uiteraard op die appellant om te sorg dat sy appèl formeel in orde is. Waar en indien nodig moet die kerkraad help om die appellant se appèl formeel in orde te kry, sodat dit nie weens formele redes deur die meerdere vergadering onontvanklik verklaar word nie²⁶³.

Die kerkraad moet bepaal of 'n appèl 'frivolous'²⁶⁴ is al dan nie. As 'n appèl wesenlik is, word die besluit waarteen geappelleer word opgeskort totdat die meerdere vergadering uitspraak gelewer het.

Indien die kerkraad bepaal dat 'n appèl 'frivolous' is, word die pad vir die appellant nie geheel en al afgesny nie. Hy word egter sterk ontmoedig om met sy appèl voort te gaan.

Deel 2, Artikel 7.2: Mag en funksie van die klassis²⁶⁵

Die *Presbytery* luister na een of twee sprekers van beide partye. As twee gelykluidende appèlle dien, word die twee partye wat appelleer as een party beskou.

Appellante word eers aangehoor, daarna die kerkraad. Dan het die appellant geleentheid tot repliek. Lede van die klassis kan vrae stel. Daarna verlaat die appellante sowel as die kerkraad die vergadering. Niemand van hulle mag die verdere besinning en oorweging van die appèl bywoon nie.

Die klassis bespreek die saak en berei 'n oordeel/uitspraak voor. Elke uitspraak is uniek; geen vaste vorm word voorgeskryf nie.

Die minimum-vereiste waaraan die uitspraak moet voldoen is:

- dit moet uitdruklik vermeld dat die klag of appèl gehandhaaf of afgewys word;
- dit moet uitdruklik stel of die oordeel/besluit van die kerkraad waarteen geappelleer word 'reverse' of 'affirm' word;

²⁶¹ *Kirk Session*

²⁶² FCS, 1995:22

²⁶³ Vergelyk die relevante bepaling hieroor in die afdeling oor *Discipline*, deel 4 Artikel 1.1 (FCS, 1995:103).

²⁶⁴ Ligsinnig, nie-wesenlik, nie-gewigtig, onbelangrik.

²⁶⁵ *Presbytery*; FCS, 1995:61-63

- in geval van 'reversing' moet addisioneel aangetoon en beskryf word wat dit inhou en hoe dit geskied.

Beide partye word ingeroep en van die uitspraak verwittig. As een van die partye by aanhoor van die uitspraak onmiddellik te kenne gee dat hy nie daarmee kan saamgaan nie, moet dit so genotuleer word. Uittreksels uit die notule moet aan die betrokkenes beskikbaar gestel word, sodat hulle na 'n meerdere vergadering kan appelleer²⁶⁶.

Deel 2, Artikel 1.1: Mag en funksie van die sinode²⁶⁷

Die *General Assembly* is 'n *Court of Review*. In daardie hoedanigheid moet die vergadering die verloop van die appèl wat voor hom dien deeglik ondersoek. Hy moet spesifiek daarop let dat hy nie in die regspraak van mindere vergaderinge inmeng nie. 'No question which belongs to the jurisdiction of any one of the inferior Courts can be determined by the Assembly until it has first been duly brought up by Reference, Complaint, Appeal or Petition.' Sake moet na die mindere vergadering terugverwys word as dit nie daar afgehandel is nie, behalwe in geval van buitengewone dringendheid. In daardie geval moet duidelike gronde aangewys word.

Deel 2, Artikels 19 en 20: Tug²⁶⁸

As tug toegepas word, kan 'n kerkraadslid wat in sy gewete nie met die tughandeling kan saamgaan nie, onmiddellik kennis van appèl gee. 'Such appeal will prevent the carrying out of the judgement of the Court and parties will be cited *apud acta* to appear before the Superior Court'. Die tug word in so 'n geval opgeskort tot tyd en wyl die meerdere vergadering daaroor besluit.

Hantering van appèlle²⁶⁹

Oor die hantering van appèlle is daar 'n aparte hoofstuk in die kerkorde.

1. Alle appèlle is spoedeisend – sowel in die indiening as die behandeling en afhandeling daarvan. Binne tien dae na 'n uitspraak moet appèl aangeteken word, en die eerskomende meerdere vergadering moet dit behandel. As die appellant in gebreke bly om binne die voorgeskrewe periode te handel, verval sy appèl *ipso facto*.

²⁶⁶ FCS, 1995:63, Artikel C6

²⁶⁷ *General Assembly*; FCS, 1995:80

²⁶⁸ FCS, 1995:94

²⁶⁹ FCS, 1995:188-189

2. As 'n appèl vanaf die kerkraad na die klassis gebring word, moet die klassis oor die gewig van die saak oordeel. Dit bepaal die verdere hantering daarvan. As 'n saak baie gewichtig is, kan die klassis dit behandel en afhandel; anders kan dit na die kerkraad terugverwys word.
3. In bepaalde gevalle kan die klassis die hele saak van vooraf inhoudelik ondersoek.
4. In 'n ander geval kan die appèl van die appellant slaag, alhoewel hy skuldig is aan die misdryf waaroor die kerkraad beslis het. Dit word dan so uitgespreek. Die kerkraad word tereggewys omdat hulle in hulle optrede gefouteer het, maar die appellant word tereggewys omdat hy ongeag die verkeerde formele optrede van die kerkraad steeds tugwaardig is.
5. As bevind word dat 'n kerkraad verkeerd geoordeel het en die oordeel tot nadeel van die appellant strek, moet die kerkraad nie alleen sy verkeerde oordeel terugtrek nie maar ook toesien dat die eer en goeie naam van die appellant in die gemeente herstel word. Sy onskuld moet bekend gemaak word en die 'scandal must be wiped off'.
6. Indien so iets gebeur, moet die klassis met wysheid optree 'doing justice to the innocent, yet so as not to weaken the kirk session's authority in that congregation, if in justice it can be avoided'.
7. In so 'n geval moet die betrokke kerkraad duidelike instruksies van die klassis ontvang. Spesiale visitasie kan tot herstel van reg en versoening bydra.

5.3.7 Resultaat

Die ses appèlprosedures verskil in omvang, inhoud, aanpak en vormgewing van mekaar. Dit is voor die hand liggend, aangesien die onderskeie kerkgemeenskappe elkeen hulle eie historiese agtergrond en tradisie het. Daarbenewens is kerkverbande in verskillende lande aan unieke omstandighede blootgestel. Dit lei daartoe dat – gegewe die eise wat aan elkeen gestel word – praktiese maatreëls vir skriftuurlik-gefundeerde regspraak getref moet word.

Kenmerkend van die appèlprosedure van die PKN is die beduidende Hervormde ondertoon wat daarin na vore kom. Dit is te verstane, gesien die samestelling van die PKN²⁷⁰. Die prosedure van die GG is onmiskenbaar Gereformeerd in die tradisie van Dordrecht 1618/19²⁷¹. Die nuwe appèlprosedure van die GKV rus eweneens op eeue-oue Gereformeerd kerkregtelike beginsels, alhoewel die aktiewe samewerking tussen teoloë en juriste en die daarstel van 'n appèldeputaatskap 'n merkbare nuwe ontwikkeling is²⁷². Die prosedure van die

²⁷⁰ Van den Heuvel *red.*, 2004:224

²⁷¹ GG, 1999:7-10

²⁷² Haitsma, 2004:5-12

CRCNA is wat omvang en inhoud betref vergelykbaar met die reglement van die PKN. Die appèlprosedures van die FCS en OPC is beide op die presbiteriaanse lees geskoei²⁷³.

Nieteenstaande heelwat verskille wat aan die oppervlak sigbaar is, is daar bepaalde lyne wat konsekwent deur al ses prosedures loop. Ter wille van die breër oriëntering wat met hierdie deel van die studie beoog word²⁷⁴, word dié lyne geïdentifiseer en beskryf. Waar van toepassing sal verskilpunte uitgewys en bespreek word.

5.3.7.1 Kennisgewing van appèl

In al ses appèlprosedures word bepaal dat daar so spoedig as moontlik kennis van appèl gegee sal word. Tydlimiete verskil van tien dae (OPC) tot ses maande (CRC).

Dit word as algemene reël aanvaar dat die appellant skriftelik kennis van appèl aan die vergadering teen wie hy appelleer (hierna genoem: vergadering *a quo*), sowel as aan die vergadering na wie hy appelleer (hierna genoem: vergadering *ad quem*) gee. Die GKV beklemtoon die noodsaaklikheid dat die betrokke deputate van die vergadering *ad quem* hulle daarvan vergewis dat die appellant die ander party oor sy beroep op die generale sinode ingelig het.

Die regsprekende vergadering kan, indien daar aanvaarbare en gewigtige redes is, die tydlimiet verslap.

5.3.7.2 Indiening van appèl

Skriftelike appèl

Die appèlprosedures stel almal dat die appèl skriftelik ingedien moet word. Elektroniese beskikbaarheid van die appèlskrif word eweneens deur sommige prosedures as 'n vereiste gestel.

Tyd vir indiening

Die prosedures verskil oor die tyd wat aan 'n appellant gegee word om sy appèlskrif voor te berei en in te dien. Die GKV verwag dat 'n appellant so gou as moontlik sy geskrif sal indien, die PKN bepaal dat die appèlskrif binne dertig dae nadat die betwiste beslissing geneem is

²⁷³ FCS, 1995:4

²⁷⁴ Sien die inleidende paragrawe onder 5.1 en 5.3.

ingedien moet word, terwyl die OPC aan die appellant ruimte gee om binne dertig dae na kennisgewing van sy appèl die appèl in te dien. Oor die algemeen word indiening van die appèlskrif as 'n spoedeisende saak beskou.

Adres

Die prosedures verskil eweneens oor die adres waar die appèlskrif ingedien moet word. Die GG vereis dat die appellant sy appèl by die vergadering *a quo* (byvoorbeeld die skriba van die kerkraad) indien, wat dit dan aan die vergadering *ad quem* (deputate vir korrespondensie van die meerdere vergadering) besorg. Laasgenoemde stel, onmiddellik na ontvangs van die appèlskrif, die vergadering *a quo* in die geleentheid om skriftelike kommentaar in te dien. Na ontvangs daarvan sorg die deputate vir korrespondensie dat die appèlskrif, tesame met die kommentaar, aan die afgevaardigdes na die meerdere vergadering gestuur word. Die OPC en CRC stel dit as reël dat die appellant sy appèl self en direk by die vergadering *ad quem* besorg, terwyl hy 'n kopie van sy appèl aan die vergadering *a quo* gee.

Die verskil in prosedure is nie wesenlik van aard nie. In alle gevalle word reëlins getref om te verseker dat die vergadering *ad quem* sowel as die vergadering *a quo* die appèlskrif onder oë kry. Bowendien word in sekere prosedures ruimte daarvoor geskep dat die vergadering *a quo* hulle kommentaar op die appèl aan alle betrokkenes beskikbaar stel. Dit bring mee dat die partye sowel as die regsprekende vergadering deeglik op die hantering van die saak kan voorberei.

5.3.7.3 Inhoud van appèl

Al ses prosedures is eenstemmig oor die eenvoud waarmee 'n appèl op skrif gestel moet word, asook die volgende elemente wat daarin vervat moet wees:

- naam van appellant asook die vergadering teen wie geappelleer word;
- 'n weergawe van die besluit en/of handeling van die vergadering waaroor die geskil ontstaan het;
- 'n uiteensetting van die besware (appèlgronde) van die appellant, gesteun deur redes, verduidelikings, agtergrondinligting en feite om die klag te staaf.

Indien die appèlskrif teen die uitspraak van 'n klassis en/of partikuliere sinode gerig is, moet dit ook 'n weergawe van die oorspronklike geskil bevat (GKV).

Uit die appèlgronde moet blyk dat die saak waaroor geappelleer word gewigtig, 'n saak van erns, is. Appèlgronde moet op die Skrif, belydenis en/of kerkorde gebaseer wees. Die FCS

bepaal in hulle appèlprosedure dat slegs geappelleer mag word in geval van sake wat die gewete raak. Die OPC eis dat die erns van die karakter van verongelyking aangetoon moet word.

'n Appèlskrif moet onderteken en gedateer wees.

Die prosedures van die GKV vereis dat die appellant in sy appèl ook duidelik moet stel wat hy van die sinode vra. Die CRC bepaal dat die appellant uitdruklik moet sê watter aksie hy van die kerkraad, teen wie hy appelleer, verwag.

5.3.7.4 Die partye

Slegs drie van die prosedures verwys met name na die partye wat by die appèl betrokke is. Die GKV stipuleer dat diegene wat by die oorspronklike beswaar betrokke is die partye in die geskil is. Die GG bepaal dat alleen lidmate van die gemeente in appèl kan gaan. Sonder lidmaatskap van die gemeente is daar in beginsel geen appèl moontlik nie. Daarteenoor huldig die OPC 'n ruimer siening: 'n saak van verontregting mag deur 'n verongelykte party, 'n persoon wat nie die verongelykte party is nie, of 'n regsraad aanhangig gemaak word.

5.3.7.5 Regsprekende vergadering

Uit al ses prosedures blyk dat *kerklike* vergaderinge regsprekende bevoegdheid en die plig tot regspraak het. Die prosedures verskil egter radikaal oor hóé die plig deur kerklike vergaderinge nagekom moet word.

Wie spreek reg?

Die prosedure van die GG bepaal: vir die beslissing van die kerkraad is die klassis die beroepsinstansie; vir die besluite van die klassis is die partikuliere sinode, en vir die beslissings van die partikuliere sinode is die generale sinode die beroepsinstansie. Die kerklike vergadering kan besluit om die appèl in die volle vergadering te behandel of om dit na 'n *kommissie vir ondersoek* te verwys.

Die CRC maak van *appèlkommissies* gebruik. Alle appèlle wat na 'n sinode verwys word, word eers deur die sinodale advieskomitee insake besware en appèlle hanteer sodat hulle dit kan oorweeg en die sinode daarvoor kan adviseer.

Die appèlprosedure van die GKV maak melding van *appèldeputate* aan wie die voorbereiding van die behandeling van appèlsake opgedra word. Op 'n deputaatskap van ses lede word ten minste twee juriste en twee teoloë benoem.

Die PKN het daarvoor gekies om nie die amptelike vergaderinge vir die ondersoek van en beslissing oor 'n appèlsaak verantwoordelik te hou nie. Die behandeling van appèlle word aan *kerklike kolleges* opgedra, wat dit ooreenkomstig die aanvaarde ordinansie hanteer. Op die kollege dien predikante, ouderlinge en diakens, asook 'n meester in die regte as adviserende lid.

Die verskil in prosedure reflekteer die kerkgemeenskappe se onderskeie agtergronde en regeringstelsels. Die PKN het met die instel van aparte regs kolleges welbewus wegbeweeg van die presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering, en besluit op die kollegiale wyse van kerkregering²⁷⁵. Die ander vyf kerkgemeenskappe het geen aparte regs kolleges nie. Die kerklike vergadering op wie 'n beroep gedoen word, spreek reg. Die verskillende wyses hoe daar oor die plek en taak van 'n appèlkommissie en/of appèldeputate as lashebbers van die regsprekende vergadering gedink word, is elders bespreek²⁷⁶.

Geen regter in eie saak

Al die prosedures is eenstemmig oor die regsreël dat niemand regter in sy eie saak mag wees nie, en dat onbevooroordeelde regspraak sover moontlik gewaarborg moet word. Dié reël word op verskeie maniere en binne verskillende kontekste toegepas:

- Niemand van die appèldeputaatskap wat al voorheen by die hantering van die saak betrokke was, of wat in enige persoonlike verhouding met een of beide partye staan, mag by die verdere behandeling daarvan betrokke wees nie (GKV).
- Die lede van die generale sinode wat by 'n appèlsaak betrokke is (was) – onder wie in elk geval die afgevaardigdes van die partikuliere sinode teen wie die appèl ingestel is – maak geen deel uit van die vergadering wat die appèl behandel nie. Indien 'n sinode besluit om 'n appèlskrif *in camera* te behandel, sal die lede van die sinode wat by die appèlsaak betrokke is (was), die vergadering verlaat voordat die beraadslaging begin (GKV).
- Iemand kan nie op twee kolleges tegelyk dien of advies gee nie (PKN).
- Om partydigheid te voorkom, moet 'n persoon wat vanweë besondere vriendskaps- of familiebande by die appellant betrokke is, nie aan die ondersoek deelneem of op enige wyse met die beraad en besluitvorming van die meerdere vergadering inmeng nie (GG).

²⁷⁵ Vergelyk artikels 6, 7, 16, 22 en 63 van die *Algemeen Reglement* van 1816 (Pont, 1991:64-78).

²⁷⁶ Sien hoofstuk 4.4.4.2

- Indien 'n aantal afgevaardigdes in 'n vroeëre stadium by die saak betrokke was, wys die voorsitter nadruklik op die noodsaak van die handhawing van 'n objektiewe ondersoek. Waar nodig kan persone wat reeds betrokke was toegang tot die vergadering ontsê word (GG).
- Iemand wat aan die vooraf ondersoek gewerk het, mag nie op die regsraad dien nie. Net so mag diegene wat in 'n bepaalde regsak help oordeel nie in 'n daaropvolgende meerdere vergadering in 'n regsraad dien nie (OPC).
- Niemand wat aan die oordeel van 'n laer regsraad deel gehad het mag voorstelle maak of stem in die oordeel van 'n daaropvolgende regsraad nie (OPC).

5.3.7.6 Behandeling van appèl

Kerklike wyse

Die appèlprosedures benadruk almal die kerklike wyse waarop 'n regsak aangeaan en behandel behoort te word. Plek-plek word dit uitdruklik vermeld, andersins in 'n indirekte – maar nietemin duidelike – sin.

Broeders en susters in Christus wat in onmin met mekaar leef word opgeroep om alles moontlik te doen om geskille op ander maniere, byvoorbeeld deur arbitrasie of mediasie, by te lê alvorens gekies word om 'n regsproses by wyse van appèl aan te gaan .

Alle appèlle is spoedeisend, sowel wat betref die indiening as die behandeling en afhandeling daarvan. Onreg moet so gou moontlik reggestel word.

'n Broederlike karakter, openheid en eenvoud van behandeling van regsake is fundamenteel vir kerklike regspraak. Kerklike vergaderinge is vanweë hulle amptelike karakter geroep om oortuigend, tereg wysend, oorredend en leidend op te tree. Regspraak is Woordbediening. Herstel van gebroke verhoudings word as doel van kerklike regspraak gestel.

Kerklike ampsdraers wat moet regspraak moet op hoogte van die reëls van kerkreg wees. Hulle moet enersyds teen formalisme asook harde en ongevoelige regspraak waak, andersyds teen eiewilligheid.

Goeie kerklike regspraak moet vir ondersoek deur 'n wêreldlike regter vatbaar wees.

Ontvanklikheid van appèl

Die ses appèlprosedures is eenstemmig wat betref die noodsaaklikheid dat 'n appèl vir ontvanklikheid getoets word alvorens dit behandel kan word. Twee moontlikhede word beskryf:

- die deputate vir korrespondensie van die vergadering *ad quem*, wat die appèl in ontvangs neem, doen 'n aanvanklike ondersoek na ontvanklikheid en wys die appellant op formele gebreke in sy appèlskrif indien daar sou wees;
- 'n kommissie vir pre-advies beoordeel die appèl vir ontvanklikheid staande die vergadering.

Die prosedures is eweneens eenstemmig dat 'n appèl nie ligtelik op formele gronde onontvanklik verklaar moet word nie. Daar moet vir die appellant geleentheid gegee word om gebreke wat daar is binne 'n redelike tyd aan te vul.

'n Appèl word onontvanklik verklaar as:

- dit nie ingedien is voor die sluitingsdatum wat die roepende kerkraad neergelê het nie, tensy goeie redes vir afwyking gegee kan word (GKV);
- as die appellant geen lid van die kerk meer is nie, tensy dit 'n appèl betref teen onreg wat hom in sy hoedanigheid as kerklid aangedoen is en die gevraagde uitspraak betekenis het vir sy terugkeer na die kerk, of vir herstel van sy goeie naam in die gemeente, of wanneer hy optree in sy kwaliteit as wettige verteenwoordiger van 'n kerklid (GKV);
- die appellant in gebreke bly om sy onvolledige appèl met die nodige inligting aan te vul (GG).

Drie van die prosedures gee, bo en behalwe voorskrifte van formele aard, materiële rigting-wysers wat op die ontvanklikheid van 'n appèl betrekking het.

- Iemand moet persoonlik by 'n beslissing van die kerkraad betrokke wees om van appèlreg gebruik te maak. Persoonlike betrokkenheid is nie beperk tot sake van materiële aard nie, maar kan ook aanwesig wees as daar beswaar oor leeruitsprake gemaak word. Selfs as 'n kerkraad nie binne 'n redelike tyd 'n besluit oor 'n gewigtige saak neem nie, kan dit 'n grond vir appèl wees (GG).
- Geen klag sal ondersoek word as die regsraad nie daarvan verseker is dat die klaer die pad van Matteus 18:15-17 eers bewandel het nie (OPC).
- 'n Klag moet substansieel sodanig gewigtig wees dat dit 'n juridiese ondersoek regverdig. 'n Klag wat ernstig genoeg is om verder ondersoek te word, is 'n klag wat te doen het met versteuring van vrede en eenheid in of die heiligheid van die kerk. 'n Klag is eweneens ontvanklik as dit die leer van die kerk raak. Iemand wat 'n klag indien moet deur die regsraad gewaarsku word dat hy by wyse van 'n ernstige vermaning gesensuur sal word.

indien na 'n voorlopige ondersoek bevind word dat dit onnodig was om met 'n regsproses te begin (OPC, FCS).

Ondersoek

Alhoewel die prosedures van mekaar verskil oor die persone wat die ondersoek behartig (hierna genoem: ondersoek-kommissie), is daar eenstemmigheid oor die wyse van ondersoek.

Die ondersoek begin met deeglike *kennisname* van die appèlstuk.

Daarop volg die proses van *hoor en wederhoor*. Partye kry genoeg tyd om in mekaar se teenwoordigheid toeligting oor die saak te gee. Dit staan enige party vry om tydens die proses van 'n 'mond' gebruik te maak. Geleentheid word vir die lede van die regsprekende vergadering en/of ondersoek-kommissie gegee om vrae te stel ten einde 'n duidelike beeld van die saak te kry. 'n Skriftelike verslag word van die hoor en wederhoor-proses opgestel.

Tydens die ondersoek staan dit die regsprekende vergadering en/of ondersoek-kommissie vry om *getuienis* aan te hoor van diegene wat lig op die saak kan werp. Die partye kan self vra dat getuies van hulle keuse 'n spreekgeleentheid kry. Die vergadering kan self ook besluit om die getuienis van visitatore of 'derdes', wat regstreeks deur die saak geraak word of daarby betrokke is (was), aan te hoor.

As betrokkenes daarvoor vra, of as die ondersoek-kommissie oordeel dat dit nodig is, kan die betrokkenes die *regshulp, raad* en *advies* van 'n raadsman of -vrou bekom. Kerklike vergaderinge mag 'n verongelykte lidmaat nie die voorreg ontnem om kerkregtelike advies by 'n deskundige uit eie kring in te win nie. Net so kan die ondersoek-kommissie advies en hulp van deskundiges inwin, mits die noodsaaklike geheimhouding daarby in ag geneem word.

Die ondersoek-kommissie het bevoegdheid om 'n geskil te *skik* wat tot intrekking van die appèlskrif sal lei (GKV). 'n Appèl kan ook deur die appellant teruggetrek word solank as wat daar nog nie 'n besluit oor geneem is nie (PKN).

Na afhandeling van die ondersoek stel die ondersoek-kommissie 'n volledige *rapport* op, wat met die oog op besluitvorming aan die regsprekende vergadering voorgehou word²⁷⁷. In die rapport word die klag met sy gronde, asook nodige agtergrondgewens verwoord. Die

²⁷⁷ Die PKN is hierin 'n uitsondering, aangesien die appèlkollege die saak behandel én afhandel.

proses waarvolgens die ondersoek-kommissie die ondersoek gedoen het, word volledig beskryf. Die ondersoek-kommissie se regsbevinding word daarin geformuleer, tesame met 'n volledige konsep vir 'n beslissing (GKV, OPC).

Besluitvorming

Oor die noodsaaklikheid van deeglike besluitvorming en -formulering is die onderskeie appèlprosedures eenstemmig. Daar word breedvoerig op bepaalde onderdele daarvan ingegaan.

Punte van ooreenkoms tussen die prosedures kan in enkele hoofsaak saamgevat word. Die besluit bevat:

- 'n weergawe van die besluit, die besluit en/of handeling van die mindere vergadering waaroor die geskil ontstaan het;
- 'n samevatting van die besware wat die appellant daarteen ingebring het;
- 'n samevatting van die toeligting van die betrokke mindere vergadering;
- 'n noukeurige verantwoording van die gronde waarop die uitspraak van die regsprekende vergadering berus;
- 'n duidelike uitspraak van die regsprekende vergadering oor die appèlskrif;
- waar nodig 'n aanwysing van die regsgevolge²⁷⁸ van die genome besluit;
- indien van toepassing, nadere aanwysings insake die weg waarlangs herstel van reg en vrede bewerkstellig kan word²⁷⁹.

Kennis van die besluit word op 'n ordelike wyse aan die betrokke partye gegee.

Die partye word geleentheid gebied om verder appèl aan te teken as hulle meen dat hulle deur die uitspraak van die kerklike vergadering verontreg is. Die prosedure van die PKN maak in hierdie verband voorsiening vir die oorweging van verlof tot verdere appèl.

Spoevoorsiening

Twee van die appèlprosedures skep ruimte vir 'n spoedvoorsiening.

²⁷⁸ Onder regsgevolge word ook verstaan of die uitspraak 'n opskortende effek van bestaande besluite (byvoorbeeld oor tugsake) het.

²⁷⁹ Die FCS bepaal dat, indien die verkeerde oordeel van 'n kerkraad tot nadeel van die appellant gestrek het, die kerkraad moet toesien dat die eer en goeie naam van die appellant in die gemeente herstel word. In so 'n geval moet die betrokke kerkraad duidelike instruksies van die klassis ontvang. Spesiale visitasie kan tot herstel van reg en versoening bydra.

- Appèldeputate is bevoeg om – indien dit uit 'n oogpunt van spoedeisendheid en ter voorkoming van onherstelbare nadeel absoluut noodsaaklik is – In ordemaatreël te tref totdat die generale sinode oor die appèl beslis het. Die appellant moet in daardie geval 'n skriftelik gemotiveerde versoek by die deputaatskap indien. Deputaatskappe sal so 'n versoek sover moontlik in ooreenstemming met die goedgekeurde reëling behandel (GKV).
- Die voorsitter van die generale kollege kan in bepaalde omstandighede versoek dat die besluit van die regionale kollege opgeskort word, en 'n spoedvoorsiening tref om so gou moontlik uitsluitel oor die saak te gee (PKN).

5.3.7.7 Slotbepaling

As daar omstandighede is waarvoor hierdie reëling geen voorsiening maak nie, beslis die regsprekende vergadering self daaroor (GKV).

5.4 EVALUERING VAN DIE APPÈLPROSEDURE EN -PRAKTYK VAN DIE GKSA

In die volgende paragrafe word die appèlprosedure en -praktyk van die GKSA aan die norme vir regspraak, soos in hoofstuk 4 beskryf is, getoets. In die toetsingsproses word die norm kortliks gestel, waarna die appèlprosedure en appèlpraktyk afsonderlik van mekaar getoets word. Elke onderdeel van die toets sluit met 'n bevinding af.

5.4.1 Partye

5.4.1.1 Partye: die norm²⁸⁰

Identifisering van partye

'n Appèlsaak is 'n twee-partye saak. Die partye in die appèlsaak is, ongeag verdere ontwikkeling van die geskil en geïmpliseerde betrokkenheid van ander persone, diegene wat oorspronklik van mekaar verskil het: deurgaans 'n kerklid (lede) en sy kerkraad.

Betrokkenheid van partye

Omdat appèl 'n gewigtige aangeleentheid is, moet beide partye persoonlik by die behandeling daarvan betrokke wees en bly.

²⁸⁰ Sien hoofstuk 4.6.1

Ingesteldheid van partye

Die appellant moet met 'n suiwer motief en doel appelleer. By die hantering van die appèlsaak moet hy voortdurend sy Godgegewe plek in die gemeenskap van gelowiges in ere hou en koester.

Die ander party (deurgaans 'n kerkraad) moet die appellant in sy verongelyking hoog ag en nie sy motiewe vir die appèlsaak of sy bona fide ligtelik bevraagteken nie. Hulle moet saam met die appellant bereid wees om volgens die ordelike weg na 'n oplossing vir die konflik te soek.

By beide partye moet 'n verlange bestaan om in harmonie en vrede bymekaar uit te kom.

5.4.1.2 Partye: die appèlprosedure aan die norm getoets

Identifisering van partye

Die appèlprosedure is duidelik oor die posisie van die appellant, die eerste party.

Die kerkraad, die tweede party, word nie by name in die prosedure genoem nie. Moontlik word die kerkraad in punt 1.2.2 van die appèlprosedure geïmpliseer. In dié punt word gereël dat die appellant met sy getuies en 'die verdediging van die liggaam waarteen geappelleer word', aangehoor word²⁸¹.

Na die moontlikheid van 'derdes'²⁸² word nie in die prosedure verwys nie.

Die kerklike vergadering wat reeds oor die saak uitspraak gelewer het, en wie se uitspraak by die appèl op 'n meerdere vergadering noodwendig ter sprake is, word nie in die appèlprosedure vermeld nie. Indien punt 1.2.2 van die prosedure op die toeligtters van die mindere vergadering betrekking het, kan dit beteken dat die toeligtters (per implikasie die mindere vergadering) 'n party in die saak word.

Betrokkenheid van partye

Oor die betrokkenheid van die partye by die appèl is aanvanklik bepaal dat die appellant persoonlik by die vergadering wat regspraak teenwoordig móét wees²⁸³. Later is bepaal dat

²⁸¹ GKSA, 1998:46

²⁸² Sien hoofstuk 4.4.2.2

²⁸³ Acta, 1894:42

die appellant, indien hy dit verkies, in persoon voor die regsprekende vergadering mág verskyn om verdere toeligting op sy besware te gee²⁸⁴. Oor die ander party, die kerkraad, spreek die prosedure hom nie uit nie.

Ingesteldheid van partye

Die prosedure vermeld niks oor die motief en doel van die appellant en/of die respondent nie.

5.4.1.3 Partye: die praktyk aan die norm getoets

Identifisering van partye

Oor die algemeen blyk dit uit die acta dat daar duidelikheid oor die posisie van die appellant is. Die appellant maak met sy appèlskrif sy klag oor vermeende verongelyking bekend.

In die acta kon niks oor die tweede party (deurgaans die kerkraad) gevind word nie.

Oor die posisie van 'derdes' blyk daar in die appèlpraktyk geen duidelikheid te wees nie. Sinode 1994²⁸⁵ het in 'n saak waar die appellante voorheen as 'derdes' by betrokke was, geen gegronde regsinding ten opsigte van hulle betrokkenheid en posisie verskaf nie. Die sinode volstaan daarby dat die 'derde' nie by die regspraak betrokke is nie, ongeag sy belang by die saak²⁸⁶.

Betrokkenheid van partye

Ooreenkomstig die vasgestelde reëling van 1894 was die appellante as eerste, agerende party by Sinode 1907 aanwesig. Selfs nadat Sinode 1939 die aanwesigheid van die appellant nie meer as 'n vereiste gestel het nie, blyk dit dat appellante deurgaans persoonlik by die vergadering wat moet regsprek teenwoordig is²⁸⁷.

Dit kan nie uit die acta vasgestel word of die kerkraad teen wie geappelleer word (die tweede party) by die regsprekende vergadering teenwoordig is nie.

²⁸⁴ Acta, 1939:143-145

²⁸⁵ Acta, 1994:73-79, artikel 12.2.3

²⁸⁶ Vergelyk in besonder Acta, 1994:77-78, beredenering van eerste grond (punt 2.1.1-2.1.3).

²⁸⁷ Vergelyk onder andere Acta, 1967:68-89; Acta 2000:41-177

Oor die algemeen is toeligers van die mindere vergadering wat reeds tevore oor die saak uitspraak gelewer het, wel teenwoordig. Ooreenkomstig die goedgekeurde appèlprosedure stel toeligers van die mindere vergadering hulle saak²⁸⁸.

Ingesteldheid van partye

In verband met die motief waarmee geappelleer word, is 'n mosie wat aan Sinode 1924 voorgelê is, van belang: 'Met volle erkentlikheid van die heilige reg van appèl ... moet die Sinode tog ernstig waarsku teen appèlsug in ons boesem. Dis wel persoonlik reg, maar daarvan mag nie, dan by hoge uitzondering, gebruik gemaak word²⁸⁹. Nieteenstaande die feit dat die mosie na bespreking teruggetrek en gevolglik nie aanvaar of verwerp is nie, is dit tog tekenend van die atmosfeer en gees waarbinne daar verwag word dat daar reggespreek sal word.

Twee appèlle wat voor Sinode 1994 gedien het, kla onafhanklik van mekaar oor die wyse waarop 'n partikuliere sinode reggespreek het. Die appellante gee onder andere te kenne dat hulle moeite ondervind het om die nodige besluite van die deputate vir korrespondensie van die partikuliere sinode te bekom sodat kennis van appèl gegee kon word²⁹⁰. Sodoende word hulle reg gekrenk. In die een geval oordeel die sinode dat die appellant nie formeel korrek aangetoon het dat dokumente van die partikuliere sinode wederregtelik van hom weerhou is nie²⁹¹. Oor die ander appèl oordeel die sinode dat die appellante se reg wel gekrenk is omdat daar nie genoegsame toeganklikheid tot die stukke was nie²⁹². Dit word nie uit die acta duidelik wat die effek van die geslaagde appèl was nie.

5.4.1.4 Partye: bevinding

Identifisering en betrokkenheid van partye

Uit die bewoording van die appèlprosedure kán afgelei word dat die kerklike vergadering wat reeds oor die saak uitspraak gelewer het, as party in die saak betrek word indien daar verder geappelleer word. Die vermoede dat die mindere kerklike vergadering as party in die appèl beskou word, word versterk deur die gebruik van die begrip *verweerder* in plaas van *toeliger* in

²⁸⁸ Vergelyk onder andere Acta, 1933:108-109; Acta 1988:568, punt 4.2

²⁸⁹ Acta, 1924:65, artikel 192

²⁹⁰ Acta, 1994:94, punt 3.7

²⁹¹ Acta, 1994:110, punt 2.4

²⁹² Acta, 1994:115, punt 2.1.5

menige sinode-acta²⁹³. 'n Verweerder is 'n party in 'n geding. Die verweerder moet teen 'n aanklag moet pleit²⁹⁴. Die feit dat die appèlprosedure en sinode-acta nie uitdruklik na die kerkraad as die ander party²⁹⁵ verwys nie, en daar geen positiewe aanduiding is dat die kerkraad – synde die ander party in die konflik – persoonlik by die behandeling van die appèl betrokke is of hoef te wees nie, is 'n verdere aanduiding dat die twee-partye saak eensydig of as 'n meer-partye saak hanteer word.

Die effek hiervan is dat die klem vanaf die appellant en die kerkraad verskuif na die appellant en die toeligers van die vergadering wat reeds uitspraak gelewer het. Dit het tot gevolg dat nie op die konflik, wat tot die appèl aanleiding gegee het, gefokus word nie. As daar nie op dié punt gefokus word nie, word sinvolle en opbouende regspraak van meet af aan bemoeilik – indien nie geheel en al onmoontlik gemaak nie.

Ingesteldheid van partye

Oor die suiwer ingesteldheid waarmee die appellant appelleer en waarmee die kerkraad gedurende die ondersoek van die appèl behoort op te tree, word daar in die appèlprosedure niks vermeld nie. Uit sinode-acta word dit duidelik dat appèl deurgaans met diepgaande geloofsoortuigings, intense gevoelens²⁹⁶ vanweë verhoudings wat geskend is en 'n geëskaleerde mate van konflik en spanning gepaard gaan²⁹⁷. Op 'n enkele uitsondering na²⁹⁸ word dit nie duidelik of en hoe die sinodes hulle oor die ingesteldheid van die partye uitspreek nie. Daar is wel aanduidings dat daar op formele gronde geen gehoor gegee word indien 'n appellant kla dat hy in sy soeke na reg nie die gewenste medewerking van deputate korrespondensie kry nie²⁹⁹.

²⁹³ Vergelyk onder andere Acta, 1991:77, punt E; Acta, 1994:115, punt 2.1.4; Acta, 1997:80, punt E; Acta, 2000:66, punt H.1.4. Acta, 2003:62, punt E verwys tereg na toeliger in plaas van verweer.

²⁹⁴ Odendal en Gouws *red.*, 2000:1202. Visser (1999:143-144) verstaan dit ook so dat die mindere vergadering wat uitspraak gelewer het, homself teen die beskuldiging van regskenking moet verweer.

²⁹⁵ Die kerkraad kan ook die eerste party (appellant) wees, indien die kerkraad teen 'n besluit van 'n klassis of partikuliere sinode appelleer.

²⁹⁶ In die acta word terme soos bitterheid, spanning, polarisasie en ontnugtering gebruik.

²⁹⁷ Vergelyk onder andere Acta, 1907:26; Acta, 1945:189-191; Acta, 1982:136-141; Acta, 1985:173-178; Acta, 1991:77-87; Acta, 1994:73-79; Acta, 1994:90-110; Acta, 1994:111-116.

²⁹⁸ Acta, 2003:69 verwys na 'n 'baie mooi broederlike wyse' waarop die wedersydse aanhoor van die appellant en toeligers geskied het.

²⁹⁹ Acta, 1994:110

5.4.2 Appèlskrif

5.4.2.1 Appèlskrif: die norm³⁰⁰

Deur middel van die appèlskrif word die klag van verongelyking aan die meerdere vergadering bekend gemaak.

Kennisgewing en indiening van appèl

Van die indiening van 'n appèl moet tydig kennis gegee word, sodat dit ordelik op die agenda van die regsprekende vergadering geplaas kan word. Daarbenewens gee dit aan die toeligtters van 'n mindere vergadering die geleentheid om na behore vir die appèl voor te berei. Dit gee aan die afgevaardigdes na die meerdere vergadering die geleentheid om insae in die saak te kry en deeglik op die behandeling daarvan voor te berei. Moontlike wedywering om te uitoorlê of 'n verrassingselement word sodoende teengewerk.

Vorm en inhoud van appèlskrif

Die appellant moet in sy appèlskrif kort, saaklik en duidelik uiteensit waarom hy kla dat hy verongelyk is. Hy moet die besluit waardeur verongelyking plaasgevind het woordeliks weergee, asook die redes (appèlgronde) waarom hy van verongelyking kla. Die appèlgronde moet in terme van die Skrif, belydenis en/of kerkorde verwoord word. Ter wille van 'n effektiewe regsgang en regspraak is dit aan te beveel dat 'n appèlskrif materiële en formele gronde bevat, wat duidelik van mekaar onderskei word.

5.4.2.2 Appèlskrif: die appèlprosedure aan die norm getoets

Kennisgewing en indiening van appèl

Die appèlprosedure is duidelik oor die kennisgewing van appèl. Aanvanklik is bepaal dat, indien iemand wil appelleer, hy veertien dae ná ontvangs van die uitspraak van die kerkraad van sy voorneme om te appelleer aan die kerkraad kennis moet gee³⁰¹. Later is die tydlimiet verslap. As iemand wil appelleer, moet hy binne ses weke na die dag waarop hy skriftelik van die betwiste besluit kennis gekry het, kennis van sy appèl gee³⁰².

³⁰⁰ Sien hoofstuk 4.6.2

³⁰¹ Acta, 1894:42

³⁰² Acta, 1936:169; Acta, 1939:143-145; Acta, 1967:587

Die appèlprosedure bepaal dat die appellant, waar moontlik, verkieslik veertien dae voor die betrokke meerdere vergadering sy appèl skriftelik beskikbaar stel³⁰³. Vooraf indiening van 'n appèlskrif is geen *vereiste* nie.

Vorm en inhoud van appèlskrif

Die appèlprosedure bepaal dat die appellant die gronde van sy besware in sy eie woorde skriftelik voor die meerdere vergadering moet lê. Daarnaas moet hy die mindere vergadering se besluit waarteen geappelleer word in die offisiële redaksie weergee³⁰⁴. Die appèlprosedure bevat geen praktiese riglyne vir die samestelling van 'n appèlskrif nie.

Die appèlreglement van die algemene sinode bepaal dat appèl op 'n algemene sinode slegs moontlik is wanneer 'n beroep op die Skrif, belydenis en kerkorde of 'n uitspraak van die algemene sinode gedoen word³⁰⁵. Hierdeur word die indruk gewek dat appèl op 'n klassis, partikuliere sinode en nasionale sinode op ander gronde as die Skrif, die belydenis of die kerkorde sou kon wees.

5.4.2.3 Appèlskrif: die praktyk aan die norm getoets

Kennisgewing en indiening van appèl

Die vasgestelde tydlimiete en voorwaardes vir indiening van die appèlskrif word oor die algemeen deur appellante eerbiedig. Dit word sodanig aan die sinode gerapporteer.

In 'n enkele geval het dit geblyk dat, toe die appèl gestel moes word, daar geen stukke ter tafel is nie en die mindere vergadering wie se vroeëre uitspraak oor die appèl ter sprake is, geen kennis van die appèl gehad het nie³⁰⁶. Op grond van die afwesigheid van stukke en die beswaar van die deputate van die mindere vergadering is daar besluit om nie verder met die saak te handel nie.

In 'n ander geval het die sinode twee appèlle weens tegniese redes onontvanklik verklaar³⁰⁷. Die sinode neem hierdie besluit niesteenstaande die regs kommissie se aanbeveling dat daar vir die appellante geleentheid geskep moet word om die nodige bewyse te lewer dat daar geen nalatigheid ten opsigte van die kennisgewing van appèl was nie.

³⁰³ GKSA, 1998:46, punt 5.1

³⁰⁴ Acta, 1939:143-145

³⁰⁵ Acta Algemene Sinode, 1984

³⁰⁶ Acta, 1920:51, artikel 114

³⁰⁷ Acta, 1982:135, punte 2.3 en 2.4

Vorm en inhoud van appèlskrif

Uit sinode-acta blyk dat appèlskrifte nie net inhoudelik (materieel) nie, maar ook in vorm baie van mekaar verskil. Appèlskrifte is dikwels omvangryk en op die oog af ingewikkeld saamgestel. Historiese agtergronde word menigmaal met appèlgronde verwar en as sodanig aangebied.

5.4.2.4 Appèlskrif: bevinding

Kennisgewing en indiening van appèl

Die teorie (prosedure) en praktyk (sinodehandelinge) is sodanig dat genoegsaam tyd vir kennisgewing van appèl gegee word. Daar word sorgvuldig gewaak oor die ordelike hantering van die regspraak.

Wat die indiening van die appèl betref, kan dit inderdaad goeie regspraak bevorder as die appèlskrif vroegtydig skriftelik beskikbaar gestel word. Toelighers van die betrokke mindere vergadering sowel as afgevaardigdes na die meerdere vergadering kry dan volop geleentheid om insae in die saak te kry en deeglik op die behandeling daarvan voor te berei. Die besluit om geen vaste reël vir vroeë indiening van die appèlskrif neer te lê nie³⁰⁸, is egter ter sake. Dit is inderdaad nie altyd prakties uitvoerbaar om 'n appèlskrif veertien dae voor die vergadering in te dien nie. Daarby moet die vertroulike aard van sekere appèlle in gedagte gehou word. Die sensitiewe inhoud van sommige appèlsake bemoeilik wydverspreide publikasie daarvan.

Vorm en inhoud van appèlskrif

Die appèlprosedure is klinkklaar oor die minimum-vereistes waaraan 'n appèlskrif inhoudelik moet voldoen.

Dit blyk egter dat daar 'n leemte is wat betref die geskikte vorm waarin 'n appèlskrif gegiet behoort te word. Lang en ingewikkelde appèlskrifte, waarin nie altyd duidelik uitkom wat die punt van verongelyking is waaroor die appellant(e) kla nie, is moeilik om te behandel en belemmer die proses van regspraak.

³⁰⁸ Acta, 1985:524-525

Ter wille van 'n effektiewe regsgang en regspraak is dit aan te beveel dat 'n appèlskrif so eenvoudig as moontlik opgestel word. Met die oog daarop kan daar gebaat word by 'n toevoeging tot die appèlprosedure waarin vormgewing van 'n appèlskrif uiteengesit word.

Appèlgronde

'n Verkeerde en verwarrende indruk word in die appèlreglement van die algemene sinode³⁰⁹ geskep, asof die gronde vir 'n appèlskrif by 'n klassis, partikuliere sinode en nasionale sinode anders as die Skrif, die belydenis of die kerkorde sou kon wees.

5.4.3 Regter

5.4.3.1 Regter: die norm³¹⁰

Roeping tot regspraak

Meerdere vergaderinge is geroep en bevoeg om as regter uitspraak oor 'n appèlsaak te doen. Elke afgevaardigde by 'n meerdere vergadering moet deeglik daarvan bewus wees dat God in Christus die hoogste Regter is. Afgevaardigdes staan in diens van Christus, die hemelse Regter, terwyl hulle regspraak.

Appèlkommissie en/of -deputate

'n Meerdere vergadering wat moet regspraak kan met vrug van 'n appèlkommissie of -deputate gebruik maak om hom te adviseer.

Geen regter in eie saak

Afgevaardigdes wat voorheen reeds oor 'n betrokke appèl uitspraak gelewer het, mag nie weer aan regspraak oor dieselfde saak deelneem nie, aangesien iemand nie regter in sy eie saak kan wees nie.

³⁰⁹ 5.1 van die reglement bepaal dat appèl op 'n algemene sinode slegs moontlik is wanneer 'n beroep op die Skrif, belydenis en kerkorde of 'n uitspraak van die algemene sinode gedoen word (GKSA, 1998:46).

³¹⁰ Sien hoofstuk 4.6.3

5.4.3.2 Regter: die appèlprosedure aan die norm getoets

Roeping tot regspraak

Die appèlprosedure gaan ooreenkomstig Artikel 31 KO daarvan uit dat die kerklike vergadering in 'n appèlsaak reg moet spreek.

Appèlkommissie en/of -deputate

Die appèlprosedure bepaal dat die vergadering ter wille van 'vrugbare prosedure' 'n spesiale appèlkommissie kan aanwys om die nodige ondersoek te doen, en advies oor regspraak te gee³¹¹. Verskeie sinodes het oor die opdrag en bevoegdheid van sodanige appèlkommissie besin. Die huidige prosedure bepaal dat 'n regs-kommissie, bestaande uit drie lede wat deur die sinode benoem word en een deputaat van elke partikuliere sinode, aangewys word. Die mandaat van die regs-kommissie is om die sinode te adviseer insake die ontvanklikheid van alle appèlle. Verder behoort die regs-kommissie hulle ten volle op die inhoud van die onderskeie appèlle in te werk sonder dat tot enige voorlopige of finale besluit gekom word³¹². In die saamgevatte prosedure wat in 1998 uitgegee is, word nie na die regs-kommissie verwys nie³¹³.

Sinode 2006 het besluit om ondersoek na die moontlike aanwys van appèldeputate te doen³¹⁴.

5.4.3.3 Regter: die praktyk aan die norm getoets

Roeping tot regspraak

Uit sinode-acta blyk dat sinodes verantwoordelikheid vir regspraak aanvaar.

Appèlkommissie en/of -deputate

Om aan die appellant en sy appèl reg te doen, word – op 'n enkele uitsondering na³¹⁵ –

³¹¹ Acta, 1939:143-145

³¹² Acta, 1991:539-540

³¹³ GKSA, 1998:45-46

³¹⁴ Notule, 2006:63

³¹⁵ Acta, 1907:26

deurgaans van appèlkommissies³¹⁶ gebruik maak. Die appèlkommissie kry opdrag om die appèl te ondersoek en met die oog op regspraak aan die sinode verslag te doen.

Oor die funksie, bevoegdheid en taak van die appèlkommissie bestaan daar, vir sover dit in die acta beskryf word, geen twyfel nie.

Geen regter in eie saak

Hoë premie word op die *nemo iudex in causa sua*-beginsel ten opsigte van die regter geplaas. Toe die kerkraad van Pretoria in 'n appèl aantoon dat twee afgevaardigdes van die kerkraad van Johannesburg oor 'n saak gestem het wat die kerkraad van Johannesburg direk aangegaan het, het die sinode sonder meer geoordeel dat die appèl slaag. Sonder om die saak vooraf na 'n kommissie te verwys, is besluit dat die kerkraad van Johannesburg wederregtelik as regter in sy eie saak opgetree het³¹⁷.

'n Saak wat met die *nemo iudex in causa sua*-beginsel verband hou, is die prosedure-reël dat die professor in kerkreg, indien hy teenwoordig is, *ex-officio* lid van die appèlkommissie moet wees³¹⁸. Tydens Sinode 1979 het geblyk dat daar onsekerheid oor die posisie en optrede van die professor in kerkreg by die kommissie bestaan³¹⁹. Die onsekerheid het voortgespruit uit 'n klag van 'n appellant dat die professor in kerkreg, wat as adviseur op die appèlkommissie gedien het, moontlik geprejudiseer kon wees, aangesien hy by mindere vergaderinge oor dieselfde saak advies gegee het. Alhoewel die appèl nie geslaag het nie³²⁰, is die appellant se vraag oor die posisie en optrede van die professor in kerkreg nie aangespreek nie. In 1991³²¹ is besluit dat die professor in kerkreg voortaan geen *ex-officio* lid van die appèlkommissie meer sal wees nie.

5.4.3.4 Regter: bevinding

Roeping tot regspraak

Alles dui daarop dat meerdere vergaderinge van hulle roeping tot regspraak bewus is.

³¹⁶ Aanvanklik is 'n dogmaties-kerkregtelike kommissie aangewys om ontvanklikheid van die appèl te beoordeel; daarna is 'n appèl-kommissie benoem om die sinode oor die inhoud van die appèl te adviseer (Acta, 1933:53). Sedert 1991 (Acta, 1991:539-540) ondersoek 'n regskommissie die ontvanklikheid van appèlle, waarna die appèlskrifte vir behandeling na 'n appèlkommissie verwys word.

³¹⁷ Acta, 1916:53

³¹⁸ Acta, 1939:143-145.

³¹⁹ Acta, 1979:257-261, punt I in samehang met punt H.

³²⁰ Acta, 1979:261, punt L

³²¹ Acta, 1991:524-526, artikel 22.12

Appèlkommissie en/of -deputate

Of die vergadering in sy geheel, almal tesame en elke afgevaardigde afsonderlik, tot verantwoorde regspraak oor 'n appèlsaak in staat is, is 'n vraag wat nie so maklik beantwoord kan word nie. Meerdere vergaderinge doen goed daaraan om hulle in hulle regspraak deur 'n appèlkommissie te laat lei. Of sodanige leiding daadwerklik genoeg is om ten volle rekenskap vir regspraak te gee, bly 'n oop vraag.

In die soeke na 'n alternatief is dit prinsipiëel nie verkeerd dat appèldeputate aangewys word om regspraak te behartig nie³²². Sulke deputate kan gedeeltelike of algehele afhandelingsbevoegdheid ontvang³²³. Omdat die appèlkommissie of -deputate volgens 'n welomskrewe opdrag te werk gaan, moet hulle aan die vergadering van wie hulle hulle opdragte ontvang, verslag doen. Sodoende bly die kerklike vergadering ten volle op hoogte van die wyse en inhoud van regspraak, en kan hy hom as lasgewer³²⁴ daarvoor uitspreek.

Geen regter in eie saak

Tereg moet daarteen gewaak word dat afgevaardigdes wat voorheen reeds oor 'n betrokke appèl uitspraak gelewer het, nie weer aan regspraak oor dieselfde saak deelneem nie.

5.4.4 Regspraak

5.4.4.1 Regspraak: die norm³²⁵

Kerklike vergaderinge is verbind tot bereidwilligheid om reg te spreek, ook al verg appèlle deurgaans baie tyd en energie. Kerklike regspraak vereis 'n deeglike ondersoek. Dit moet eerbaar, spoedig en onbevooroordeeld wees. Kerklike vergaderinge moet op 'n geestelike, kerklike wyse regspreek. By dit alles moet aan algemeen geldende regsbeginsels, wat vir die kerke 'n minimum-vereiste behoort te wees, voldoen word.

³²² Iemand met ervaring op die terrein van geskilbeslegting kan 'n wesenlike bydrae as appèldeputaat lewer. Dit moet as wins beskou word indien 'n gelowige regsgeleerde sy juris-gawes in die behandeling van die appèlsaak kan aanwend (vergelyk hoofstuk 4.6.3).

³²³ Vergelyk die breedvoerige beredenering hieroor in hoofstuk 4.4.4.2.2.

³²⁴ Deputate is lashebbers, en is ten volle verantwoordig aan die lasgewende vergadering – wat hulle opdragte aan hulle gee – verskuldig (Meijer, 1995:64).

³²⁵ Sien hoofstuk 4.6.4

Die norme vir praktiese hantering van 'n appèl kan in drie hoofsaake weergegee word:

- **Ontvanklikheid van appèl**
 - Oordeel aan die hand van 'n duidelike maatstaf oor die formele en inhoudelike ontvanklikheid van die appèl.
 - Oordeel oor ontvanklikheid is die eerste van twee³²⁶ uitsprake wat die vergadering oor die appèl gee.
- **Ondersoek van appèl**
 - Gaan deur die appèlskrif om 'n duidelike geheelbeeld van die appellant se klag te verkry.
 - Stel deur middel van hoor en wederhoor vas wat die feite met betrekking tot die konflik is.
 - Kom by 'n goed gefundeerde en verantwoordbare regsinding uit.
 - Stel die behandelingsproses in die vorm van 'n rapport op skrif.
- **Regsuitspraak oor appèl**
 - Verantwoorde, duidelike uitspraak. Met verskaffing van redes word gestel of die appèl slaag al dan nie.
 - Pastorale uitspraak. 'n Beroep word op beide partye in die saak gedoen om in die lig van regspraak met mekaar te versoen.
 - Doelgerigte uitspraak. Die uitspraak in 'n appèlsaak moet sodanig wees dat dit tot beëindiging van die konflik en herstel van reg en vrede kan bydra.
 - Effektiewe uitspraak. Die vergadering reik – indien, en vir sover nodig – 'n helpende hand uit om in die plaaslike omstandighede tot daadwerklike oplossing van die konflik te kom.
 - Regskragtige en skriftelike uitspraak. Die vergadering stel albei partye skriftelik van sy bindende regsuitspraak in kennis.

5.4.4.2 Regspraak: die appèlprosedure aan die norm getoets

Ontvanklikheid van appèl

Die appèlprosedure bepaal *dat* alle appèlstukke met die oog op ontvanklikheid nagegaan en beoordeel moet word³²⁷. Die prosedure gee geen direkte, welomskrewe aanduiding *volgens watter kriteria* ontvanklikheid getoets word nie. Dit word veronderstel dat ontvanklikheid aan die hand van voorskrifte, wat in die prosedure vervat is, bepaal word: is daar betyds kennis

³²⁶ Die tweede uitspraak is die finale uitspraak waarin regspraak oor die inhoud van die appèl gegee word (sien hoofstuk 4.4.5.1).

³²⁷ Acta, 1939:143-145

van appèl gegee³²⁸; word die oorspronklike besluit waarteen geappelleer word in die appèl-skrif weergegee; word die appèlgronde in eie woorde gestel?

Ondersoek van appèl

Die appèlprosedure stel dit as vereiste dat 'die appellant met sy getuies en die verdediging van die liggaam waarteen geappelleer word, gehoor word'³²⁹; hetsy deur die volle vergadering en/of deur die appèlkommissie wat die ondersoek doen en die vergadering moet adviseer.

Dit word verder as vereiste gestel dat die appellant en 'verweerder' ten volle geleentheid moet kry om repliek op die rapport van die appèlkommissie te lewer³³⁰.

Indien 'n appellant of toeligter meen dat die getuienis of toeligting van enige getuie oor die tersaaklike appèl nodig is, staan dit hom/hulle vry om sulke getuies in te roep³³¹.

Behalwe dié twee vereistes en een vergunning maak die appèlprosedure geen melding van 'n ondersoek ooreenkomstig algemeen geldende regsnorme nie.

Regsuitspraak oor appèl

Die appèlprosedure verwys nie na die manier waarop 'n kerklike vergadering regspraak formuleer en aan die betrokkenes bekend maak nie.

5.4.4.3 Regspraak: die praktyk aan die norm getoets

Ontvanklikheid van appèl

Sinode-acta wys eenduidig daarop dat ontvanklikheid van 'n appèl vasgestel word, alvorens die saak in behandeling geneem word.

Aanvanklik is 'n dogmaties kerkregtelike kommissie aangewys wat vooraf ondersoek na die ontvanklikheid van appèlle gedoen het³³². Nadat Sinode 1991³³³ 'n beskrywingspunt in dié verband goedgekeur het, is 'n regs-kommissie vir die ondersoek na ontvanklikheid

³²⁸ Acta, 1936:169

³²⁹ Acta, 1939:143-145, punt 4(c)

³³⁰ Acta, 1973:191

³³¹ Acta, 1997:545-546. Voorwaardes daaraan verbonde is deur die sinode neergelê.

³³² Acta, 1933:10, artikel 11c

³³³ Acta, 1991:539-540

verantwoordelik. Die kommissie adviseer die vergadering, en die vergadering neem 'n besluit³³⁴.

Ontvanklikheid van appèlle word aan die hand van die kriteria, soos in die prosedure-reëling vasgelê, bepaal³³⁵. Die bestaande kriteria is formeel van aard³³⁶. In 'n enkele geval is ontvanklikheid nie net formeel nie, maar ook op grond van die inhoud van die appèl bepaal. 'n Kommissie adviseer Sinode 1933 dat hy 'nie op die appèl (van 'n kerkraad – GJM) kan ingaan nie, aangesien die kerkraad geen kerkregtelike besware teen die besluit aanvoer nie, maar hulle nie wil onderwerp aan die beslissing van die meerdere vergadering nie³³⁷. Die sinode keur die advies goed en gee die kerkraad skriftelik antwoord van sy besluit.

In 'n ander enkele geval word twee appèlle wat voor die sinode gedien het weens tegniese redes onontvanklik verklaar³³⁸. Die sinode neem hierdie besluit nieteenstaande die regs-kommissie se aanbeveling dat daar vir die appellante geleentheid geskep moet word om die nodige bewyse te lewer dat daar geen nalatigheid ten opsigte van die kennisgewing van appèl was nie.

Ondersoek van appèl

Tussen 'n menigte appèlsake wat oor baie jare deur talle kommissies ondersoek is, kan vanuit die sinode-acta 'n duidelike, konstante lyn van optrede getrek word. Appèlkommissies het:

- verseker dat al die nodige inligting³³⁹ ter tafel is³⁴⁰;
- die appèlskrif deurgelees³⁴¹;
- ruim geleentheid vir toeligting deur alle betrokkenes³⁴² gegee³⁴³.

³³⁴ Vergelyk onder andere Acta, 1994:51-55

³³⁵ Vergelyk onder andere Acta, 1997:47, punt 3.2

³³⁶ Die drie kriteria is: 1. Die appellant moet van sy voorneme tot appèl kennis gee binne die tyd van ses weke na die datum van kennisgewing waarin hy skriftelik kennis kry van die beslissing waarteen hy appelleer (Acta, 1936:169); 2. Die appellant moet die gronde van sy besware in eie woorde skriftelik voor die meerdere vergadering lê (Acta, 1939:144, punt 1(c)); 3. Die appellant moet die mindere vergadering se besluit waarteen geappelleer word, in die offisiële redaksie weergee (Acta, 1939:144, punt 1(c)).

³³⁷ Acta, 1933:110, punt 6

³³⁸ Acta, 1982:135, punte 2.3 en 2.4

³³⁹ 'Nodige inligting' verskil van saak tot saak. Soms was dit nodig dat stukke wat oor die oorspronklike geskil handel, onder oë geneem moes word (Acta, 1910:16, artikel 18). Ander kere word die appèlstukke van die appellante, notuleboeke van die betrokke kerkraad, klassis en partikuliere sinode ter tafel geneem (Acta 1933:108-109).

³⁴⁰ Acta, 1933:108-109; Acta, 1970:152-155, artikel 80; Acta, 2000:41-177, artikel 12

³⁴¹ Acta, 1907:26, artikel 73; Acta, 1910:16, artikel 18 noem dit 'n 'ernstige dokumentaire ondersoek'; Acta, 1967:68-89, artikel 22.

³⁴² Met betrokkenes word deurgaans die appellant en toeligers van die mindere vergadering bedoel.

³⁴³ Acta, 1907:26, artikel 73; Acta, 1933:108-109; Acta, 1967:68-89, artikel 22; Acta, 1970:153, artikel 80 D2; Acta, 1988:568, punt 4.2; Acta, 2000:41-177, artikel 12; Acta, 2003:49, punt 2.1; Acta, 2003:61, punt 2.1; Acta, 2003:69, punt 2.1.1; Acta, 2003:85, punt 2.1

- betrokkenes is in mekaar se teenwoordigheid aangehoor³⁴⁴;
- waar nodig, is vir opheldering van sake gevra ten einde duidelikheid en sekerheid oor die feite op tafel te kry³⁴⁵;
- persoonlike getuienis ingewin³⁴⁶;
- die saak deeglik bespreek en beredeneer³⁴⁷:
 - in die beredenering van die saak is gepoog om tot die kern van die konflik deur te dring³⁴⁸;
 - formele en materiële gronde van die appèl word afsonderlik aan die regsbeginsels getoets³⁴⁹;
- tot 'n bevinding en oordeel gekom³⁵⁰;
- die sinode van advies met betrekking tot 'n regsuitspraak bedien³⁵¹. Die geskrewe advies bevat:
 - 'n kort agtergrondskets oor die aanleiding tot die appèl³⁵²;
 - die regsgronde, waarvolgens die kommissie oordeel³⁵³;
 - 'n aanbeveling op grond waarvan die sinode regspraak kan lewer³⁵⁴.

Uitspraak oor appèl

Anders as met die *ondersoek* van die appèl, dui die verskillende sinode-acta nie op 'n eenvormige lyn waar dit by die lewer van 'n *uitspraak* kom nie.

Tot 1945 gee sinodes – waar van toepassing – duidelik omskrewe, begronde uitsprake.

Enkele voorbeelde dien ter toeligting:

- Algemene Sinodale Vergadering 1907: 'De Synode alles gehoord en overwogen hebbende wat de twee broeders als bezwaar voor den kerkeraad van Pretoria en later voor de Algemeene Vergadering gebracht hebben, – is van oordeel dat de Kerkeraad wel wat meer kon gedaan hebben om hunne bezwaren weg te nemen – maar niet het houden van het Avondmaal langer kon worden uitgesteld. Wat zij, n.l. de bezwaarde broeders, uit oude schrijvers en Dr. A. Kuiper aanhalen, ziet niet op gevallen als het onderhavige, maar op de

³⁴⁴ Acta, 1994:105, punt 1.3.3; indien die appellant nie teenwoordig is nie, kry die verweerder ook geen geleentheid om die appèlkommissie toe te spreek nie (Acta, 1976:220, punt D).

³⁴⁵ Acta, 2003:57, punt 2.1

³⁴⁶ Acta, 1910:16, artikel 18; Acta, 1933:108-109

³⁴⁷ Acta, 1933:108-109; Acta, 1967:68-89, artikel 22

³⁴⁸ Acta, 1967:68-89, artikel 22; Acta, 1970:166, artikel 4a

³⁴⁹ Acta, 1970:228, 231-232; Acta, 2000:41-177, artikel 12

³⁵⁰ Acta, 1910:16, artikel 18; Acta, 1970:228, 231-232

³⁵¹ Acta, 1910:16, artikel 18; Acta, 1967:68-89, artikel 22

³⁵² Acta, 1933:108-109; Acta, 1970:228, 231-232; Acta, 2000:41-177, artikel 12

³⁵³ Acta, 1933:108-109

³⁵⁴ Acta, 2000:41-177, artikel 12

zelfbeproeving van den Avondmaalganger. De Synode kan dus niet anders dan de uitspraak der Algemeene Vergadering bekrachtigen³⁵⁵.

- Sinodale Vergadering 1933: 'Die Eerw. Sinode besluit, ten eerste, dat aangesien uit die offisiële akte-stukke blyk dat geen offisiële 'vrye-keuse' by die afstigtingsvergadering gewettig is nie, die appèl op kerkregtelike gronde van die hand gewys moet word. In die tweede plek, waar dit nie ontken kan word nie, dat daar redelike grond bestaan het waardeur lidmate onder 'n verkeerde indruk gekom het, nl. dat daar wel 'vrye-keuse' sou bestaan ... word op die broeders wat as innige begeerte uitgespreek het dat liefde en Christelike verdraagsaamheid sal bestaan, 'n ernstige beroep gedoen om by die beslissing te berus en hulle self te onderwerp aan die Kerkregtelike bepalinge omtrent grensreëling. Aan die ander kant word die betrokke kerkrade gemaan tot uiterste lankmoedigheid by die behandeling van sodanige kwessies³⁵⁶.
- Sinodale Vergadering 1942: '(a) Die aanvaarding van die versoening deur die appellante op Lichtenburg kan geen ander betekenis hê nie, as dat die appèlle daarmee verval het: Hiermee was, en bly die saak beëindig, sodat alle verdere voortsetting van appèl neerkom op onversoenlikheid. (b) Die uitspraak van die eerw. Part. Sinode van Johannesburg-Noord, soos uitgedruk in sy 'gewysigde rapport' behoort gehandhaaf te word³⁵⁷.
- Sinodale Vergadering 1945: 'n Broeder en suster meen dat hulle verontreg is omdat 'n klassis en partikuliere sinode die beroep wat op hulle gedoen is om oor die saak tussen hulle en hulle kerkraad reg te spreek, onontvanklik verklaar het. Die sinode oordeel dat die broeder en suster inderdaad deur die mindere vergaderings verontreg is en 'verklaar die appèl as geslaagd'. Afgesien van die appèl het die broeder en suster 'n brief aan die sinode gerig, waarin hulle die sinode versoek 'om 'n weg oop te maak waardeur hulle weer kan deel in die gemeenskap met die medegelowiges'. Die sinode besluit 'dat op bogemelde brief vriendelik geantwoord sal word dat die weg om tot kerklike gemeenskap toe te tree die plaaslike Kerkraad is³⁵⁸.

Vanaf 1961 word uitsprake kort en bondig gestel: 'n appèl slaag of slaag nie. Weereens word slegs na enkele voorbeelde ter toeligting verwys:

- Sinodale Vergadering 1961. Die sinode behandel 'n ingewikkelde appèl³⁵⁹. In hulle uitspraak bevind die sinode op grond van die aanbeveling van die appèlkommissie 'dat die Appellant reg het om hom verontreg te voel deur die uitspraak van die eerwaarde Part. Sinode Oos-Transvaal. Derhalwe slaag die appèl op al die punte'. Die sinode spreek sy dank teenoor die appèlkommissie uit, maar gee geen aanduiding hoe die appellant en/of

³⁵⁵ Acta, 1907:26, artikel 76

³⁵⁶ Acta, 1933:109

³⁵⁷ Acta, 1942:170, punt 4(a)

³⁵⁸ Acta, 1945:189-191, artikel 243

³⁵⁹ Acta, 1961:137-142, artikel 43

mindere vergadering met die uitspraak verder moet handel ten einde onderlinge rus, vrede en normalisering in geskende verhoudings te bewerk nie.

- Sinodale Vergadering 1967. Die sinode het vier appèlsake in behandeling geneem³⁶⁰. Die besluite van die sinode is in al vier gevalle ten gunste van die advies van die appèlkommissie: die rapport word met dank aanvaar/goedgekeur³⁶¹.
- Sinodale Vergadering 1970. 'n Omvangryke appèl oor 'n onverkwiklike situasie tussen 'n broeder en sy kerkraad dien³⁶². Die appèlkommissie van die sinode het 'die saak nagegaan en uit die massa gegewens dit wat werklik betrekking het probeer uitsif³⁶³. Die sinode spreek uit dat die appèl van die broeder op drie van die vyf gronde slaag. Die sinode bedank die appèlkommissie vir hulle werk³⁶⁴, maar gee geen verdere aanduiding oor hoe die verontregte broeder en sy kerkraad verder te werk moet gaan nie.
- Sinode 1976. 'n Appèl word behandel waarin die saak van formalistiese behandeling van regsake aan die orde kom³⁶⁵. Alhoewel twee verskillende rapporte by wyse van advies voor die sinode gedien het, is almal dit eens dat 'letterknegtelike eerbiediging van 'n prosedure-reël' en 'starre formalisme' 'n wesentlike gevaar vir goeie regspraak inhou³⁶⁶. In beide rapporte word die mening uitgespreek dat die mindere vergadering die betrokke saak waaroor die appèl handel nie reg hanteer het nie, omdat 'die aanvaarding van 'n bloot formele reël van prosedure as deurslaggewend by hierdie appèl wesentlik die gevaar inhou dat onreg geskied³⁶⁷. Daar word op die nadelige gevolge gewys wanneer 'n vergadering wat moet regsprek 'bloot 'n appèl laat slaag' in plaas daarvan om 'op al die sake in te gaan en die gewenste optrede by die onderhawige partye te bewerkstellig³⁶⁸. Die sinode besluit om geen uitspraak oor die appèl te lewer nie, maar die hele aangeleentheid in die lig van die bevindings na die betrokke kerkraad terug te verwys³⁶⁹.
- Sinode 1982. 'n Teologiese kandidaat meen dat hy verontreg is omdat 'n partikuliere sinode, wat hom met die oog op proponering moes eksamineer, nie 'n ordelike en regverdige besluit oor sy eksamenpreke geneem het nie³⁷⁰. Die appèl van die kandidaat slaag op sekere punte³⁷¹. Die sinode spreek nie uit wat die effek van die regspraak is nie.
- Nasionale Sinode 1988. 'n Beswaarskrif waaroor die appellante en die partikuliere sinode 'n 'dooie punt' bereik het, dien by wyse van appèl voor die sinode³⁷². Nadat die saak

³⁶⁰ Acta, 1967:68-89, artikel 22

³⁶¹ Acta, 1967:72, 77, 83, 89

³⁶² Acta, 1970:156-167

³⁶³ Acta, 1970:166, artikel 4

³⁶⁴ Acta, 1970:167

³⁶⁵ Acta, 1976:217-225, artikel 77

³⁶⁶ Acta, 1976:222, punt 5.4

³⁶⁷ Acta, 1967:223, punt 6.3

³⁶⁸ Acta, 1976:225, punt 4.2

³⁶⁹ Acta, 1976:225, punt E in samehang met Acta, 1976:223, punt 7

³⁷⁰ Acta, 1982:136-141

³⁷¹ Acta, 1982:141

³⁷² Acta, 1988:565-569

deeglik ondersoek is, keur die sinode goed dat die appèlgrond wat op die partikuliere sinode se formele hantering van die saak betrekking het, slaag. Die appèlgrond wat na die beswaarskrif, dit wil sê die materie van die saak verwys, slaag nie. In sy samevattende uitspraak bepaal die sinode dat die appèl in sy geheel slaag. Die implikasies daarvan vir die appellante en die onderskeie mindere vergaderinge wat met die beswaarskrif moes werk, word nie uitgestippel nie.

- Algemene Sinode 1988. 'n Appèl slaag, maar die effek van die uitspraak word nie uiteengesit nie³⁷³. In een geval, waar wel by wyse van 'n slotopmerking 'n aanduiding van die effek van die uitspraak gegee word, betree die sinode die versigtige pad deur daarvan kennis te neem³⁷⁴; die slotopmerking word nie goedgekeur nie.
- Nasionale Sinode 1991. Appellante kla: 'Dit is byna sewe jaar dat hierdie saak skarrel tussen die Klassis Vaalrivier, die Part. Sinode OVS en Natal en die Nasionale Sinode met al die spanning, bitterheid en opoffering wat daarmee gepaard gegaan het ... Dit is ooglopend uit die hantering van die beswaarskrifte en appèlle deur beide die Klassis Vaalrivier en die Part. Sinode OVS en Natal dat geen ordelike regspraak van beide instansies verwag kan word nie ...³⁷⁵. Kragtens Artikel 30 Kerkorde wys hulle die meerdere vergadering op die plig om 'in te gryp in die saak van 'n mindere vergadering by versuim of onwilligheid om op te tree by laasgenoemde'³⁷⁶. Die sinode oordeel dat die appellante geen regskenking beredeneer nie, en spreek uit dat die appèl nie slaag nie³⁷⁷. Die oortuiging van die appellante dat die betrokke mindere vergaderinge nie by magte is om in hierdie geval meer reg te spreek nie, en die versoek aan die meerdere vergadering om 'in te gryp' word sonder opgaaf van redes onontvanklik verklaar³⁷⁸.
- In 'n ander appèl wat voor Sinode 1991 dien³⁷⁹ kla 'n broeder na aanleiding van uitsprake deur 'n klassis en 'n partikuliere sinode dat 'die idee by hom posvat dat met kerksake so omgegaan word dat die wetlike aspekte hoër aansien verdien as die werklike saak waaroor dit gaan ... Ek wil dus eerbiedig aanbied dat hier growwe regskenking plaasgevind het; dat my appèlle nie aangespreek word nie en sonder meer in die ongelyk gestel word. Daarom wil ek u beleef maar dringend versoek om reg aan my te laat geskied oor die ontvanklikheid van my appèl maar ook om my werklike appèl grondig te ondersoek en uitspraak te lewer'. Die sinode gee die broeder gelyk dat hy deur die klassis en die partikuliere sinode verontreg is. Die acta vermeld niks oor die tweede deel van die appellant se versoek, naamlik om sy 'werklike appèl grondig te ondersoek en uitspraak te lewer' nie.

³⁷³ Acta, 1988:78-128, artikel 38; vergelyk ook Algemene Sinode Acta, 1980:13-25, artikel 14

³⁷⁴ Acta, 1988:128, punt 6

³⁷⁵ Acta, 1991:83, punt 4.2.1 en 4.2.2

³⁷⁶ Acta, 1991:84, punt 4.2.4

³⁷⁷ Acta, 1991:87, punt 3.5

³⁷⁸ Acta, 1991:87, punt 4

³⁷⁹ Acta, 1991:90-95, artikel 12.3

- Nasionale Sinode 1994. In 'n appèl van 'n kerkraad teen 'n partikuliere sinode word van ernstige verontregting gekla³⁸⁰. Die nasionale sinode oordeel dat die appèl op twee van die vier gronde slaag³⁸¹. Die versoeke van die appellante om met verdere regspraak behulpsaam te wees, word met verwysing na Artikel 30 Kerkorde nie behandel nie.
- Nasionale Sinode 1997. 'n Appèl met nege gronde word deur Sinode 1997³⁸² ter tafel geneem. Op aanbeveling van die appèlkommissie besluit die sinode dat die appèl op twee gronde slaag³⁸³. Die appèlkommissie voeg 'n punt toe, waarin die konsekwensies van hulle aanbeveling en die sinode se regspraak uitgespel word. Die sinode besluit om nie dié punt van die kommissierapport te aanvaar nie, en volstaan met 'n besluit: 'Die appèl slaag op kardinale gronde'.
- Nasionale Sinode 2003. 'n Appèl dien wat betrekking het op 'n broeder wat voorheen predikant was, en opnuut aansoek doen om tot die amp van Woordbedienaar toegelaat te word³⁸⁴. 'n Lang proses het aan die appèl voorafgegaan en daartoe aanleiding gegee. Die sinode spreek uit dat die appèl van die broeder slaag³⁸⁵. In die acta word melding gemaak van die konsekwensie van die uitspraak, naamlik 'dat die hele aansoek van vooraf (*de novo*) begin by die kerkraad van Nigel'. Hiervan neem die sinode kennis³⁸⁶, sonder om dit goed of af te keur.

Enkele uitsonderings moet ten opsigte van bostaande aangeteken word:

- Sinode 1982. In 'n appèl teen die besluit van 'n partikuliere sinode voer 'n kerkraad aan dat hulle predikante ten onregte in 'n staat van beskuldiging gestel word, terwyl 'n klag van leerdwaling nie teen hulle ingebring en behandel is nie³⁸⁷. Die sinode gee die appellerende kerkraad gelyk 'en verwys die saak terug om ooreenkomstig art. 79 KO behandel te word'³⁸⁸. Laasgenoemde wyse van optrede kom ooreen met die soort regspraak wat sinodes voor 1961 gelewer het.
- Nasionale Sinode 1985. In 'n appèl met betrekking tot die opname van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar in die kerkverband word verwys na onafgehandelde tugsake waaraan in die proses van opname in die kerkverband nie genoegsame en regte aandag geskenk is

³⁸⁰ Die kerkraad voer aan dat dokumente wat van die betrokke deputate korrespondensie aangevra is nie betyds ontvang is nie of van hulle weerhou is; dat hulle nie deur die partikuliere sinode aangehoor is nie; dat die partikuliere sinode nagelaat het om ooreenkomstig die Skriftuurlike eis getuïenis aan te hoor, elkeen geleentheid te gee om sy kant van die saak te stel, en reg te spreek (Acta, 1994:95-101).

³⁸¹ Acta, 1994:116, punt 3

³⁸² Acta, 1997:61-79, artikel 12.3.2

³⁸³ Acta, 1997:79, punt 3.2.1

³⁸⁴ Acta, 2003:62-72, artikel 12.2.4

³⁸⁵ Acta, 2003:72, punt 4

³⁸⁶ Acta, 2003:72, punt 5

³⁸⁷ Acta, 1982:141-145, artikel 63

³⁸⁸ Acta, 1982:145, punt 4.2.2

nie³⁸⁹. Die sinode kom tot die slotsom dat die appèl op vyf van die ses punte nie slaag nie, terwyl een appèlgrond goedgekeur word. Die sinode oordeel voorts dat 'die handhawing van die appèl op hierdie een grond egter nie inhou dat die Klassisbesluit insake die opname van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar in die kerkverband nietig verklaar word nie. Dit hou alleen in dat die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar en die Klassis met die oog op versoening opnuut aan die 'onskriftuurlike tughandelinge' van 1958 aandag behoort te gee'.

- Nasionale Sinode 2003. Die sinode spreek uit dat 'n appèl slaag³⁹⁰. Die acta vermeld tewens die konsekwensie van die sinode-uitspraak: 'Dat die appèl van vooraf (*de novo*) deur Oostelike Part. Sinode 2003 kragtens artt. 30 en 31 hanteer word. Die Appellant het in die ontmoeting met die Appèlkommissie aangedui dat hy 'n pad van versoening wil loop alreeds vóór Oostelike Part. Sinode 2003. Alle betrokkenes by hierdie saak moet asseblief van hierdie gesindheid deeglik kennis neem'. Die sinode keur dit goed³⁹¹.

5.4.4.4 Regspraak: Bevinding

Ontvanklikheid van appèl

Die bestaande appèlprosedure insake ontvanklikheid word deurgaans nougeset gevolg.

'n Sinode het per geleentheid, téén die advies van sy regs kommissie in, besluit om twee appèlle onontvanklik te verklaar. Dit wek die indruk van formalisme, getuig nie van bereidwilligheid om reg te soek en reg te spreek nie, en bevorder geen goeie regsgang met die oog op regsherstel nie.

Oor die inhoud en omvang van die bestaande kriteria word bevind dat dit eensydig formeel van aard is. In 'n enkele geval is ontvanklikheid nie net formeel nie, maar ook op grond van die inhoud van die appèl bepaal. 'n Kommissie adviseer die sinode dat hy 'nie op die appèl (van 'n kerkraad – GJM) kan ingaan nie, aangesien die kerkraad geen kerkregtelike besware aanvoer teen die besluit nie, maar hulle nie wil onderwerp aan die beslissing van die meerdere vergadering nie³⁹². Die sinode keur die advies goed en gee die kerkraad skriftelik antwoord van sy besluit. Dit getuig van goeie regspraak, te meer omdat die sinode in daardie besondere geval ook twee van sy afgevaardigde predikante aangewys het om 'n broederlike oplossing vir die geskil te help soek³⁹³.

³⁸⁹ Acta, 1985:173-178

³⁹⁰ Acta, 2003:73-82, artikel 12.2.5

³⁹¹ Acta, 2003:82, punt 5

³⁹² Acta, 1933:110, punt 6

³⁹³ Acta, 1933:110, 112

'n Beskrywingspunt van die Gereformeerde Kerk Brackenhurst aan Klassis Germiston³⁹⁴ is in hierdie verband eweneens tersaaklik. Die kerkraad stel in die beskrywingspunt dat vooraf gesprek volgens Matteus 18 (gesprek en poging tot versoening) as noodsaaklik geag word, alvorens 'n appèl in behandeling geneem word. Met dié beskrywingspunt vra die kerkraad in effek dat die ontvanklikheid van 'n appèl ook bepaal word deur optrede wat aan die appèl voorafgegaan het. Die klassis het die beskrywingspunt afgekeur³⁹⁵. 'n Versoek aan die sinode om wel uitspraak daarvoor te doen, het op dowe ore geval³⁹⁶.

Die slotsom waartoe gekom word, is dat die bestaande ontvanklikheidskriteria vir appèlle onvoldoende is. Goeie regsgang vereis dat appèlle formeel sowel as inhoudelik vir ontvanklikheid getoets sal word, en dat die vergadering wat daarvoor moet oordeel terdeë bewus sal wees van die gewig van hulle uitspraak³⁹⁷. Indien 'n appèl onontvanklik verklaar word, behoort die besluit gemotiveerd en skriftelik aan die appellant oorgedra te word.

Ondersoek van appèl

Die appèlprosedure bevat slegs twee vereistes en een vergunning ten opsigte van die ondersoek van 'n appèl. Niks anders word oor 'n ondersoekproses ooreenkomstig algemeen geldende regsnorme gemeld nie.

Nieteenstaande die beknopte prosedure het 'n omvangryke ondersoek-praktyk oor baie jare in die kerklike lewe geyk geraak. Gemeet aan die norme vir die ondersoek van 'n appèl, word bevind dat die praktyk die prosedure by verre oortref.

Dit blyk derhalwe noodsaaklik te wees om die appèlprosedure in hierdie opsig grondig te hersien. In die proses van hersiening behoort aan sekere wesenlike sake aandag gegee te word³⁹⁸, waaronder reëls waaraan 'n regsondersoek moet voldoen³⁹⁹, asook reëls wat vir regsinding⁴⁰⁰ geld.

³⁹⁴ Acta, 1994:94, punt 3.2

³⁹⁵ Acta, 1994:95, punt 4.1.2

³⁹⁶ Acta, 1994:110, punt 3

³⁹⁷ Vergelyk die slotopmerking by hoofstuk 4.4.5.1

³⁹⁸ Sien hoofstuk 4.4.5.4

³⁹⁹ Die ondersoek sluit vorming van 'n geheelbeeld van die saak in, asook die aanhoor van partye en getuies.

⁴⁰⁰ Regsinding het te doen met 'n analise van die feite op tafel, die stel van die toepaslike regsrae en die bereiking van 'n gebalanseerde bevinding.

Uitspraak oor appèl

Dit is reeds gestel dat die appèlprosedure nie verwys na die manier waarop 'n kerklike vergadering regspraak formuleer en aan die betrokkenes bekend maak nie.

Sinode-uitsprake oor appèlle kan breedweg in twee groepe verdeel word:

- Tot 1945 gee sinodes oor die algemeen duidelik omskrewe, begronde regsuitsprake. Konsekwensies van die uitspraak asook stappe wat onderneem moet word om tot regsherstel by te dra, word deur die sinode in sy uitspraak verwoord. Enkele latere sinodes⁴⁰¹ het eweneens rigtinggewende uitsprake ten opsigte van verdere hantering van die konflik gelewer.
- Vanaf 1961 word uitsprake kort en bondig gestel: 'n appèl slaag of slaag nie. In baie gevalle spreek die sinode sy dank teenoor die appèlkommissie uit, maar gee hy geen aanduiding hoe die appellant en/of mindere vergadering met die uitspraak verder moet handel nie.

Gemeet aan die norm vertoon sinode-uitsprake oor appèlle sedert 1961 oor die algemeen ernstige leemtes. Regsondersoeke deur appèlkommissies is deurgaans baie deegliker en meer veelseggend as die uitsprake van die vergadering. Die indruk word gewek dat die kern van die konflik wat tot die appèl aanleiding gegee het, nie die fokuspunt van regspraak is nie⁴⁰². Die indruk word verder gewek dat regsprekende vergaderinge op 'n tegnies-korrekte wyse oor die rapport van 'n appèlkommissie oordeel in stede daarvan om aan die hand van die kommissierapport effektiewe regspraak te lewer wat tot beëindiging van die konflik kan bydra.

By dit alles blyk dit dat sinodes hulle welbewus daarvan weerhou om hulle oor sake van plaaslike kerke en mindere vergaderinge uit te spreek, al word hulle volgens die ordelike weg vir hulp gevra⁴⁰³. Met 'n beroep op Artikel 30 Kerkorde⁴⁰⁴ word sake 'terugverwys' na mindere vergaderinge wat tevore reeds daarvoor geoordeel het en klaarblyklik nie by magte was om die

⁴⁰¹ Sinodes 1982, 1985 en 2003.

⁴⁰² Die fokus by sinodes is deurgaans op die regspraak van die mindere vergadering gerig. Indien 'n appèl slaag is die effek daarvan dus dat die mindere vergadering se uitspraak beoordeel is. Daarmee is die kern van die appèl (die konflik tussen die appellant en sy kerkraad) nog nie aangespreek nie.

⁴⁰³ Sinode 1991 gee 'n broeder gelyk dat hy deur die klassis en die partikuliere sinode verontreg is. Die sinode swyg oor die appellant se dringende versoek om sy 'werklike appèl grondig te ondersoek en uitspraak te lewer' (Acta, 1991:90-95).

⁴⁰⁴ Acta, 1994:116, punt 4

konflik bevredigend aan te spreek nie⁴⁰⁵. Te Velde⁴⁰⁶ verwys na dié wyse van optrede as 'n 'afskuif-refleks'.

5.4.5 Regsherstel

5.4.5.1 Regsherstel: die norm⁴⁰⁷

Regsherstel is 'n gawe van God. Sover dit die mens se verantwoordelikheid in diens van God aangaan is regsherstel die proses wat uitloop op 'n toestand waarin twee partye wat met mekaar in konflik was, tot só 'n mate die konflik oorkom het dat hulle met mekaar versoen raak en weer in harmonie en vrede met mekaar kan saamleef.

Die uitsig op Godgegewe regsherstel moet almal wat by 'n appèlsaak betrokke is met geloofsverwachting vervul. Die appellant, die kerkraad sowel as die regsprekende vergadering mag vir geen oomblik dié één sentrale mikpunt uit die oog verloor nie. In die soeke na regsherstel sal die appellant eers alle ander moontlikhede van konflikoplossing oorweeg alvorens tot appèl of verdere appèl oorgegaan word. 'n Regsprekende vergadering sal nie onnodig met regspraak sloer nie, maar in gehoorsaamheid aan God die onreg haastig aanspreek en uit die weg ruim.

5.4.5.2 Regsherstel: die appèlprosedure aan die norm getoets

In 'n motivering vir 'n beskrywingspunt wat voor Sinode 1985 gedien het, word beklemtoon dat regspraak diensbaar moet wees aan die 'waarheid volgens Gods Woord wat moet seëvier' en 'die reg van beide partye in 'n appèlsaak'⁴⁰⁸.

Die appèlprosedure verwys nêrens in soveel woorde na die uitsig op regsherstel nie.

5.4.5.3 Regsherstel: die praktyk aan die norm getoets

Die appèlkommissie wat die Sinodale Vergadering van 1933 moes adviseer, stel as naskrif by sy rapport: 'Na aanleiding van die advies van die kommissie oor hierdie en ander punte en na aanleiding van die nog bestaande beroeringe en onvrede in die gemeentes van Pretoria en Pretoria Oos gee u kommissie aan die hand dat *die Sinode 'n poging aanwend om voor dat hy*

⁴⁰⁵ Vergelyk die besluit van Sinode 1976 om geen uitspraak oor 'n appèl te lewer nie, maar die hele aangeleentheid in die lig van die bevindings na die betrokke kerkraad terug te verwys (Acta, 1976:225 punt E in samehang met Acta, 1976:223, punt 7). Met sy 'geen uitspraak'-besluit doen die sinode presies waaroor die appellant kla en waarteen sy eie kommissie hom waarsku.

⁴⁰⁶ Te Velde, 1994c:595

⁴⁰⁷ Sien hoofstuk 4.6.5

⁴⁰⁸ Acta, 1985:524-525, artikel 111

uitmekaar gaan vrede hier te bewerkstellig (my beklemtoning – GJM) sonder dat moontlike aanhangige sake daardeur geprejudiseer word en dat daarvoor 'n kommissie deur die Eerw. Sinode benoem word⁴⁰⁹. Die sinode het die advies van die kommissie opgevolg en twee afgevaardigdes benoem wat met die betrokkenes 'samesprekings sal hê vir 'n broederlike oplossing'⁴¹⁰.

Die Sinodale Vergadering van 1945 hanteer 'n brief van 'n broeder en suster, waarin hulle die sinode versoek 'om 'n weg oop te maak waardeur hulle weer kan deel in die gemeenskap met die medegelowiges. Die brief gaan gepaard met 'n appèl, waaroor die sinode reeds uitspraak gedoen het⁴¹¹. Die sinode besluit 'dat op bogemelde brief vriendelik geantwoord sal word dat die weg om tot kerklike gemeenskap toe te tree die plaaslike Kerkraad is'.

By Nasionale Sinode 1985 appelleer drie broeders in verband met die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar wat as kerk in die kerkverband van die GKSA opgeneem word⁴¹². In die appèl word onder andere verwys na onafgehandelde tugsake waaraan in die proses van opname in die kerkverband nie genoegsame en regte aandag geskenk is nie. Die sinode kom tot die slotsom dat die appèl op vyf van die ses punte nie slaag nie, terwyl een appèlgrond goed-gekeur word. Die sinode oordeel voorts dat 'die handhawing van die appèl op hierdie een grond egter nie inhou dat die Klassisbesluit insake die opname van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar in die kerkverband nietig verklaar word nie. Dit hou alleen in dat die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar en die Klassis *met die oog op versoening opnuut aan die 'onskriftuurlike tughandelinge' van 1958 aandag behoort te gee* (my beklemtoning – GJM).

Nasionale Sinode 2003 keur goed dat 'n bepaalde appèlsaak, waarby verskeie individuele lidmate en kerke en klassies betrokke is, nie verder behandel word nie⁴¹³. Hierdie uitspraak volg op die rapport van die appèlkommissie wat na deeglike ondersoek van die saak bevind dat die omvang van die materie van die appèl en die verstrengelde aard daarvan sodanig is dat dit vir die sinode onmoontlik gemaak word om in die tyd tot sy beskikking goeie regspraak te lewer. Bowendien oordeel die appèlkommissie dat 'regspraak in hierdie appèl nie die totale probleem, waarvan dit (die inhoud van die appèl – GJM) maar 'n onder-afdeling is, sal oplos nie. *Vir 'n totale oplossing is versoening tussen botsende partye van grondvlak af noodsaaklik* (my beklemtoning – GJM)⁴¹⁴. Die sinode besluit om die appèl, sowel as die rapport van die

⁴⁰⁹ Acta, 1933:110-111

⁴¹⁰ Acta, 1933:112

⁴¹¹ Acta, 1945:189-191, artikel 243

⁴¹² Acta, 1985:173-178, artikel 54

⁴¹³ Acta, 2003:101, punt 2.2.1

⁴¹⁴ Acta, 2003:101, punte 2.1.1 en 2.1.4

appèlkommissie, na 'n *Synodus Contracta* te verwys. Alle betrokkenes word inmiddels gewys op die plig wat op hulle rus om volgens Matteus 5:23-24 die inisiatief te neem in die soeke na versoening. Voordat die *Synodus Contracta* byeenkom, moet die betrokkenes met mekaar vergader. Die sinode wys vier adviseurs aan wat 'n fasiliteringsrol speel en leiding gee ten einde mee te help om 'n oplossing van probleme te verkry en die partye tot versoening te lei⁴¹⁵.

5.4.5.4 Regsherstel: bevinding

Uit al die sinode-uitsprake oor appèlle wat nagegaan is, is slegs vier uitdruklike verwysings na versoening en regsherstel gevind. Die appèlprosedure verwys nie uitdruklik na die uitsig op regsherstel nie.

Dit op sigself is geen bewys dat daar in die regspraak van die GKSA nie na regsherstel gestreef word nie. Met goeie reg kan aanvaar word dat regspraak binne die geheelkonteks van die Skrif, belydenis en kerkorde tot stigting van die kerke plaasvind. Afgevaardigde lede van regsprekende vergaderinge verbind hulle ooreenkomstig die openlike verklaring tot handeling en besluite wat tot heil en seën van die kerke strek⁴¹⁶.

Met laasgenoemde as basis word bevind dat daar uitdruklik na regsherstel in geval van konflikhantering⁴¹⁷ verwys moet word. Die appèlprosedure moet in dié opsig aangevul word, en regsprekende vergaderinge behoort dit – in ag genome die unieke inhoud van elke appèlsaak – in hulle uitspraak te verwoord.

5.5 LEEMTES EN REMEDIE

In die voorafgaande paragrawe is die appèlprosedure en -praktyk van die GKSA aan die hand van die norme vir regspraak geëvalueer. Bepaalde leemtes is reeds aangedui. In die volgende paragrawe word 'n oorsig oor al die geïdentifiseerde leemtes gegee.

In ag genome die appèlprosedures van ander kerke, wat in paragraaf 5.3 bespreek is, word 'n remedie voorgestel om die gebreke aan te spreek. Sodoende sal tegelyk aangetoon word hoe die norme vir regspraak konkreet in die praktyk toegepas kan en behoort te word.

⁴¹⁵ Acta, 2003:101, punte 2.2.2-2.2.5

⁴¹⁶ GKSA, 1998:85. 'Dit is die wens en bede van bogenoemde sinodale vergadering dat daardeur en deur die werking van die Heilige Gees al die uitverkorenes vergader en al die ware gelowiges in een kerklike gemeenskap verenig word'.

⁴¹⁷ Appèl is in wese niks ander as die geskrewe neerslag van 'n konflik nie (vergelyk hoofstuk 4.5.1). Behandeling van appèl kom gevolglik op konflikhantering neer.

5.5.1 Identifisering van leemtes

Leemtes met betrekking tot die partye

Oor die identifisering, betrokkenheid en ingesteldheid van partye word die volgende bevind:

- Die appèlprosedure is nie duidelik genoeg met betrekking tot die identifisering van die partye wat by die appèl betrokke is nie.
- Geen skerp onderskeid word tussen die partye en die mindere kerklike vergadering wat reeds oor die appèl uitspraak gelewer het, getref nie.
- Kerklike vergaderinge verwys deurgaans na die mindere vergadering as 'n *verweerder* in die saak. Dit versterk die gedagte dat die regter as 'n party in die saak betrek word indien daar teen sy uitspraak geappelleer word.
- Dit is 'n leemte dat beide partye wat by die appèl betrokke is nie persoonlik by die behandeling daarvan teenwoordig *moet* wees nie.
- Omdat appèl meestal met diepgaande geloofsoortuigings en intense gevoelens gepaard gaan, is dit 'n gebrek dat die appèlprosedure niks oor die ingesteldheid van die appellant en die ander party vermeld nie.

Leemtes met betrekking tot die appèlskrif

Oor die vorm en inhoud van die appèlskrif en die appèlgronde wat aangevoer word, word bevind:

- Geen riglyne bestaan vir die appellant waarvolgens hy sy appèlskrif in 'n geskikte vorm behoort te giet nie.
- Onduidelikheid bestaan oor die gronde waarop 'n appèlskrif moet rus. Kan daar ander gronde vir verongelyking as die Skrif, die belydenis of die kerkorde wees?

Leemtes met betrekking tot die regter

Oor die regsprekende vergadering en die appèlkommissie wat die vergadering adviseer word bevind:

- Geen duidelikheid bestaan oor die posisie en taak van appèldeputate nie, veral nie oor die vraag of appèldeputate afhandelingsbevoegdheid kan hê nie.

Leemtes met betrekking tot regspraak

Oor die ontvanklikheid en ondersoek ván en uitspraak óór 'n appèl word bevind:

- Bestaande ontvanklikheidskriteria vir appèlle is eensydig en daarom onvoldoende. Goeie regsgang vereis dat appèlle formeel sowel as inhoudelik vir ontvanklikheid getoets word.
- Geen reëls bestaan vir die wyse waarop 'n regsprekende vergadering sy besluit oor onontvanklikheid verwoord, motiveer en aan die appellant beskikbaar stel nie.
- Die appèlprosedure is karig wat betref die wyse waarop 'n appèl ondersoek behoort te word. Reëls waaraan 'n regsondersoek moet voldoen, asook reëls vir regsinding is twee wesenlike elemente wat nie daarin voorkom nie.
- Die feit dat die appèlprosedure swyg oor die wyse waarop 'n regsuitspraak geformuleer behoort te word, word as 'n ernstige leemte beskou.
- Dié leemte kom nie net in die prosedure voor nie, maar ook in die praktyk. Op enkele uitsonderings na volstaan kerklike vergaderinge met 'n bondige besluit dat 'n appèl slaag of nie slaag nie – asof daarmee reggespreek is.

Leemtes met betrekking tot regsherstel

Oor die soeke na regsherstel word bevind:

- Dit is 'n wesenlike leemte dat die appèlprosedure nie uitdruklik na die uitsig op en aktiewe soeke na regsherstel verwys nie.
- Dié leemte reflekteer in die bondige besluite wat kerklike vergaderinge deurgaans oor appèlsake neem.

Opmerking

In 1924 is met leedwese opgemerk dat daar nie minder nie as vyf appèlsake en een beswaarskrif op die agenda van die meerdere vergadering dien⁴¹⁸. Dit behoort 'n groter bron van leedwese en kommer te wees dat daar vier appèlle en twintig beswaarskrifte⁴¹⁹, ses appèlle en dertien beswaarskrifte⁴²⁰, sestien appèlle en sewe beswaarskrifte⁴²¹, nege appèlle en twee-en-twintig beswaarskrifte⁴²², vyf appèlle en ses-en-twintig beswaarskrifte⁴²³ op die tafels van onderskeie sinodes lê. Die bron van kommer neem verder toe as in ag geneem word dat een saak deur twee sinodes (ten minste ses jaar) behandel moet word⁴²⁴ en 'n ander saak oor drie sinodes (ten minste nege jaar) strek⁴²⁵.

⁴¹⁸ Acta, 1924:65

⁴¹⁹ Acta, 1994:6

⁴²⁰ Acta, 1997:i-ii

⁴²¹ Acta, 2000:ii

⁴²² Acta, 2003:iii-iv

⁴²³ Aanvullende agenda, 2006:i-ii

⁴²⁴ Acta, 2003:62-72; Notule, 2006:38, artikel 193

⁴²⁵ Acta, 1988:565-569; Acta, 1991:77-87; Acta, 1994:55-72

Die oorsaak vir die toename in die getal regsake en die langdurige voortsleep daarvan kan legio wees. Ongeag daarvan dwing die statistieke die kerke eerlikheidshalwe terug na hulle wyse van regspraak.

Met hierdie studie word bevind dat 'n gebrekkige appèlprosedure en -praktyk tot vermeerdering van onreg kan lei in stede daarvan dat onreg reggestel en tot herstel van vrede bygedra word.

5.5.2 Remedie: handhawing van die norm in die praktyk

5.5.2.1 Norm en prosedure

In die Gereformeerde kerkreg word deurgaans gepoog om nie die gelowiges se geloofslewe deur allerlei reglementeringe te blus nie⁴²⁶. Op goeie gronde word die gevaar van oor-reglementering van die kerklike lewe, waaronder kerklike appèl, uitgewys⁴²⁷. In praktyk werk oor-reglementering wettisisme, kasuïstiek en uiteindelik dooie formalisme in die hand.

Lynreg teenoor die gevaar van *oor*-reglementering bestaan die gevaar van *onder*-reglementering. Reg is van nature formeel van aard⁴²⁸. Daar is vaste Godgegewe vorms, waaraan die reg gebonde is en waardeur dit bepaal word. Dié vorms, wat in die Skrif opgeteken is, moet ter wille van goeie regsgang in konkreet-toepaslike reëls *hic et nunc* geformuleer word. Duidelike reëls voorkom verwarring, onsekerheid, skade en eventuele vermeerdering van onreg⁴²⁹. Vaslegging van enkele elementêre reëls vir 'n sorgvuldige regsgang is welkome hulpmiddels om die eintlike werk, die herstel van reg en vrede, des te beter en effektiewer te doen⁴³⁰.

Tussen die gevaar van *oor*-reglementering enersyds en die gevaar van *onder*-reglementering andersyds moet 'n suiwer balans tussen norm en prosedure gevind word. In die soeke na en handhawing van balans geld Artikel 32 NGB as vertrekpunt: 'al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, moet regeerders van die kerk noukeurig oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie. Daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens te bind en daardeur te dwing. Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om

⁴²⁶ Sien hoofstuk 4.4.3.1

⁴²⁷ Jonker, 1965:14; Smit, 1984a:103; Smit, 1987:23; Van Dellen en Monsma, 1954:142

⁴²⁸ Rutgers, 1894:17

⁴²⁹ Te Velde, 1997:58; Haitsma *ea.*, 2002a:8

⁴³⁰ Te Velde, 1994b:583

eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou ...'.

Daarby moet in gedagte gehou word dat die kerke met die formulering en vasstelling van reëlins só te werk behoort te gaan dat hulle⁴³¹:

- die gewetens altyd vrylaat;
- alle bepalings altyd met die goeie orde in verband bring;
- God se ordinansies altyd onvoorwaardelik op die voorgrond stel;
- hulle aan die Woord van God hou – as dit moet selfs teenoor alle kerklike ordeninge en beslissings.

5.5.2.2 Die norm in praktyk

Op die basis van bogenoemde behoort 'n diensbare appèlprosedure sekere noodsaaklike elemente te bevat. Ooreenkomstig die indeling waarvan deurlopend in hierdie studie gebruik gemaak is, word dié elemente agtereenvolgens genoem⁴³².

Die partye

'n Appèlprosedure behoort:

- duidelik te stel wie die partye is wat by die appèl betrokke is. Dat die mindere kerklike vergadering wat reeds oor 'n appèl uitspraak gelewer het geen party in 'n voortgaande appèlsaak word nie, moet eweneens duidelik verwoord word;
- korrekte terminologie vir elke party asook vir die betrokke mindere vergaderinge te bevat. Appellant (eerste party in die saak), respondent (tweede party in die saak) en toeligter (gevolmagtigdes van die mindere vergadering wat reeds uitspraak gelewer het) kan as terme oorweeg word;
- as vereiste te stel dat beide partye wat by die appèl betrokke is persoonlik by die behandeling daarvan teenwoordig sal wees;
- Skrifgefundeerde rigtingwysers oor die ingesteldheid van die appellant en die ander party te bevat;
- die plek van die 'derde' in die appèlsaak te definieer, en te beskryf hoe daar met die 'derde' gehandel word.

⁴³¹ Rutgers, 1894:25

⁴³² Die sintese van hoofstuk 4.6 gee 'n breër perspektief op die elemente wat in hierdie paragraaf slegs puntsgewys genoem word.

Die appèl

'n Appèlprosedure behoort:

- uiteen te sit wat die 'verongelyking' van Artikel 31 KO behels;
- die verongelykte op die weg van Matteus 18 as *voorwaarde* vir konfliktoplossing te wys, alvorens tot appèl oorgegaan mag word;
- die verongelykte op arbitrasie, mediasie en visitasie as *alternatiewe* vir konfliktoplossing te wys om die aangaan van 'n appèlsaak te voorkom;
- die formele minimum-vereistes vir 'n appèlskrif weer te gee⁴³³;
- die gronde vir 'n appèlskrif – die Skrif, die belydenis of die kerkorde – uitdruklik te noem;
- riglyne te bevat waarvolgens die appellant sy appèlskrif in 'n geskikte vorm kan giet. Ter wille van 'n effektiewe regspraak en regspraak is dit aan te beveel dat 'n appèlskrif materiële en formele gronde bevat, wat duidelik van mekaar onderskei word.

Die regter

'n Appèlprosedure behoort:

- die posisie, taak en bevoegdheid van 'n appèlkommissie en/of -deputate – wat die regsprekende vergadering in hulle regspraak moet help – uit te spel.

Regspraak

'n Appèlprosedure behoort:

- duidelike ontvanklikheidskriteria, waarin appèlle formeel sowel as inhoudelik vir ontvanklikheid getoets word, neer te lê;
- reëls vir verlof tot appèl te bevat;
- te bepaal hoe 'n regsprekende vergadering sy besluit oor óntvanklikheid verwoord, motiveer en aan die appellant beskikbaar stel;
- reëls waaraan 'n regsondersoek moet voldoen, asook reëls vir regsinding neer te lê;
- te bepaal hoe die regsuitspraak met die oog op regsherstel geformuleer word, onder andere hoe die implikasies en praktiese konsekwensies van die uitspraak verwoord word.

⁴³³ Onder formele minimum-vereistes tel die tyd waarbinne kennis van appèl gegee word, asook die woordelike weergee van die besluit waarteen geappelleer word. Dit sal verder nuttig wees om prosedureel vas te stel in watter formaat (verkieklik elektronies en 'n harde kopie wat onderteken is) die appèlskrif ingedien moet word.

Regsherstel

'n Appèlprosedure behoort:

- uitdruklik na die uitsig op en aktiewe soeke na regsherstel te verwys;
- alle betrokkenes by die appèl op te roep en daartoe te verbind om hulle vir regsherstel te beywer.

5.5.2.3 Redaksie van Artikel 31 KO

In paragraaf 5.2.2.1 is beskryf watter redaksionele wysigings Artikel 31 KO in die GKSA ondergaan het.

In dié proses het twee wesentliche veranderinge ingetree:

- die orde van die twee heterogene beginsels wat in die artikel verwoord word, is omgekeer;
- bepaalde terme is anders weergegee as wat dit in die Dordtse Kerkorde vasgestel is.

Dit val buite die bestek van die studie om op die volgorde van die twee onderdele van Artikel 31 KO in te gaan. Daar word volstaan met die opmerkings wat hieroor met betrekking tot die Middelburgse Kerkorde van 1581⁴³⁴ gemaak is.

In navolging van Artikel 31 Dordtse Kerkorde word die volgende bewoording aan die hand gedoen⁴³⁵:

As iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep. Besluite wat met meerderheid van stemme geneem is, sal vir vas en bindend gehou word, tensy bewys word dat dit met die Woord van God, die belydenis of die geldende kerkorde in stryd is.

⁴³⁴ Sien hoofstuk 3.5.2.4

⁴³⁵ Vergelyk Meijer, 1995:182